Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

SAAMWOON VOOR DIE HUWELIK:
’N TEOLOGIES-ETIESE BEOORDELING

J.G. NOËTH

2005

SAAMWOON VOOR DIE HUWELIK:
’N TEOLOGIES-ETIESE BEOORDELING

J**OHANNES G**EORG Noëth

B.A., Th.B., Honns. B.A.

Verhandeling voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Theologiae Magister in Etiek aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus.

Studieleier : Prof. P.J. de Bruyn

Potchefstroom

2005

DANKBETUIGING

"Amen! Die lof en die heerlikheid,
die wysheid, die dank en die eer,
die mag en die sterkte behoort
aan ons God tot in alle ewigheid. Amen!"
(Openbaring 7:12)

Met hierdie woorde dank ek **God** aan die einde van hierdie studie vir Sy genade. Aan Hom alleen die eer!

Prof. P.J. de Bruyn het my op 'n besondere wyse bygestaan en begelei. Ek bedank hom graag vir sy ondersteuning, wyse raad, geduld, belangstelling en aanmoediging. Sy wetenskaplike deeglikheid en waardevolle raad het vir my geweldig baie beteken. 'n Besondere woord van dank vir sy emosionele en geestelike ondersteuning gedurende die laaste jaar van hierdie studie.

Me. L. de Bruyn het vir my die tegniese en taalversorging behartig. Baie dankie daarvoor. Ek bedank ook graag **die personeel** van die Ferdinand Postma Biblioteek en die Jan Lion-Cachet Biblioteek wat altyd vriendelik en flink gehelp het. 'n Spesiale woord van dank aan **me. Gerda van Rooyen** vir haar hulp met die kontrolering van die bronnelys.

Die aanmoediging en ondersteuning van **die kerkraad en gemeente** van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad sal my altyd bybly. My opregte dank daarvoor.

Ek is baie dank verskuldig aan **my ouers, broer, skoonmoeder en wyle my skoonvader** vir alles wat hulle vir my deur al my studiejare beteken het.

Ek bedank graag ons drie **kinders** (Henning, Marli en Hanri) vir hulle geduld en begrip. Hulle liefde het my baie gemotiveer.

'n Woord van dank aan my vrou, **Rina**, sonder wie se hulp en ondersteuning die voltooiing van hierdie studie nie moontlik sou wees nie. *Ek dra dan ook graag hierdie studie aan haar op.*

My bede is dat hierdie studie diensbaar mag wees in God se koninkryk.

Wolmaransstad
2005

OPSOMMING

SAAMWOON VOOR DIE HUWELIK:
’N TEOLOGIES-ETIESE BEOORDELING

In hoofstuk 1 word die probleem geformuleer wat in hierdie studie ondersoek word. Dit kom daarop neer dat daar tans, ook in die kerke met oorwegend blanke lidmate, uiteenlopende standpunte oor saamwoon voor die huwelik is. Dit wissel van ’n besliste afwysing daarvan tot ’n *de facto* goedkeuring daarvan. In die lig daarvan word in hierdie studie nagevors hoe daar in die lig van die Skrif oor saamwoon voor die huwelik geoordeel moet word.

In hoofstuk 2 word aangedui wat die wese en doel van die Christelike huwelik is. Daaruit word dit duidelik dat dit God se wil is dat geslagsgemeenskap slegs binne die huwelik mag plaasvind.

In hoofstuk 3 word aandag gegee aan die vernaamste oorsake vir saamwoon voor die huwelik. Daar word bevind dat as al die oorsake in hulle onderlinge wisselwerking in berekening gebring word, daar ’n besondere gunstige infrastruktuur vir saamwoon geskep is en mense ook sterk beïnvloed word om wel saam te woon.

In hoofstuk 4 word die praktyk van saamwoon beoordeel aan die hand van agt van die nege sosiaal-etiese norme wat deur Heyns in die lig van die Skrif geformuleer is en deur Steensma as normatiewe gesigspunte aangewend is. Daar word bevind dat saamwoon in stryd is met al agt sosiaal-etiese norme. Ook word bevind dat saamwoon dikwels nie op ’n huwelik uitloop nie, en indien dit wel op ’n huwelik uitloop, is dit geen waarborg dat die huwelik gelukkig sal wees en nie in ’n egskeidingshof sal beland nie.

In hoofstuk 5 word eers ‘n samevatting gegee van die probleemstelling en die bevindings in die vorige vier hoofstukke. Daarna word ‘n gevolgtrekking gemaak oor saamwoon in die lig van die Skrif, naamlik dat dit in stryd is met

die wil van God. In die derde afdeling word riglyne aangedui met die oog op die pastorale begeleiding van mense wat saamwoon of beoog om saam te woon. Ten slotte word die rol van die owerheid en onderwerpe vir verdere studie oor saamwoon aangedui.

Kernwoorde vir indeksering:

Geslagsgemeenskap
Huwelik
Huweliksdatum
Liefde
Proefhuwelik
Saamwoon
Seks
Trou.

ABSTRACT

COHABITATION BEFORE MARRIAGE: A THEOLOGICAL ETHICAL ADJUDICATION

The problem that is studied is formulated in chapter 1. It boils down to the fact that nowadays, also in churches with mainly white congregations, there are different viewpoints on living together. It varies from a direct rejection to a *de facto* acceptance. In view of this research is done for the purpose of assessing cohabitation according to Scriptures.

In chapter 2 the essense and purpose of the Christian marriage are portrayed. It becomes clear that it is God's will that sexual intercourse may only take place inside the marriage.

In chaper 3 the main reasons for cohabitation are examined. It is found that if all the causes are considered in their close relationship with each other, a favourable infrastructure for living together is created and people are strongly influenced to live together.

The practice of cohabitation is evaluated in chapter 4 by using 8 of the 9 social ethical norms formulated by Heyns in the light of Scriptures and applied by Steensma as normatve viewpoints. It is found that cohabiting is at variance with all eight social ethical norms. It is also found that living together doesn't always result in marriage, and if it results in marriage, there is no gaurantee that the marriage will suceed and will not end up in at court of divorce.

In chapter 5 a summary is given of the problem identification and the results of the previous 4 chapters. Then a conclusion is made about cohabitation in the light of Scriptures, namely that it is in conflict with the will of God. In the

third section guidelines are given for the purpose of pastoral guidance towards people who cohabit or plan to do so. The role of the government and topics for further studies about cohabitation are also given.

Key words for indexing:

Cohabitation
Conception
Date of marriage
Living together
Love
Marriage
Sex
Trial marriage
Troth.

INHOUD

SAAMWOON VOOR DIE HUWELIK:

’N TEOLOGIES-ETIESE BEOORDELING

OPSOMMING i

ABSTRACT iii

HOOFSTUK 1

1. INLEIDING 1

1.1 OBJEK VAN STUDIE 1

1.2 PROBLEEMSTELLING 2

Afbakening van studie 5

1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE 9

1.3.1 Doelstelling 9

1.3.2 Doelwitte 9

1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 10

1.5 METODE 10

1.6 HOOFSTUKINDELING 11

2. DIE WESE EN DOEL VAN DIE HUWELIK 12

2.1 INLEIDING 12

2.2 DIE WESE VAN DIE HUWELIK 13

2.2.1 Inleidend 13

2.2.2 Die huwelik is ‘n instelling van God 13

2.2.2.1 Inleidend 13

2.2.2.2 Die belangrikheid van Genesis 2:24 13

2.2.2.3 Formele aspekte 14

2.2.2.3.1 Die Outeur 14

2.2.2.3.2 Mededeling of voorskrif? 14

2.2.2.4 Die inhoud van Genesis 2:24 15

2.2.2.5 Gevolgtrekking 16
2.2.3 Die huwelik is ’n monogame, lewenslange verbintenis tussen ’n man en ’n vrou 17
2.2.3.1 Inleidend 17
2.2.3.2 Die huwelik is tussen ‘n man en ‘n vrou 17
2.2.3.3 Die huwelik is lewenslank 18
2.2.3.4 Die huwelik is monogaam 19
2.2.3.5 Samevatting 19
2.2.4 Die huwelik is die innigste verbintenis 20
2.2.4.1 ‘n Nuwe eenheid ontstaan 20
2.2.4.2 Geestelike eenheid 20
2.2.4.3 Liggaamlike eenheid 21
2.2.4.4 Samevatting 22
2.2.5 Die huwelik is ‘n verbintenis deur liefde en trou 22
2.2.5.1 Inleidend 22
2.2.5.2 Liefde 22
2.2.5.3 Trou 27
Hosea 2:19 28
Maleagi 2:14 29
2.2.5.4 Geloof 30
2.2.5.5 Samevatting 31
2.2.6 Die huwelik beeld die verbintenis tussen Christus en sy gemeente uit 31
2.2.7 Samevatting 33
2.3 DIE DOEL VAN DIE HUWELIK 34
2.3.1 Inleidend 34
2.3.2 God moet in die huwelik geëer word 34
2.3.3 Man en vrou moet vir mekaar tot hulp wees 35
2.3.4 Die huwelik dien as plek om kinders voort te bring en op te voed 36
2.3.4.1 Inleidend 36
2.3.4.2 Die vermeerdering van die menslike geslag 36
2.3.4.3 Die opvoeding van kinders in die huwelik 37
2.3.5 Die huwelik dien as beskerming teen ontug 37
2.3.6 Man en vrou moet vir mekaar kamerade wees 39
2.3.7 Samevatting 41
2.4 HOOFSTUKSAMEVATTING 41
3. SAAMWOON AS VERSKYNSEL EN DIE OORSAKE DAARVAN . 43

3.1 INLEIDING....43
3.2 SAAMWOON AS MODERNE VERSKYNSEL....43
3.3 OORSAKE VAN SAAMWOON....45
3.3.1 Inleidend....45
3.3.2 Verswakking van die Christelike geloof....46
3.3.3 Die seksuele revolusie....48
3.3.4 Die postmodernisme as oorsaak....50
Wat is die postmodernisme?....50
3.3.5 Die Westerse individualisme as oorsaak....56
3.3.6 Maatskaplike oorsake....59
3.3.7 Die botsing van pligte....62
3.4 SAMEVATTING....63
4. SAAMWOON TEOLOGIES-ETIES BEOORDEEL....65
4.1 INLEIDING....65
4.2 GEHOORSAAMHEID....66
4.2.1 Gehoorsaamheid as sosiaal-etiese norm....66
4.2.2 Gehoorsaamheid as sosiaal-etiese norm toegepas op ‘n saamwoonverhouding....67
4.2.2.1 Die getuienis van die Skrif....68
4.2.2.2 Die huwelik as plek vir geslagsgemeenskap....68
4.2.2.3 Verlowingstydperk....70
4.2.2.3.1 Matteus 1:18-25....70
4.2.2.3.2 1 Korintiërs 7:36....72
4.2.2.3.3 2 Korintiërs 11:2....73
4.2.2.4 Voor-/buitehuwelikse geslagsgemeenskap is ‘n oortreding van die sewende gebod....74
4.2.2.5 Saamwoon in die lig van die doel van die huwelik....74
4.2.2.6 Voorlopige samevatting....76
4.2.2.7 Argumente ten gunste van saamwoon....77
4.2.2.7.1 Saamwoon is ‘n verbreding van die huidige moraal....77
4.2.2.7.2 Die huweliksdatum....79
4.2.2.7.3 Die huweliksertifikaat....81
4.2.3 Samevatting....82
4.3 LIEFDE....82
4.3.1 Liefde as sosiaal-etiese norm....82
4.3.2 Liefde as sosiaal-etiese norm toegepas op ‘n saamwoonverhouding....83
4.3.3 Samevattend....87
4.4 EERBIED VIR DIE MENSLIKE PERSOON....87

4.4.1 Eerbied as sosiaal-etiese norm....87
4.4.2 Eerbied as sosiaal-etiese norm toegepas op ‘n saamwoonverhouding....89
4.4.3 Samevattend....91
4.5 GEREGTIGHEID....91
4.5.1 Geregtigheid as sosiaal-etiese norm....91
4.5.2 Geregtigheid as sosiaal-etiese norm toegepas op ‘n saamwoonverhouding....93
4.5.2.1 Saamwoon as struktuur getoets....93
4.5.3 Argumente ten gunste van saamwoon....95
4.5.3.1 Die huwelik en saamwoon as vorm en norm....95
4.5.3.2 Saamwoon as proefhuwelik....97
4.5.4 Samevattend....100
4.6 WAARHEID....100
4.6.1 Waarheid as sosiaal-etiese norm....100
4.6.2 Waarheid as sosiaal-etiese norm toegepas op ‘n saamwoonverhouding....101
4.6.2.1 Waarheid en trou ontbreek....102
4.6.2.2 Hulle lewe in ‘n pseudo-houding....104
4.6.2.3 Gepaste wedersydse kritiek ontbreek....105
4.6.2.4 Geen ware kommunikasie nie....106
4.6.3 Samevattend....107
4.7 GESAG EN MAG....108
4.7.1 Gesag en mag as sosiaal-etiese norm....108
4.7.2 Gesag en mag as sosiaal-etiese norm toegepas op ’n saamwoonverhouding....109
4.7.2.1 Goddelike gesag en mag....109
4.7.2.2 Strukturele gesag en mag....110
4.7.2.3 Persoonlike gesag en mag....112
4.7.3 Samevattend....113
4.8 VRYHEID....114
4.8.1 Vryheid as sosiaal-etiese norm....114
4.8.2 Vryheid as sosiaal-etiese norm toegepas op ’n saamwoonverhouding....115
4.8.3 Samevatting....117
4.9 HOOP....117
4.9.1 Hoop as sosiaal-etiese norm....117
4.9.2 Hoop as sosiaal-etiese norm toegepas op ’n saamwoonverhouding....118
4.9.3 Samevatting....121
4.10 SAMEVATTING VAN SOSIAAL-ETIESE NORME....121

5. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN RIGLYNE VIR DIE PRAKTYK 122

5.1 INLEIDING 122
5.2 SAMEVATTING 122
5.3 GEVOLGTREKKING 123
5.4 RIGLYNE VIR DIE PRAKTYK 123
5.4.1 Inleidend 123
5.4.2 Tree op met die regte gesindheid 124
5.4.3 By ’n botsing van pligte 124
5.4.4 Bespreek die sosiaal-etiese norme 125
5.4.5 Lei hulle op die pad van versoening 125
5.4.5.1 Inleidend 125
5.4.5.2 Versoening volgens die Skrif 126
5.4.5.3 Versoening as proses toegepas op ‘n saamwoonverhouding 127
5.4.5.3.1 Versoening en konflik 127
5.4.5.3.2 Die realisering van versoening 129
5.4.5.4 Samevattend 133
5.4.6 Hulp aan ouer persone/pensioenarisse 134
5.5 DIE ROL VAN DIE OWERHEID 135
5.6 VERDERE STUDIE OOR DIE ONDERWERP 136

BRONNELYS 137

HOOFSTUK 1

1. INLEIDING

1.1 OBJEK VAN STUDIE

In hierdie studie word gehandel oor die praktyk wat bekend staan as die saamwoon van ongetroudes met die doel om dit teologies-eties te beoordeel.

Sleutelterme:

Enkele terme in die titel van die verhandeling verdien nadere toeligting.

Saamwoon: "Onder saamwoon word verstaan dat 'n man en 'n vrou wat nie getroud is nie, in dieselfde wooneenheid bly asof hulle getroud is en, soos in die huwelik, ook gereeld geslagsgemeenskap het" (De Bruyn, 2002:148). Die Kansas Bishops (1998:2) definieer saamwoon enigsins anders as hulle sê: "Cohabitation (is) a situation where a couple has been living together for at least four nigths a week for an extended period of time, giving the appearance, at least externally, that they have formed a quasimarriage relationship." Hoewel hulle in definisie van saamwoon nie melding maak van seksuele verkeer nie, doen hulle dit wel in hulle verduideliking van die definisie as hulle van twee wat saamwoon sê: "They have very often developed a strong sexual dependency" (Kansas Bishops, 1998:3; vgl. ook die definisie van Johnson, 1999:1). Indien 'n man en 'n vrou of 'n jongman en meisie in dieselfde woonplek bly sonder enige seksuele omgang met mekaar, is dit 'n ander vorm van saamwoon waaroor ***nie*** in hierdie studie gehandel word nie.

Huwelik: "Onder huwelik word verstaan 'n wettige verbintenis tussen twee persone van teenoorgestelde geslag om lewenslank as man en vrou saam te leef" (HAT, 1992:424).

Hierdie definisie van die huwelik dui meer op die staatkundige aspekte van die huwelik. In hierdie studie word, sonder om telkens daarna te verwys, die Christelike huwelik bedoel as daar van die huwelik gepraat word – tensy anders vermeld. Dan word huwelik as volg gedefinieer: "Die huwelik is 'n instelling van God waardeur één man en één vrou op die innigste denkbare wyse lewenslank deur liefde en trou tot 'n twee-eenheid aan mekaar verbind word, en wel op so 'n wyse dat in hulle verhouding die verhouding tussen Christus en sy gemeente afgebeeld word" (De Bruyn, 2002:163).[1]

Teologies-eties: Met 'n teologies-etiese beoordeling word bedoel dat genoemde praktyk van saamwoon beoordeel sal word in die lig van die Skrif en die gereformeerde belydenisskrifte wat daarop gegrond is.

1953-Bybelvertaling:
Vir die doel van hierdie studie word die 1953 Afrikaanse vertaling as basis gebruik.
Waar die 1983-vertaling in die studie gebruik word, sal dit duidelik aangetoon word.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die huwelik wat in die Christelike kerk as instelling van God beskou is (Gen. 2:24, Matt. 19:4-6, Ef. 5:31), word in die jongste tyd in 'n samelewing wat steeds meer sekulêr word, al hoe meer beskou as net 'n blote, onnodige formaliteit. Dié

[1] Hierdie definisie van die huwelik moet beskou word in die lig van die fokus van die studie soos aangedui in die gegewens onder die opskrif **Afbakening van die studie** (sien p. 5).

beskouing baan die weg vir óf die opsyskuif van die huwelik (wat dan daartoe lei dat persone begin saamwoon), óf die vertraging van die huweliksproses, aangesien die betrokkenes eers vir ‘n tyd lank saamwoon voor hulle trou. Die probleem word vererger deurdat sekere Christene en teoloë die afwysing van saamwoon op grond van die Skrif as te eng beskou.

Dreyer (2000:6) skryf soos volg hieroor: “Ek het ‘n vermoede dat die probleem nie by God en die Bybel gesoek hoef te word nie, maar dalk eerder by mensgemaakte sisteme, reëls en regulasies wat verouderd geraak het. Natuurlik is dit alles gebaseer op die Bybel: dit is hoe mense die Bybel in ‘n spesifieke tyd en omstandighede vir hulle lewenspraktyk verstaan het. Maar tye, omstandighede en lewenspraktyke verander. Dit vra dat daar nuut gekyk en geluister moet word na die Bybel. Is seksuele eksklusiwiteit slegs binne ‘n huwelikstruktuur vir die Bybel (en vir God) so ‘n belangrike morele saak as wat dit gemaak is?”

Dreyer (2000:6) verklaar verder: “Saamblyers sluit gelowiges in – kerkmense, ouderlinge, diakens, skribas, orreliste en allerlei ‘amptenare’ van kerke. Sommige van die mense meen dat hulle saamblysituasie nie hulle verhouding met God op enige manier kompromitteer nie. Ander ervaar ‘n verleentheid, maar meer teenoor mense as voor God.”

“Miskien kan daar in ons tyd eerder gefokus word op die inhoud en etiese effek van verhoudings as op uiterlike vorme en strukture, reëls en regulasies” (Dreyer, 2000:6).

Voorts kan ook verwys word na Van der Berg (1982:184) wat pleit “vir ‘n **verbreding** van die uitgangspunt van die huidige moraal, naamlik van die monogame huwelik na die eengeworde liefdesrelasie as uitgangspunt vir ‘n

Christelike moraal (‘een vlees-verhouding’ volgens die Skrif) wat reeds voor die huwelik kan begin en dan beslis op die huwelik uitloop”.

In dieselfde groep as Van der Berg (1982) staan Spronk (1988). Die skryfster (Spronk, 1988:93) beweer dat die huwelik en saamwoon twee gelykwaardige verhoudingsvorme is: beide het ‘n bestaansreg.

Volgens onlangse artikels in populêre tydskrifte is daar sterk steun vir bogenoemde standpunte. So begin ‘n artikel oor die huwelik in *Huisgenoot* (Loubser, 1999:10): “Sê totsiens aan die huwelik soos ons dit ken. Dié instelling is op die afdraande pad, meen sosioloë. Dit gaan waarskynlik skaars die 21ste eeu oorleef.” Verder word beweer: “In die jare vorentoe gaan al minder mense trou, totdat net so 30 persent die groot stap sal neem.”

Alhoewel daar nie na bogenoemde verwys word as ‘n wetenskaplike bron nie, is dit belangrik om daarop te let dat daar nie meer geskroom word om die huwelik as instelling as onbelangrik te beskou nie.

Onlangs het die noodsaak van ernstige besinning oor saamwoon indirek ook na vore gekom in ‘n gespreksdokument wat voor die sinode van die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland gedien het. Daarin word verklaar: “Sommige teoloë en leraars bevraagteken die standpunt dat die Bybel ‘n absolute verbod op seks tussen twee ongetroude mense plaas” (NG Kerk, 2003:2; vgl. ook Jackson, 2003:13).

Teenoor bogenoemde beskouings is daar die beskouing wat saamwoon voor die huwelik juis op grond van die Skrif ten sterkste veroordeel (vgl. De Bruyn, 2002:148-152; vgl. ook Smit, 1981:32). In die lig van uitsprake van Paulus sê Smedes (1976:130) van geslagsgemeenskap voor die huwelik soos dit ook in saamwoon voor die huwelik voorkom: “It is wrong because it violates the inner

reality of the act; is is wrong because unmarried people thereby engage in a life-uniting act without a life-uniting intent. Whenever two people copulate without a commitment to life-union, they commit fornication." (Vgl. ook Jenkins, 1995:238.)

Stafford (1998:37) is dieselfde mening toegedaan en verklaar: "So what is God's view of sex? Simple: Sex is wonderful within marriage. Outside of marriage it's an offense to the inventor." Dit geld vanselfsprekend ook vir saamwoon voor die huwelik.

Hierdie siening word ook aangetref by die Kansas Bishops (1998) in 'n pastorale brief wat hulle geskryf het aan pare wat saamwoon en aan diegene wat hulle moet begelei na die huwelik. Hulle skryf (1998:5,6): "Premarital sexual intercourse deprives the conjugal act of the deeper meaning that God created it to contain. There is not a total giving of self in premarital sexual relations as there ought to be in the sexual act of husband and wife. It is seriously morally wrong for two people to have sex if they are not married, becuase the sexual act expresses a total commitment which the couple does not yet have."

Afbakening van studie

Die inheemse reg van Suid-Afrikaanse volke en hulle kulturele praktyke dui daarop dat studie rondom saamwoon voor die huwelik ook by sulke groepe dringend noodsaaklik is, veral ook vanuit 'n teologies-etiese perspektief.

So kom saamwoon byvoorbeeld voor by verskeie swart bevolkingsgroepe onder wie die sogenaamde *lobolo*stelsel[2] in gebruik is. Volgens hierdie stelsel moet die man die prys (*ikhazi)* vir sy vrou aan haar ouers betaal voor hy met haar kan trou

[2] In hierdie studie word verwys na die *lobolo*stelsel en dit word soos volg gedefineer (Suid-Afrika, 2004:174-175): **"Lobolo means the property in cash or in kind, whether known as *lobolo, bogadi, bohali, xuma, lumalo, thaka, ikhazi, magedi, emabheka* or by any other name, which a prospective husband or the head of his family undertakes to give to the head of the prospective wife's family in consideration of a customary marriage."**

(Pretorius, 1977:55). Aangesien die prys soms redelik hoog is en die man dit nie dadelik ten volle kan betaal nie, lei dit daartoe dat die man en vrou dan saamwoon voor die huwelik (Pretorius, 1977:99). Die vraag word meer kompleks wanneer daar gevra word of so ‘n inheemse huwelik ‘n wettige huwelik is. Daaroor word veral in die regswêreld geworstel. Dlamini (1989:408) skryf juis dat “for a customary marriage, although recognized as such, is not regarded by the courts of the land as a legal marriage.” Hy (Dlamini, 1989:409) vind dit ook problematies dat die inheemse huwelike moet kompeteer met wettige huwelike. Dlamini (1989:409) skryf dat “the courts have wrongly evaluated a customary marriage in terms of a civil marriage, and have superimposed white values on the black community. When *lobolo* is attached to a civil marriage it presents problems”. Op sigself bring die *lobolo*-praktyk heelwat vraagstukke na vore (vgl. Labuschagne, 1991a:844). Veral uit regsoogpunt veroorsaak die inheemse huwelike, praktyke en gebruike groot krisisse.[3]

Labuschagne (1991b:542 e.v.) toon duidelik die ontwikkeling aan van die betekenis van *lobolo* sedert die vroegste tye tot vandag. Hy (Labuschagne, 1991b:548) wys ook op verskillende funksies wat die *lobolo*-sisteem met betrekking tot die huwelik het. Maar dan sê hy ook: “Inligting dui daarop dat *lobolo* hedendaags ‘n oordrewe ekonomiese kleur aangeneem het. Die bedrae wat as *lobolo* gevra word, is so groot dat die man ‘n geruime tyd neem om dit bymekaar te maak. ***Dit vertraag huweliksluiting en bevorder saamwoon buite huweliksverband*”** (my kursivering – JGN) (Labuschagne, 1991b:550).

Deur wetgewing (Suid-Afrika, 2004) is gepoog om die saak rondom inheemse huwelike aan te spreek. Hierdie wet “gives recognition to customary marriages,

[3] Uit regsoogpunt gesien is die doktorale proefskrif van T. Schwellnus (1994) van uiterste belang. Haar studie het as titel “The Legal Implications of Cohabitation in South Africa – a Comparatvie Approach” waarin sy aandag gee aan die regsimplikasies vir ‘n saamwoonverhouding in Suid-Afrika. Sy wys duidelik uit (1994:236) dat Suid-Afrika geen wetgewing het wat gerig is op saamwoonverhoudings nie. Sy vergelyk die regsimplikasies met dié van Nederland, Swede en Engeland en gee riglyne vir toekomstige Suid-Afrikaanse wetgewing in die verband.

which are defined as marriages in accordance with customary law, i.e. marriages concluded according to the customs and usages tradionally observed amongst the indigenous African peoples of South Africa, and which forms part of the culture of those peoples. The payment of lobolo (bogadi, bohali, xuma, lumalo, thaka, ikhazi, magadi, emabheka etc.) is the hallmark of the customary marriage" (Malindi, 1999:17).

Volgens De Koker (2001:275) het bogenoemde wet (Suid-Afrika, 2004) egter die hele komplekse saak van inheemse huwelike net verder gekompliseer. Die grondwetlike erkenning van die inheemse reg en meer spesifiek van gewoonteregtelike huwelike het reeds tot ingewikkelde en somtyds kontroversiële regsvrae en debatte gelei (De Koker, 2001:275). Wanneer hy (De Koker, 2001:275) laasgenoemde stelling maak, oordeel hy nie ligtelik oor die saak nie, want hy sê dit na aanleiding van studie wat hy gedoen het oor die regsontwikkeling rondom die inheemse huwelike sedert 1652 tot 2001.

De Koker (2001:274,275) skryf dan ook: "It is clear, however, that when it comes to African customary law and its harmonization with constitiutional principles and South Africa's international obligations, the courts and the legislature are still sailing in unchartered waters. One can only hope that this position will change in time, as knowledge of the legal system increases."

Tereg skryf Labuschagne (1991b:542) dat 'n mens by enige studie van die inheemse reg spesifiek bedag moet wees op etniese verskeidenheid. Alle stamme, selfs binne breëre volks- en taalverband het nie noodwendig dieselfde ontwikkelinge deurgegaan nie. Maithufi (1992:628) sluit daarby aan as hy sê "the proprietary consequences of civil marriages entered into by blacks also differed form those of other population groups".

Alhoewel met bogenoemde toeligting erken word dat die probleem van saamwoon voor die huwelik meer kompleks is as net een segment van die Suid-Afrikaanse samelewing is dit egter nie die fokus van hierdie studie nie. In hierdie studie word die probleem van saamwoon bespreek soos dit voorkom by een segment van die Suid-Afrikaanse samelewing en word daar nie gepoog om ‘n antwoord te bied op die vrae wat oor saamwoon voor die huwelik in ander Suid-Afrikaanse gemeenskappe gevra word nie. **Uitsluitlik handel hierdie studie dus oor die praktyk van saamwoon soos dit aangetref word by blanke Christene van verskillende kerke.** Deur die fokus te plaas op saamwoon as verskynsel onder blanke Christene van verskillende kerke word nie ontken dat dit ook by ander ‘n groot probleem is nie.

Hoekom fokus op saamwoon voor die huwelik onder blanke Christene van verskillende kerke? Die rede daarvoor is dat dit tans ‘n praktyk is wat in bykans al die blanke kerke in Suid-Afrika aangetref word. Maar hoewel dit die geval is, het navraag van die outeur by verskillende predikante van die drie Afrikaanse kerke aan die lig gebring dat die saamwoon van ongetroudes verskillend deur kerke in dieselfde kerkverband beoordeel word en gevolglik word daar ook verskillend teenoor pare wat saamwoon, opgetree. Hierdie optrede wissel van ‘n *de facto* goedkeuring van saamwoon en selfs die doop van kinders wat uit so ‘n verhouding gebore is – al is die ouers ook tydens die doop van die kind nog nie getroud nie – tot die toepassing van kerklike tug op pare wat saamwoon of die dwang om onmiddellik – selfs binne die bestek van drie ure – in die huwelik te tree. Hierdie uiteenlopende beoordeling van saamwoon en gevolglike optrede teenoor die betrokkenes in blanke Afrikaanse kerke toon dat ‘n studie soos hierdie nie net baie aktueel is nie, maar ook uiters noodsaaklik.

In die lig van die voorafgaande uiteensetting kan die navorsingsvraag van hierdie studie soos volg geformuleer word:

Hoe moet oor saamwoon voor die huwelik onder blanke Christene in die lig van die Skrif geoordeel word?

Vrae wat hieruit voortspruit is:

- Wat is die getuienis van die Skrif oor die inrigting van die huwelik volgens die wil van God?
- Wat is die voorkoms en oorsake van saamwoon as ‘n toenemende verhoudingsvorm?
- Hoe moet oor saamwoon voor die huwelik in die lig van die Skrif geoordeel word?
- Watter praktiese riglyne kan gegee word vir die pastorale hantering van saamwoon voor die huwelik?

1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE

1.3.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om saamwoon voor die huwelik teologies-eties, dit wil sê in die lig van die Skrif te beoordeel.

1.3.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte word gestel:

1. Om aan te toon watter voorskrifte met betrekking tot die huwelik in die Skrif geopenbaar word.
2. Om aan te toon wat die voorkoms en die moontlike oorsake van saamwoon voor die huwelik as verhoudingsvorm is.
3. Om die praktyk van saamwoon in die lig van die Skrif te beoordeel.
4. Om praktiese riglyne aan te dui met die oog op die pastorale hantering van saamwoon voor die huwelik.

1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat saamwoon voor die huwelik in die lig van die Skrif afgewys moet word.

1.5 METODE

In die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae en in aansluiting by genoemde doelwitte, word die volgende metodes beoog:

- Ten opsigte van doelwit 1 word kursoriese eksegese volgens die grammaties-historiese metode oor relevante Skrifgedeeltes beoog. Dit word gedoen in die gereformeerde tradisie (vergelyk Coetzee, 1990) soos verwoord in die Drie Formuliere van Eenheid. Voorts word daar ook beoog om gebruik te maak van literatuurstudie waarin sekere gedeeltes reeds volledig geëksegetiseer is volgens die grammaties-historiese metode, byvoorbeeld De Bruyn (1982).
- Ten opsigte van doelwit 2 word ‘n literatuurstudie beoog om te bepaal wat die voorkoms van saamwoon is en wat die oorsaak/oorsake vir die toenemende positiewe houding teenoor saamwoon as verhoudingsvorm is.
- Ten opsigte van doelwit 3 word die praktyk van saamwoon voor die huwelik beoordeel aan die hand van die sosiaal-etiese norme wat deur Heyns (1986:98:131) in die lig van die Skrif geformuleer is en wat deur Steensma (1995:245-328) verwerk en uitgebrei is. In die lig hiervan sal die argumente geëvalueer word wat ten gunste van saamwoon voor die huwelik aangevoer word.
- Ten opsigte van doelwit 4 sal in die lig van die voorafgaande hoofstukke praktiese riglyne aangedui word met die oog op die pastorale hantering van saamwoon voor die huwelik.

1.6 HOOFSTUKINDELING

Die onderwerp sal aan die hand van die volgende vyf hoofstukke uiteengesit word:

- Hoofstuk 1: Inleiding.
- Hoofstuk 2: Die wese en doel van die huwelik.
- Hoofstuk 3: Saamwoon as verskynsel en die oorsake daarvan.
- Hoofstuk 4: Die beoordeling van saamwoon voor die huwelik in die lig van die Skrif
- Hoofstuk 5: Praktiese riglyne vir die hantering van saamwoon.

HOOFSTUK 2

2. DIE WESE EN DOEL VAN DIE HUWELIK

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar gehandel oor die huwelik, soos dit in die Skrif geopenbaar word. Hierdie ondersoek word dan gedoen met die oog daarop om in hoofstuk 4 ‘n teologies-etiese evaluering te kan doen.

Olthuis (1975:19) skryf: “Marriage is under attack today.” Vandat Olthuis hierdie woorde geskryf het, het intussen meer as twee dekades verloop – en steeds is die huwelik in die spervuur. So skryf Dreyer (2004:3) in ‘n onlangse uitgawe van *Die Hervormer* dat “dit is onlogies om *op grond van die Bybel* die moderne Westerse huwelik te sien as die enigste moontlike ruimte waarbinne wedersydse liefde en seksualiteit uitgeleef kan word”.

“Die huwelik as instelling word toenemend bevraagteken. Dit sou dan teenstrydig met die menslike natuur en vryheid wees om aan een man of vrou verbind te wees. Daarom word onverpoosd na ‘n ander vorm van man-vrou-verhouding gesoek, byvoorbeeld ‘n saamwoon- of saamleefverhouding, proefhuwelike, deel van huweliksmaats, kommunes en groephuwelike” (Malan, 1983:10).

Een van die redes waarom die huwelik as instelling bevraagteken word, is onkundigheid oor die wese en doel van die huwelik. Daarom word daar in hierdie hoofstuk gekonsentreer op die wese en doel van die huwelik.

2.2 DIE WESE VAN DIE HUWELIK

2.2.1 Inleidend

In hierdie afdeling word besin oor die getuienis van die Skrif oor die huwelik.

Alhoewel daar soms enkele verskille is oor of ‘n saak by die wese van die huwelik hoort, blyk die volgende ‘n goeie seleksie te wees om die wese van die huwelik duidelik te stel:

- Die huwelik is ‘n instelling van God.
- Die huwelik is ‘n monogame, lewenslange verbintenis tussen ‘n man en ‘n vrou.
- Die huwelik is die innigste verbintenis tussen ‘n man en vrou.
- Die huwelik is ‘n verbintenis van liefde en trou.
- Die huwelik beeld die verbintenis tussen Christus en sy gemeente uit.

Aan elkeen van hierdie sake word verder aandag geskenk.

2.2.2 Die huwelik is ‘n instelling van God

2.2.2.1 Inleidend

Een van die belangrikste uitsprake in die Ou Testament in hierdie verband is Genesis 2:24: “Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.”

2.2.2.2 Die belangrikheid van Genesis 2:24

Genesis 2:24 “is van besondere belang omdat die beskouing van die huwelik en geslagsgemeenskap in sowel die Ou as die Nuwe Testament tot ‘n baie groot

mate daarop gebaseer is. Telkens word ook in die Nuwe Testament daarheen terugverwys. Daarom is dit noodsaaklik dat besondere aandag daaraan geskenk word" (De Bruyn, 1982:238).

2.2.2.3 Formele aspekte

Voordat op die materie van Genesis 2:24 ingegaan kan word, moet eers twee formele aspekte in behandeling geneem word, naamlik eerstens, van wie hierdie woorde afkomstig is, en tweedens, of dit slegs as 'n mededeling bedoel is en of dit 'n voorskrif is.

2.2.2.3.1 Die Outeur

De Bruyn (1982:240) dui aan dat daar hoofsaaklik drie standpunte is, naamlik dat dit afkomstig is van:

- Adam;
- die menslike skrywer van die boek Genesis;
- God self is aan die Woord.

De Bruyn (1982:239) maak dan die gevolgtrekking dat dit in werklikheid nie veel verskil maak wie die outeur is nie, "omdat die voorstanders van die eerste twee standpunte daarvan oortuig is dat Adam of die skrywer die wil en bedoeling van God weergee, sodat die woorde dan tog as van God afkomstig beskou kan word. Die woorde is immers gespreek en/of opgeskryf onder inspirasie van die Heilige Gees. Uit Matteus 19:4-6 is dit egter wel duidelik dat Christus hierdie woorde beskou as deur God self uitgespreek". Dit is ook die siening van Mathews (1996:222).

2.2.2.3.2 Mededeling of voorskrif?

Is Genesis 2:24 slegs 'n mededeling van die normale verloop van sake, of is dit 'n voorskrif van hoe sake volgens die wil van God behoort te verloop?

Na beredenering oor die saak maak De Bruyn (1982:241) die gevolgtrekking dat hoewel rekening gehou moet word met die feit dat aanhalings uit die Ou Testament in die Nuwe Testament soms nuwe nuanserings kry, verleen die gebruik van Genesis 2:24 deur Christus tog steun aan die siening dat dit as ‘n voorskrif of ordening bedoel is en nie as ‘n blote mededeling nie. In ooreenstemming daarmee sê Mathews (1996:222) dat Israel Genesis 2:24 ook gesien het as “a pardigm for marital behavior”.

2.2.2.4 Die inhoud van Genesis 2:24

Mathews (1996:222-224) toon aan dat in hierdie uitspraak drie elemente aangetref word wat van besondere belang is:

- Die sterkste aardse bande wat daar aan die begin van ‘n mens se lewe is, naamlik die met vader en moeder, word ter wille van die nuwe huweliksband losgemaak. Dit beteken geen breuk met die ouers nie, want die huweliksluiting het gewoonlik plaasgevind met die ouers se toestemming.
- Die man sal sy vrou aankleef (*dabaq*).
- Hulle (man en vrou) kom tot een vlees (geslagsgemeenskap) binne ‘n geestelike eenheid. (Vgl. ook Gispen, 1974:130-132; Wenham, 1987:70-71; Hamilton, 1991:180-181.)

Mathews (1996:222-224) se verdere beredenering kom daarop neer dat die verlaat van vader en moeder en die aankleef van die vrou die amptelike totstandkoming van die huwelik aandui en dat geslagsgemeenskap, die *een-vlees-wees,* eers daarna mag plaasvind. Dit beteken dat geslags-gemeenskap slegs binne die wettige huwelik mag plaasvind: nie voor die tyd

nie en ook nie na die tyd met iemand anders as ‘n persoon se wettige man of vrou nie.

“Die apostel Paulus het die woorde van Genesis 2:24 ook so verstaan. In 1 Korintiërs 6:16 haal hy immers hierdie woorde aan om te toon dat die *een-vlees-wees* volgens die ordening van God, slegs binne die huwelik mag plaasvind. Daarom maak die Korintiërs, wat geslagsgemeenskap met hoere het, hulle skuldig omdat hulle dit buite die huwelik laat geskied” (De Bruyn, 1982:241).

2.2.2.5 Gevolgtrekking

Die mens is nie soos die diere indirek op Gods bevel deur die aarde voortgebring nie, maar is direk deur God uit die lewelose stof van die aarde geformeer en het ‘n lewende wese geword nadat God in sy neus die asem van die lewe geblaas het (Gen. 1:24, 2:7). Na die skepping van die vrou het wat oorspronklik een was twee geword. In die huwelik kry ons dan hierdie twee-eenheid, naamlik die van manlik en vroulik. Die huwelik is nie deur ‘n mens uitgevind nie, maar deur God self verorden (Marais, 1978:204; vgl. ook Du Toit, 1980:6; De Klerk, 1997:13,14; Van Wyk, 1998:75). En die huwelik is volgens die ordening van God die samelewingstruktuur waarbinne geslagsgemeenskap moet plaasvind (Engelsma, 1977:63).

In die lig hiervan is Wynn (1990:676) se definisie van die huwelik onvolledig omdat hy daarin nie sê dat die huwelik deur God ingestel is nie. So ‘n siening kan ernstige gevolge hê soos Engelsma (1977:25) ook aandui: “The fundamental reason for man’s corrupting of marriage is that he regards marriage, not as a devine, but as a human institution.”

2.2.3 Die huwelik is ’n monogame, lewenslange verbintenis tussen ’n man en ’n vrou

2.2.3.1 Inleidend

In hierdie aspek van die wese van die huwelik kom daar drie sake na vore wat belangrik is om in ag te neem, naamlik:

- Die huwelik is tussen ’n man en ’n vrou.
- Die huwelik is lewenslank.
- Die huwelik is monogaam.

Elkeen van hierdie sake sal nou onderskeidelik aandag geniet.

2.2.3.2 Die huwelik is tussen ‘n man en ‘n vrou

Ongeveer vyf dekades gelede is dit as vanselfsprekend beskou dat ‘n huwelik ‘n verbintenis tussen ‘n man en ‘n vrou is. Intussen het daar in hierdie verband ‘n groot verandering gekom. (Vgl. hieroor o.a. Douma, 1973:28-32.) Tans erken mense openlik dat hulle homoseksueel is (vgl. Cilliers, 1997; Joubert, 1998). Verder word daar in die jongste tyd openlik betoog vir die regte van homoseksueles. Daar word selfs pogings aangewend om huwelike tussen mense van dieselfde geslag te wettig (vgl. Twee dominees, 1971:162-163). Dit is ook die konsekwensie van Pronk (1989:187-203) se siening.[4]

Hier word nie op die argumente vir ‘n huwelik tussen homoseksueles ingegegaan nie, maar daar word gewerk vanuit die getuienis in die Skrif (vgl. Lev. 18:22; Lev. 20:13; Rom. 1:26,27; 1 Kor. 6:10 en 1 Tim. 1:10) dat die huwelik ‘n verbintenis tussen ‘n man en ‘n vrou is en dat ‘n seksuele verhouding van twee van dieselfde

[4] In Suid-Afrika het die appèlhof aan die einde van November 2004 die gemeenregtelike definisie van ‘n huwelik verbreed om ook huwelike tussen mense van dieselfde geslag in te sluit (De Bruin, 2004:4).

geslag Skriftuurlik ontoelaatbaar is (Ridderbos, 1959:47; Douma, 1973:58,59; De Oliveira, 2001:15).

Douma (1993:9) druk hierdie wesenselement van die huwelik as ‘n verbintenis tussen ‘n man en ‘n vrou sterk uit as hy skryf: “Wanneer Genesis 1 melding maakt van de schepping van de mens, worden ons in een adem daarmee twee dingen onthuld: God schiep de mens naar zijn beeld en Hij schiep de mens als man en vrouw (Gen. 1:27). Het eerste geeft aan dat God de mens heeft geschapen om met Hem in relatie te treden”. Maar “zoals de relatie tot God wezenlijk is voor het mens-zijn, zo is ook de relatie van die man tot de vrouw en van de vrouw tot de man wezenlijk voor het mens-zijn. Ieder is mens als man of vrouw, en ieder is dat in relatie tot het andere geslacht” (Douma, 1993:9).

Die belangrikheid daarvan dat die huwelik ‘n verbintenis tussen ‘n man en ‘n vrou is, is omdat die beeld van God, so volledig is as wat dit by sondige mense moontlik is, volgens Van Genderen en Velema (1992:299), ook in die mens se geslagtelike bestaan in die breë betekenis van die woord geopenbaar word (vgl. De Klerk, 1997:15,16). Van Genderen en Velema (1992:299) sê in die verband: “Wij zijn van mening dat het geslachtelijk onderscheid in die zin bij het beeld Gods behoort, dat de man in zijn man-zijn en de vrouw in haar vrouw-zijn beeld Gods is.”

2.2.3.3 Die huwelik is lewenslank

Die huwelik is nie net ‘n tydelike binding tussen ‘n man en ‘n vrou nie. Dit is oorspronklik deur God ingestel as ‘n lewenslange verbintenis tussen ‘n man en ‘n vrou. Uit Genesis 2:21-24 kan dit nie so duidelik opgemerk word nie, maar in Matteus 19:6 dui Christus die oorspronklike bedoeling van God met die huwelik aan as Hy sê: “Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.” Dit blyk ook duidelik uit Romeine 7:2 en 3 (Ridderbos, 1959:144; Barrett, 1991:127).

2.2.3.4 Die huwelik is monogaam

Die monogame karakter van die huwelik moet gesien word in die lig van bogenoemde twee sake. God het die huwelik ingestel as ‘n lewenslange verbintenis tussen één man en één vrou (Rinzema, 1961:85). Hoewel poligamie in Israel voorgekom het, is dit uit die Skrif duidelik dat dit nie volgens God se oorspronklike bedoeling was nie (Van Wyk, 1998:75). Kaiser (1983:183) stel dit as volg: “Clearly, there never existed an express biblical permission for polygamy.”

Olthuis (1975:23) is dieselfde mening toegedaan, want hy sê: “Polygamy goes against the norm of monogamy for marriage. Polygamy is not simply a husband having many wives, but a husband involved in many marriages. The troth fellowship of marriage cannot be shared with more than one husband or wife in the full way that marriage demands” (vgl. De Klerk, 1997:17; De Oliveira, 2001:16,17).

Christus het die monogamie bo alle twyfel as normatief gestel (Matteus 19:4-6). Daarom kan Douma (1993:111) tereg sê: “De voortgeschreden openbaring in Christus maak het moreel onmogelijk het polygame huwelijk nog te accepteren.” Van Wyk (1998:84) toon ook aan dat teen die agtergrond van Efesiërs 5:21-23 dit baie duidelik is dat daar in ‘n huwelik net een man en een vrou kan wees, want daar kan net een Christus en een kerk wees.

2.2.3.5 Samevatting

Hierdie wesenselement van die huwelik kan saamgevat word deur te sê dat dit duidelik is dat die huwelik ‘n monogame, lewenslange verbintenis tussen ‘n man en ‘n vrou is (Douma, 1993:110-111).

2.2.4 Die huwelik is die innigste verbintenis

2.2.4.1 ‘n Nuwe eenheid ontstaan

As man en vrou in die huwelik verbind word, ontstaan ‘n nuwe, selfstandige eenheid, naamlik die huweliksgemeenskap. Dan word die twee “ekke” tot ‘n “ons”. Dan word nie meer gepraat van my en myne nie, maar eerder van ons en ons s’n. Die sluiting van die huwelik beteken nie die afronding en afsluiting of beëindiging van die eenwording van man en vrou nie. Dit beteken inderdaad niks anders nie as die aanvang van die eintlike tydperk van eenwording. Van die oomblik van huweliksluiting af deel twee mense volledig hulle lewe met mekaar (Douma, 1993:113).

In Genesis 2:24 word aangedui dat die verbondenheid aan die ouers losgemaak word met die oog op ‘n nuwe verbondenheid, naamlik die tussen man en vrou in die huwelik. Van hierdie verbondenheid word dan gesê: “‘En hulle (twee) sal een vlees wees.” Hierdie woorde dui die innigheid van die verhouding tussen man en vrou aan: hulle sal op ‘n besondere wyse één word. Die huwelik is immers die intiemste verhouding waarin enige mens tot ‘n ander mens kan staan (Van Rensburg, 1983:117).

Hierdie innige verbintenis lê op tweërlei vlakke, naamlik

- ‘n geestelike eenheid;
- ‘n liggaamlike eenheid.

2.2.4.2 Geestelike eenheid

Engelsma (1977:13) het ernstige beswaar daarteen dat die uitdrukking “een vlees” (Gen. 2:24) gehanteer word asof dit slegs op liggaamlike eenheid in geslagsgemeenskap betrekking het. Hy sê (1997:13,14): “’One flesh’ refers to the becoming one of the entire nature of the man and the woman. There is a oneness of bodies and soals, of thinking and desiring, of hopes and

disappointments, of labors and goals. There is a oneness of the whole of earthly life; the husband and wife share one life."

In die Christelike huwelik moet die man en vrou geestelik een wees omdat hulle – as hulle altwee gelowiges is, soos dit behoort te wees – één is **met** Christus en één is **in** Christus (Ridderbos, 1966:56-63).

Die gelowige man en vrou is een **met** Christus omdat hulle altwee deel is van die bruidskerk wat aan Christus verbind is. De Bruyn (1982:202) skryf: "Paulus se hele betoog in Efesiërs 5:22-33 kom daarop neer dat die archetipiese verhouding tussen Christus en sy gemeente ektipies in die Christelike huwelik tot openbaring moet kom."

Die gelowige man en vrou is ook een **in** Christus omdat hulle saam deel het aan Christus se vergewing van sondes en sy opstanding uit die dood (1 Kor. 15:22). Dit blyk ook uit Romeine 6:1-13. Omdat man en vrou een is in Christus kan en moet hulle ook geestelik een wees in die huwelik. En dit is juis hierdie een-wees in Christus wat die etiese implikasie het dat hulle hulle moet weerhou van sonde en derhalwe hulle lede/liggame nie tot beskikking van die sonde stel nie (Rom. 6:11-18). En dit beteken onder andere dat hulle geen deel mag hê aan voorhuwelikse seks nie – ook nie in 'n saamwoonverhouding nie.

Die liggaamlike eenwording van man en vrou behoort dus bepaal te word deur hulle geestelike eenheid.

2.2.4.3 Liggaamlike eenheid

Die "*een-vlees-wees*" dui primêr geslagsgemeenskap aan as die innigste en intiemste liggaamlike verhouding tussen man en vrou, maar dan, soos blyk uit die vorige punt (2.2.4.2), sodat daarin ook hulle intiemste geestelike eenheid

geopenbaar en bevestig word. So word die liggaamlike vereniging die openbaring van hulle innigste en intiemste verbondenheid aan en liefdesgemeenskap met mekaar (vgl. Engelsma, 1977:13; Grenz, 1990:64,65; Hendrick & Hendrick, 1992:112).

Dit beteken dat geslagsgemeenskap slegs binne die geestelike eenheid van die wettige huwelik mag plaasvind. Daarom waarsku Grenz (1990:65) ook: "[T]he sex act ...denotes a variety of negative meanings when it is practiced within improper contexts."

2.2.4.4 Samevatting

Die huwelik is die innigste denkbare verbintenis tussen twee mense. Hierdie verbintenis dui op 'n geestelike sowel as 'n liggaamlike huwelikseenheid.

2.2.5 Die huwelik is 'n verbintenis deur liefde en trou

2.2.5.1 Inleidend

"Liefde vir mekaar en *trou* (getrouheid) teenoor mekaar kan beskou word as die twee vernaamste bande wat man en vrou in die huwelik saambind. As sodanig is liefde en trou ook wesenselemente van die huwelik. Beide word ook deur God van man en vrou geëis ten aansien van hulle huwelik" (De Bruyn, 1982:191). Van Wyk (1998:75) noem liefde en trou "die fondament van die huwelik".

2.2.5.2 Liefde

Volgens die Skrif is daar drie soorte liefde wat in die Christelike huwelik aangetref moet word, naamlik *eros*, *filia* en *agape*. In Afrikaans kan dit weergegee word as *erotiese liefde*, *vriendskapsliefde* en *selfverloënende liefde*.

- **Erotiese liefde (*eros*)**

In die erotiese liefde gaan dit veral om die belewing van seksualiteit (Spr. 5:18-19; Pred. 9:9; Hoogl. 7:7-8; 1 Kor. 7:2-5, 9).

Oor die funksionering van die erotiese liefde in die huwelik kan volgens De Bruyn (2002:160) in die lig van die boek Hooglied en 1 Korintiërs 7 die volgende gesê word: “Binne die huwelik as liefdesgemeenskap het geslagsgemeenskap nie net ’n plek en ’n funksie met die oog op voortplanting nie, maar het dit ook ’n eie onmiskenbare plek en betekenis. Geslagsgemeenskap word trouens deur man en vrou aangevoel en ervaar as een van die belangrikste maniere waarop hulle uiting gee aan hulle besondere liefde vir en trou aan mekaar én aan die innige wedersydse begeerte om in hulle liefde so na as moontlik aan mekaar te kom en met mekaar een te word.”

En tog is daarmee nie alles gesê nie. Verskillende outeurs wys immers daarop dat *eros* ook ’n sterk element van selfsug in hom kan hê. Thielicke (1964:30) sê daarvan: “It (*eros*) always has in it the element of monopolizing, of fulfilling oneself, and appropriating”. Dit is ook die siening van Lloyd-Jones (1975:133) oor *eros* het, want hy verklaar: “The characteristic of that kind of love is that it is selfish ... It is born of desire. It wants something and it is mainly concerned about that”. In lyn daarmee verklaar Olthuis (1995:566): “Sex and romance without troth are capricious, fleeting and, finally, unfulfilling”.

In die lig van wat verder oor *filia* en *agape* gesê word, moet ’n mens dit so verstaan dat *eros* in die huwelik alleen werklik tot sy reg kan kom as dit ten nouste verbonde is aan *filia* en *agape*. In die lig van 1 Korintiërs 7:3, 4 kan gesê word dat indien *filia* en *agape* in ’n huwelik teenwoordig is, die man in geslagsgemeenskap gewillig sy liggaam aan sy vrou gee en die vrou gee gewillig haar liggaam aan haar man. Maar sodra *eros* van *filia* en veral van *agape*

losgemaak word, gaan dit alleen om die bevrediging van die eie ek, terwyl die liggaam van die ander persoon slegs gebruik word vir die bevrediging van die eie behoeftes. Dan is *eros* 'n openbaring van selfsug.

- **Vriendskapsliefde (*filia*)**

"Hierdie vriendskapsliefde dui 'n liefde aan waarin twee mense tot 'n hegte vriendskap saamgebind word sodat hulle vir mekaar werklik *boesemvriende* is. Dit dui 'n besonder vertroulike verhouding tussen twee mense aan – 'n verhouding wat gekenmerk word deur hartlikheid, teerheid, innigheid en 'n begrip vir mekaar se gevoelens en oortuigings" (De Bruyn, 2002:160). Hierdie vriendskapsliefde verbind twee mense op so 'n wyse aan mekaar dat hulle met 'n gesindheid van mededeelsaamheid en wederkerigheid vir mekaar vennote, kamerade en goeie maats is wat hulle vir mekaar verantwoordelik voel (Louw, 1983b:55; vgl. ook Lloyd-Jones, 1975:136-137). Vriendskapsliefde *per se* sluit nie erotiese liefde in nie. Dit is 'n soort liefde waarin 'n hoë premie geplaas word op intimiteit en betrokkenheid, maar 'n laer premie op hartstog (Louw, 1983b:55; De Oliveira, 2001:26).

- **Selfverloënende liefde (*agape*)**

De Bruyn (2002:161) skryf oor die selfverloënende liefde: "Hierdie soort liefde is die sterkste moontlike liefde wat daar tussen twee persone kan wees. Dit is hierdie soort liefde wat daar volgens Efesiërs 5:25, 28, 33 en Kolossense 3:19 by die mans teenoor hulle vrouens moet wees en wat die vrou in die lig van Openbaring 2:4 teenoor haar man moet betoon."

Die besondere karakter van hierdie liefde kan duidelik gesien word as dit vergelyk word met erotiese liefde. Stauffer (1964:37) dui die verskil tussen *eros* en *agape* soos volg aan: "*Eros* seeks in others the fulfilment of its own life's hunger. *Agapan* must often be translated 'to show love'; it is a giving, active love on the other's behalf."

Erotiese liefde sonder meer is ’n liefde *omdat*: ‘n man is lief vir ’n vrou omdat sy mooi en aantreklik is. *Agape* is ’n liefde *ondanks*: ’n man is lief vir ’n vrou ondanks die feit dat sy nie (meer) mooi is nie, ondanks die feit dat sy siek of vermink is. Dit is ’n liefde wat graag die geliefde wil dien. “Dit is ’n liefde wat nie net kan verdra nie, maar wat ook bereid is om daadwerklik vir mekaar te offer en op te offer as dit die andereen innerlik en uiterlik mooier kan maak” (De Bruyn, 2002:161,162).

Volgens Van Wyk (1998:75) bestaan hierdie liefde in “altyd tot hulp en bystand bereid wees aan die ander; ’n onselfsugtige op die ander gerigte gesindheid; afsien van altyd alleen reg wees; oopstaan vir die ander. Hierby kom ’n opregte getrouheid aan mekaar waar beide man en vrou deur dik en dun bymekaar staan en nie oënskynlik groener weivelde opsoek nie.”

Van Wyk (1998:86) vat dit goed saam as hy verder skryf: “*Liefde* in die Bybelse sin van die woord dui op daardie besondere ingesteldheid waar ’n persoon van homself wegkyk na die ander, helpend, skenkend, versorgend, ondersteunend. Daar is geen beter uiteensetting van die liefde as wat in 1 Korintiërs 13 gevind word nie. Dit kan in een woord opgesom word: om te gee (Joh. 3:16).”

Hierdie siening word ook gesteun deur Hendrick en Hendrick (1992:101) wat verklaar: “Agape is selfless and giving, concerned about the partner’s welfare, and untroubled by self-interest. In terms of a care/need distinction, agape is very strong on caring and almost zero on needing. Agape is an all-giving kind of love.”

Dit is duidelik dat *agape* ’n baie sterk vorm van *liefde* is. Dit is ’n liefde wat ondanks krisisse en probleme staande kan bly en selfs kan gedy. Dit is die liefde wat aan man en vrou vastigheid en sekerheid van mekaar se trou in die huwelik

gee. En die Here self eis dat hierdie liefde in huwelik tussen man en vrou moet wees (Ef. 5:25; Op. 2:4). Dit is trouens ’n afspieëling van die liefde van Christus vir die bruidskerk en van sy bruidskerk se liefde vir Hom (Ef. 5:25; Op. 2:4).

- **Al drie saam in die huwelik**

In die huwelik behoort al drie vorms van liefde, naamlik *eros*, *filia* en *agape* teenwoordig te wees en as ’n eenheid te funksioneer, hoewel elkeen ’n eie beklemtoning het. Maar dan moet steeds in gedagte gehou word dat *agape* die sterkste van die drie is en moet wees.

De Oliveira (2001:32) vat dit soos volg saam: “While friendship love and romantic love are equally important in marriage, *agape* love is considered to be the true love. It is much more than emotions, it is much more than sexual expressions, more than companionships, more than caring friendship, it involves it all but is a self-offering love for the well-being and happiness of the loved one. It can also be said that this self-denying love is the basis for all the other kinds of love, because any spouse full of *agape* love will be a tender, committed, respectful, sharing, real companion, and will not deny his or her partner the duties of marriage. Such love is what Christ intends the spouses to have for each other, as a source of happy and blessed marriage.”

In so ‘n liefde is daar volgens Louw (1983b:62-79) wedersydse begrip vir mekaar, wedersydse aanvaarding van mekaar, wedersydse respek vir mekaar en wedersydse vertroue vir mekaar.

Die huwelik bied die hoogste openbaringsvorm van die liefde wat onder mense moontlik is. In geen menslike liefdesverhouding kom God se liefde vir die mens so duidelik tot openbaring en is dit so groot as in die egte Christelike huwelik nie (Delleman, 1968:6). Delleman (1968:11) druk die liefdesverhouding in die

huwelik nog sterker uit as hy skryf: “Het huwelijk is een *institutaire* liefdes-gemeenschap.”

Die liefde is ook ‘n huwelikstaak, die vernaamste huweliksplig. “Man en vrou word in die huwelik besonderlik deur liefde saamgebind, dermate dat hulle liefde teenoor mekaar as ‘n Skriftuurlike verpligting op hulle gelê word. Hulle *moet* mekaar liefhê (Ef. 5:25,28,33; Kol. 3:19; 1 Sam. 18:20; Hoogl. 2:5; 5:8; 8:6,7; Tit. 2:4; Op. 2:4)” (De Bruyn, 2002:160).

2.2.5.3 Trou

Saam met liefde in die huwelik kom ook trou.

Olthuis (1975:20) sê van die huwelik die volgende: “God called husband and wife to an exclusive, lifelong partnership of love, or as I prefer, a partnership of troth and fidelity. In a sentence, marriage is a mutual, permanent, exclusive, one-flesh union between husband and wife, *characterized by troth or fidelity”* (my kursivering - JGN).

Olthuis (1975:20) gaan verder deur te sê dat trou dinge insluit soos lojaliteit, vertroue, liefde, betroubaarheid. Trou is nie ‘n handeling wat nou kom en netnou weer verdwyn nie. In kort: “Marriage is a partnership of troth.”

Olthuis (1975:20) stel trou in die huwelik bo fisiese eenwording as hy sê: “Physical intercourse is an important part of being “one flesh”, but the key concept in marriage is troth.”

Wedersydse trou in die huwelik dui veel meer aan as net trou wees aan mekaar. Olthuis (1975:21) definieer “trou” as volg: “Troth is an Old English term for truth, faithfulness, loyalty, and honesty. The single word troth captures the nuances of

trust, reliability, stability, scrupulousness, ingenuousness, authenticity, integrity, and fidelity. To be fickle, capricious, unreliable, shifty, whimsical, disloyal, rootless, perfidious is to be anything but trothful."

In 'n ander geskrif wys Olthuis (1995:566) soos volg op die groot waarde van trou ("troth") in die Christelike huwelik: "Keeping troth is counting on each other, giving the utmost, sharing deeply from inside, sticking together through thick an thin .... When the commitment is total, clear and unreserved partners are encouraged freely and openly to share their inner struggles and fears as well as their joys and triumphs... When partners hold fast to each other, an exhilirating troth-spiral of 'we-ness' can develop in which the partners have the room to be themselves, honour their differences, face their problems openly and, in the process, deepen their joining... Troth flourishes in a mutual relationship of belonging in which partners, secure in their own identities, commit themselves to sharing life together."

Geen huwelik kan ooit 'n gelukkige en geseënde huwelik wees as trou tussen man en vrou en trou teenoor die gebod van God ontbreek nie. Maar ook wat die huwelikstrou betref, moet 'n mens goed verstaan dat trou teenoor mekaar nie die einddoel van die huwelik is nie, maar 'n noodsaaklike voorwaarde om van die huwelik 'n werklik Christelike huwelik te maak (vgl. De Oliveira, 2001:18).

Volgens De Bruyn (1982:197-199) is dit duidelik uit die Ou en Nuwe Testament dat trou in die oë van die Here 'n wesenselement van die huwelik is. Hy motiveer dit deur te verwys na twee uitsprake in die Ou Testament wat hier van besondere belang is, naamlik Hosea 2:19 en Maleagi 2:14.

Hosea 2:19

Volgens Hosea 2:19 het die Here aan Israel gesê: "En Ek sal My met jou verloof in *trou*."

Vir Israel was hierdie trou van God van geweldige betekenis. Daarin het hulle immers die versekering gevind dat God al die beloftes wat Hy aan hulle gemaak het, sal vervul. ‘n Mens kan dus sê dat die trou van God beteken dat al sy beloftes aan sy volk ja en amen is – gedagtig daaraan dat daar ‘n nou verband tussen die Hebreeuse woorde vir *trou* en *amen* is. Keil (1954:65) sê in hierdie verband: “In the faithfulness of God the church has a certain plegde, that the covenant founded upon righteousness and judgement, mercy and compassion, *will stand for ever”* (my kursivering – JGN).

“Die implikasie van hierdie uitspraak waarin van die terminologie in verband met die huwelik gebruik gemaak word, is dat die wedersydse trou teenoor mekaar ook in die huwelik by man en vrou gevind moet word sodat hulle lewenslank aan mekaar getrou sal bly” (De Bruyn, 1982:197,198).

Maleagi 2:14

In Maleagi 2:13 word gesê dat die Here weier om die Jode se offers aan te neem. In vers 14 word die rede daarvoor soos volg aangedui: “Omdat die Here getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond.”

“Die eis van trou in die huwelik word in hierdie vers drie maal beklemtoon. *Eerstens* word dit gevind in die woorde waarin die Here aangedui word as die *getuie* tussen die man en die vrou wat in die huwelik aan mekaar verbind is” (De Bruyn, 1982:198). As getuie waak die Here oor hulle huwelikstrou aan mekaar.

“Dat wedersydse trou in die huwelik ‘n verpligting is, blyk *tweedens* ook uit die uitdrukking ‘die vrou van jou jeug’. Hierdie uitdrukking herinner daaraan dat die egpaar by hulle huweliksluiting in hulle jong dae met volkome oorgawe aan mekaar voor God vir die *hele duur* van hulle huwelik *opregte trou* beloof het.

Maar aan hierdie beloftes het hulle hulle nie gehou nie. Vandaar die skerp beskuldiging van die Here aan die adres van die man wat aan die vrou van sy jeug 'ontrou geword het'" (De Bruyn, 1982:198).

"Die wedersydse trou as 'n *sine qua non* in die huwelik kom *derdens* ook tot uitdrukking in die aanduiding van die vrou as die 'vrou van jou verbond.' 'n Verbond word gesluit met die gedagte dat dit bindend en blywend sal wees. So 'n verbond is die huwelik ook" (De Bruyn, 1982:198).

Uit die Nuwe Testament blyk die gedagte van wedersydse trou in die huwelik duidelik uit die woorde van Christus: "Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Matt. 19:6). Van Hartingsveld (1977:138) gee die getuienis van die Nuwe Testament in hierdie verband samevattend soos volg weer: "Het Nieuwe Testament wijst polygamie en concubinaat af. Beide echtgenoten zijn elkaar gelijkelijk volledige echtelijke trouw verschuldigd."

In die lig van die voorgaande kan 'n mens dus sê dat dit uit die Ou en Nuwe Testament baie duidelik is dat trou in die oë van die Here 'n wesenselement van die huwelik is.

2.2.5.4 Geloof

Van Wyk (1998:85) noem saam met liefde en trou ook *geloof* as grondslag van die huwelik.

"'n Huwelik kan nie tot volle wasdom kom indien die huwelikspaar nie gelowiges en Christene is nie. So verbied die Ou Testament gemengde huwelike tussen gelowiges en ongelowiges (Deut. 7:3, Neh. 13:25-27 en Mal. 2:11) en so ook die Nuwe Testament (1 Kor. 7:39; 2 Kor. 6:14)... Die Bybel leer dat 'n Christen slegs

met ‘n Christen mag trou, of, soos Paulus dit in 1 Korintiërs 7:39 stel: slegs ‘in die Here’” (Van Wyk, 1998:85).

2.2.5.5 Samevatting

Die Christelike huwelik is in wese ‘n verbintenis deur liefde en trou van gelowiges. Ware en egte liefde en trou moet ‘n uitvloeisel wees van man en vrou se opregte geloof in die drie-enige God.

2.2.6 Die huwelik beeld die verbintenis tussen Christus en sy gemeente uit

Op verskeie plekke in die Ou Testament word die huwelik beskou as ‘n simbool van die noue relasie tussen God en sy volk Israel (Jes. 50:1; Jer. 3:8; Hos. 1-3). In die Nuwe Testament word hierdie gedagte herhaal en funksioneer die huwelik as ‘n simbool van die noue verhouding tussen Christus en sy kerk, byvoorbeeld in Efesiërs 5 (Van Wyk, 1998:84).

Van Wyk (1998:90) skryf dat “die verhouding tussen God en sy volk en Christus en sy gemeente dikwels in die Skrif as ‘n huwelik voorgestel word en as ‘n model voorgehou vir die huwelik tussen man en vrou. Ons aardse huwelike moet ‘n spieëlbeeld vorm van die hemelse huwelik van God en sy volk.”

Van Wyk (1998:90-93) beskryf die kenmerke van die liefde van Christus vir sy gemeente soos dit weerspieël moet word in die liefde tussen man en vrou soos volg:

- Opofferende liefde: hierdie liefde vra nie, maar gee (Joh. 3:16).
- Versorgende liefde: liefde voed, koester, en beskerm (Ef. 5:28,29).
- Vergewende liefde: man en vrou word opgeroep om mekaar te vergewe soos God in Christus hulle vergewe het (Ef. 4:32).

- Getroue liefde: sy liefde en trou is onwankelbaar (Rom. 8:38,39) en dis hierdie kwaliteit liefde wat Hy van sy navolgers verwag.
- Kommunikerende liefde: dit is een van die hartare van die liefdesverhouding tussen God en sy volk, van Christus en sy kerk, en daarom van man en vrou.

Die Skrifgedeelte wat hier van besondere belang is, is Efesiërs 5:21-33. Daar word getoon dat die verhouding tussen man en vrou in die huwelik die beeld moet vertoon van die verhouding van Christus tot sy gemeente en omgekeerd. Paulus skryf: "Manne, julle moet julle eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het..... Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente" (Ef. 5:25,31,32).

Dit is opvallend dat in Efesiërs 5:21-33 daar 'n duidelike wisselwerking is tussen die verhouding tussen Christus en sy gemeente en die tussen man en vrou in die huwelik. Ridderbos (1966:342) stel dit so: "Enerzijds ontvangt de eenheid van Christus en de gemeente dus uit de mysterieuze eenheid van man en vrouw in het huwelijk, haar verklaring, 5:32; omgekeerd is het de eenheid van Christus en de gemeente, welke de ware beleving van de huwelijkseenheid in het licht stelt." (Vgl. ook De Klerk, 1997:76,77.)

Teen die agtergrond van bogenoemde wisselwerking is Paulus se aanhaling van Genesis 2:24 in Efesiërs 5:31 van besondere belang. Ridderbos (1966:423,424) sê daarvan: "Hij (Paulus) past het daarin uitgespoken 'grote geheimenis', nl. dat de twee een vlees zijn, toe op de verhouding van Christus en de gemeente, om daarmee te demonstreren hoe diep deze eenheid ligt verankerden en in welk een innige, geestelijk gemeenchap zij zich realiseert." As hierdie verhouding tussen Christus en sy gemeente in die lig van genoemde wisselwerking nou weer toegepas word op die verhouding tussen man en vrou in die huwelik, beteken dit

dat geslagsgemeenskap (die een-vlees-wees) slegs binne die “innige geestelijke gemeenschap” van die wettige huwelik mag plaasvind en nie daarvoor of daarbuite nie.

Die huwelik kan alleen die beeld vertoon van die verhouding van Christus tot sy gemeente as albei ware Christene is, as daar by albei ‘n “mistieke eenwording met Christus” is (Basson, 1972:61). Christus moet in die huwelik teenwoordig wees en Hy moet man en vrou voorsê en lei in ons huwelik.

2.2.7 Samevatting

In bogenoemde uiteensetting word die wese van die huwelik aangedui. Uit die aard van die saak sou ‘n mens elke wesensaspek nog verder kon omskryf en daarop uitbrei. Voorts sou ‘n mens waarskynlik nog ‘n paar wesenselemente kon onderskei. Daar word volstaan met die bespreektes.

Saamgevat kan die wese van die huwelik soos volg aangedui word:

- Die huwelik is ‘n instelling van God.
- Die huwelik is ‘n monogame, lewenslange verbintenis tussen ‘n man en ‘n vrou.
- Die huwelik is die innigste verbintenis tussen ‘n man en ‘n vrou.
- Die huwelik is ‘n verbintenis van liefde en trou.
- Die huwelik beeld die verbintenis tussen Christus en sy gemeente af.

In die lig hiervan word nou gekyk na wat die doel van die huwelik is.

2.3 DIE DOEL VAN DIE HUWELIK

2.3.1 Inleidend

In hierdie afdeling word aandag gegee aan die doel van die huwelik. Hier moet onder andere besin word oor die vraag of die huwelik slegs die voortbring van kinders ten doel het en of dit ook ander doeleindes het.

Die volgende doeleindes van die huwelik is geïdentifiseer:

- om God te eer;
- om vir mekaar ‘n hulp te wees;
- om kinders voort te bring en op te voed;
- om ‘n beskerming teen ontug te vorm;
- om vir mekaar kamerade te wees.

2.3.2 God moet in die huwelik geëer word

Die eer van God moet deur die huwelik bevorder word. Soos alles wat ‘n mens doen, moet ook die eerste en belangrikste doel van die huwelik wees om God te eer (1 Kor. 10:31).

Bogenoemde kan onder andere begrond word in Romeine 11:36 en 14:8. Daar staan onderskeidelik: “Uit Hom, en deur Hom en tot Hom is alle dinge”, en: “As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here” (1983-vertaling). (Vgl. ook 1 Kor. 6:20 en 1 Kor. 10:31.)

Die doel of bestemming van die huwelik behoort dus in die eerste plek die verheerliking van God te wees. Dit kom daarop neer dat die huwelik as ‘n instelling van God aanvaar word en dat die eer van God ook daarin gehandhaaf

moet word totdat dit Hom behaag om dit deur die dood te ontbind (Marais, 1978:206).

Soos van alles in hierdie wêreld moet ook van die huwelik gesê kan word: Dit is daar allereers tot verheerliking van God. Alles wat Hy geskep het, het Hy immers geskape om Hom te loof (Ps. 103 en Ps. 149; vgl. Heyns, 1976:196). In en deur die huwelik moet die mens allereers God dien.

2.3.3 Man en vrou moet vir mekaar tot hulp wees

Benewens dat dit dien tot verheerliking van God, lê die sin en doel van die huwelik nie net buite homself nie, maar ook in homself. En dit beteken dat man en vrou mekaar geestelik moet aanvul en versterk, inspireer en bemoedig (Heyns, 1976:196). Of om dit duideliker te stel: man en vrou moet vir mekaar tot hulp wees.

Volgens Genesis 2:18 het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas." De Bruyn (2002:163) sê met verwysing na hierdie teks: "Hier word wel nie uitdruklik gesê dat die man vir die vrou 'n hulp moet wees soos die vrou vir die man nie. Tog is dit ongetwyfeld die bedoeling. Die eis van Paulus dat die man sy vrou moet liefhê soos Christus sy gemeente liefgehad het (Ef. 5:25) en haar boonop moet liefhê soos sy eie liggaam (Ef. 5:28), is ondenkbaar sonder die gedagte dat hy vir haar ook 'n hulp moet wees."

Hierdie hulp aan mekaar strek verder as net tydelike en aardse sake. In die *Formulier vir die huweliksbevestiging* (1999:672) word ten opsigte van die doel van die huwelik gesê dat man en vrou mekaar "getrou (moet) help en bystaan in alles wat tot die tydelike en ewige lewe behoort." Die implikasie hiervan is dat hulle mekaar moet help, aanvul, versterk, bemoedig en inspireer, nie net in die

uitvoering van hulle daaglikse roeping (beroep) nie, maar ook in hulle diens aan die Here (vgl. Drogendijk, 1964:36-40). Dat hulle vir mekaar ook op pad na die ewige lewe ‘n hulp moet wees, word in die Skrif veronderstel en op negatiewe wyse beklemtoon in die geskiedenis van onder andere Salomo (1 Kon. 11:4) en Agab (1 Kon. 21:25).

2.3.4 Die huwelik dien as plek om kinders voort te bring en op te voed

2.3.4.1 Inleidend

Twee sake is hier ter sprake, naamlik

- die vermeerdering van die menslike geslag, en
- die versorging en opvoeding van kinders.

2.3.4.2 Die vermeerdering van die menslike geslag

“Voortplanting is belangrik omdat dit ‘n simbool is van oorwinning oor die dood en van die ewige lewe, aangesien die lewe voortgesit word in die nageslag” (Van Wyk, 1998:86,87).

Omdat kinders slegs verwek word deur geslagsgemeenskap en dit in Genesis 2:24 aan die huwelik verbind word, kan sonder twyfel gesê word dat dit God se bedoeling was dat die voortbring van kinders *in* die huwelik moet plaasvind. So skryf Paulus ook aan Timoteus: “Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar ...” (1 Tim. 5:14).

Dit is God se wil dat die menslike geslag uit die huwelik gebou moet word, aangesien die huwelik die enigste ordelike weg is wat deur God daargestel is om kinders voort te bring (vgl. Koole, 1983:115). Dwarsdeur die Bybel word die voortbring van kinders aan die huwelik verbind. Met afkeur word verwys na kinders wat buite die huwelik gebore is (Rigt. 11:1,2; Hos. 2:3).

2.3.4.3 Die opvoeding van kinders in die huwelik

Die huwelik het ook die opvoeding van kinders as doel. Kinders moet opgevoed word “in die ware kennis en vrees van God, tot Sy eer en tot hulle saligheid” (Formulier vir die huweliksbevestiging, 1999:672).

Die opvoeding van die kinders behels nie net hulle versorging deur die voorsiening van kos, klere, onderwys en ander noodsaaklikhede nie, maar veral die vorming van die kinders om later gebalanseerde en selfstandige volwassenes te wees. Dit beteken dat die kinders opgevoed moet word met die oog op die verskillende verhoudings waarin die mens op aarde staan. Primêr in die verband is vir die Christen die kind se verhouding tot God. Ouers moet hulle kinders opvoed om die Here te eer en Hom te dien deur sy gebooie te gehoorsaam sodat hulle ook op sedelike gebied eerbaar kan lewe. Maar verder moet hulle ook opgevoed word ten opsigte van hulle verhouding tot hulleself, hulle medemens, die natuur, die kultuur en tot die strukture (vgl. De Bruyn, 2002:104-106). Maar hulle moet so opgevoed word dat hulle besef dat al die verskillende aardse verhoudings bepaal word deur hulle verhouding tot God en hulle gehoorsaamheid aan God. Hierby moet in gedagte gehou word dat die voorbeeld van die ouers soms ‘n deurslaggewende rol in die opvoeding van die kinders speel.

Hieruit sou ‘n mens ook die afleiding kon maak dat die opvoedingstaak nie net die gesin raak nie, maar die hele gemeenskap. Gesonde gesinne vorm ‘n gesonde gemeenskap.

2.3.5 Die huwelik dien as beskerming teen ontug

Tot ongeveer die helfte van die twintigste eeu is veral binne die Rooms-Katolieke Kerk, maar ook onder gereformeerdes, die standpunt gehuldig dat geslagsgemeenskap slegs mag plaasvind met die oog op voortplanting (vgl.

Coetzee, 1941:339, 340; Kotzé, 1969:10-12). In navolging van Augustinus is geslagsgemeenskap wat nie bevrugting ten doel het nie, as sonde beskou (vgl. Van Wyk, 2002:342-343). Coetzee (1941:339-340) waarsku selfs dat "veelvuldige verkeer die mens kan verslaaf."

Hierdie siening moet egter op grond van die getuienis van die Skrif self verwerp word. Van Wyk (1998:76) wys daarop dat volgens die Ou Testament seksuele verkeer saam met voedsel en kleding tot die drie elementêre huweliksplig te behoort (Eks. 21:10) en dat daar selfs melding gemaak word van uitbundige huweliksvreugde (Spr. 5:18,19; Hoogl. 7:8,9). Ook wat die Nuwe Testament betref is seksuele omgang tussen man en vrou as 'n doodnatuurlike saak beskou, sodat seksuele onthouding alleen mag plaasvind met wedersydse ooreenstemming en ook net vir 'n tyd (1 Kor. 7:5).

Uit die Skrif is dit duidelik dat geslagsgemeenskap in die huwelik gereeld moet plaasvind juis met die doel om die mens teen ontug te beskerm. Dit blyk duidelik as Paulus in 1 Korintiërs 7:2 en 5 verklaar: "Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê ….. Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie."

Op grond van bogenoemde en ander Skrifgedeeltes verklaar De Bruyn (2002:160): "Binne die huwelik as liefdesgemeenskap het geslagsgemeenskap nie net 'n plek en 'n funksie met die oog op voortplanting nie, maar het dit ook 'n eie onmiskenbare plek en betekenis. Geslagsgemeenskap word trouens deur man en vrou aangevoel en ervaar as een van die belangrikste maniere waarop hulle uiting gee aan hulle besondere liefde vir en trou aan mekaar en aan die innige wedersydse begeerte om in hulle liefde so na as moontlik aan mekaar te kom en met mekaar één te word. As geslagsgemeenskap onder normale

omstandighede in ‘n huwelik onmoontlik gemaak word, beteken dit noodwendig ‘n verminking van die huwelik. Man en vrou *beroof* mekaar dan van een van die belangrikste vorms van huweliksbelewing”.

In die Bybelse boodskap oor seksualiteit is dit besonder opvallend dat alle positiewe uitsprake in die verband altyd aangetref word binne die raamwerk van die huwelik as instelling van God (Van Wyk, 1998:77). In hierdie verband is die titel van die boek van Holtzhausen en Stander (1996), waarin hulle seksualiteit in die huwelik bespreek, besonder treffend: “God gee ons seks om te geniet.” (Vgl. Grobler, 1983:115.) In aansluiting hierby verklaar die Kansas Bishops (1998:5): “Because sex is so sacred and beautiful, God has filled it with meaning. Every act of sexual intercourse is intended by God to express love, commitment and openness to life.”

Samevattend kan gesê word: So sterk as wat die Skrif uitgesproke is teen alle seksuele verkeer voor en buite die huwelik, net so sterk is die Skrif uitgesproke ten gunste van geslagsgemeenskap binne die huwelik as liefdesgemeenskap. Stafford (1998:37) gee dit soos volg weer: “So what is God’s view of sex? Simple: Sex is wonderful within marriage. Outside of marriage it’s an offense to the inventor.”

2.3.6 Man en vrou moet vir mekaar kamerade wees

In die jongste tyd word daar veral in Westerse lande baie sterk nadruk daarop gelê dat die huwelik ook ten doel het dat man en vrou vir mekaar kamerade (“companions”) moet wees. Dit word dan so voorgestel dat man en vrou in die huwelik mekaar se beste en intiemste vriende moet wees. Grenz (1990:54) gee hierdie siening soos volg weer: “According to current thinking, the truly happy marriage partners are those who experience intimacy, who enjoy being together, and who share in the interests, goals, and dreams of their spouses.” Adams

(1982:8) gaan self so ver as om te sê dat kameraadskap die wese van die huwelik is en dat die doel van die huwelik is om die probleem van eensaamheid op te los.

Hoewel Adams se siening ‘n oorbeklemtoning van kameraadskap is en daarom eensydig is, kan daar volgens De Oliveira (2001:47-50) tog ‘n sterk saak daarvoor uitgemaak word dat kameraadskap ook gesien kan word as ‘n doel van die huwelik. Dit was immers implisiet teenwoordig in verskeie huweliksverbintenisse wat in die Ou Testament beskryf word. Grenz (1990:54) sê in die verband: “The narrator gives the sense that the relationship between the spouses in these marriages were characterized by intense companionship. Examples include Abraham and Sarah, Isaac and Rebekah, and Jacob and Rachel, as well as the tender love story of Ruth and Boaz.” Ook in die Nuwe Testament tref ‘n mens aanduidings van kameraadskap in die huwelik aan. So wil dit voorkom of Petrus se vrou hom op sy sendingreise vergesel het (1 Kor. 9:5). Ook het Priscilla en Akwila soos kamerade saam die Here op ‘n besondere wyse gedien (Hand. 18:2,26). Daarby kan aan die voorskrifte wat aan man en vrou in Efesiërs 5:21-33 gegee word op die beste wyse voldoen word as dit op ‘n spontane wyse uitgevoer word in ‘n huwelik waar man en vrou vir mekaar kamerade is (Grenz, 1990:55).

Die vraag kan egter gestel word of kameraadskap in die huwelik nie ingesluit is by die tweede doel van die huwelik nie, naamlik dat man en vrou vir mekaar ‘n hulp moet wees (vgl. 2.3.3). Dit kan sekerlik gedoen word sodat die kameraadskap in die huwelik maar net gesien moet word as die verlengstuk of konsekwensie dat man en vrou vir mekaar ‘n hulp moet wees.

In die lig van die praktyk waar dit dikwels gebeur dat man en vrou in die huwelik – om welke rede ook al – in mindere of meerdere mate van mekaar vervreemd raak – met onaangename gevolge – kan dit tog goed wees om kameraadskap as

‘n aparte doel van die huwelik te noem om die noodsaaklikheid daarvan te beklemtoon. Dit lê immers heeltemal in lyn met die getuienis van die Skrif oor wat God van man en vrou in die huwelik verwag (Vgl. Spr. 2:16,17; Mal. 2:14; Ef. 5:21-33. In eersgenoemde twee tekste word in die *New King James Version* die woord “companion” gebruik.)

Die inhoud van so ‘n verhouding sal dan veral wees soos in 2.2.5.2 by vriendskapsliefde (*filia)* aangedui is, hoewel dit nooit van *eros* en veral van *agape* losgemaak kan word nie.

2.3.7 Samevatting

Uit die bespreking het dit duidelik geword dat die huwelik die volgende ten doel het:

- die eer van God,
- die hulp aan mekaar,
- die voortbring en opvoeding van kinders,
- die beskerming teen ontug en hoerery, en
- die kameraadskap vir mekaar.

2.4 HOOFSTUKSAMEVATTING

In bogenoemde hoofstuk is aandag gegee aan die wese en doel van die huwelik.

Samevattend kan gesê word: die huwelik is in wese “‘n instelling van God waardeur één man en één vrou op die innigste denkbare wyse lewenslank deur liefde en trou tot ‘n twee-eenheid aan mekaar verbind word, en wel op so ‘n wyse dat in hulle verhouding die verhouding tussen Christus en sy gemeente afgebeeld word” (De Bruyn, 1982:204).

Die doel van die huwelik is die eer van God, om vir mekaar tot hulp te wees, kinders voort te bring en op te voed, om te dien as ‘n beskerming teen ontug en hoerery en om vir mekaar kamerade te wees.

Daar kan afgesluit word met ‘n aanhaling van Van de Velde (1964:1) oor die huwelik. Hy skryf:

> “Voor de gelovigen is deze instelling heilig;
> voor den staat, voor de gemeenschap, ontontbeerlijk;
> voor de kinderen volstrekt noodzakelijk.”

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit uit hierdie hoofstuk duidelik dat geslagsgemeenskap slegs binne die wettige huwelik mag plaasvind.

In die volgende hoofstuk word besin oor saamwoon as verskynsel en die oorsake daarvan.

HOOFSTUK 3

3. SAAMWOON AS VERSKYNSEL EN DIE OORSAKE DAARVAN

3.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is die probleem van saamwoon as verhoudingsvorm geskets, in hoofstuk 2 is die wese en doel van die huwelik volgens die Skrif aangedui. In hierdie hoofstuk word beoog om die aandag te vestig op saamwoon as verskynsel en veral om die oorsake daarvan aan te dui.

3.2 SAAMWOON AS MODERNE VERSKYNSEL

Dit is bykans onmoontlik om aan te toon presies waar en wanneer saamwoon ontstaan het. Vroeër was dit in Suid-Afrika en onder lidmate van byna al die kerke iets ondenkbaar (Botha, Eloff & Malan, 1983:143). Die situasie het egter sodanig verander dat Smuts (1982:49) kon praat van “die openbare polemiek oor saamwonery [wat] ons land in die laat sewentigerjare en vroeg-tagtigerjare getref het”.

Die Sentrale Statistiekdiens van Suid-Afrika (1996:52-59) bevestig dat saamwoon steeds ‘n groeiende tendens in die samelewing is. Daarvolgens is daar ‘n totaal van 1 268 964 mense wat in Suid-Afrika saamwoon sonder dat hulle getroud is (1996:52). (Die Sentrale Statistiekdiens onderverdeel dit as volg:

1 040 450 swartmense, 130 655 bruinmense, 7 027 Indiërs, 82 924 witmense[5], en 7 908 ander). Wat insiggewend is, is dat die ouderdomsgroep waaronder saamwoon die meeste voorkom die groep tussen 25 – 29 is, naamlik 243 514; en die tweede grootste groep is die tussen 30 – 34 jaar, naamlik 226 580. Verder is dit opvallend dat daar in die groep 15 –19 jaar en 20 - 24 reeds met dié sensusopnames onderskeidelik 34 839 en 168 480 saamwoners was.

Die problematiek oor die "saamwoon of huwelik" het die afgelope jare toegeneem, maar is reeds lankal vir die kerk 'n probleem. So skryf De Klerk (1980:7) oor die vraag: "Mag jongmense saambly?" "Hierdie is 'n vraag wat al hoe meer aan die orde kom. Baie jongmense vra dit. Daar is ook jongmense in ons eie gemeentes wat dit vra." Maartens (2000:14) skryf: "Orals in ons land, in liberale en tradisioneel konserwatiewe gemeenskappe woon ongetroude jongmense deesdae saam. Talle paartjies deel 'n woonstel, met of sonder hul ouers se medewete." Van Wyk (2002:265) meld dat dit vandag nie meer nuus is dat die tradisionele (Bybelse) huwelik diep deur die branding gaan nie. Stemme gaan op wat verklaar dat die tyd van die tradisionele huwelik onherroeplik verby is.

In die lig van hierdie stand van sake is dit noodsaaklik om vas te stel wat die vernaamste oorsake van saamwoon is.

[5] Alhoewel die statistieke van die swartmense, bruinmense en Indiërs wat saamwoon ook hier aangedui word, word beklemtoon dat hierdie studie fokus op saamwoon onder blanke Christene. Die statistiek maak dit egter duidelik dat saamwoon in die ander bevolkings-groepe ook indringend sal moet aandag geniet. Nuwe wetgewing in Suid-Afrika het reeds die saak van inheemse huwelike begin aanspreek (vgl. Malindi, 1999:17-18; De Koker, 2001:257-275; Vorster, 2001b:51-55), en 'n teologies-etiese besinning hieroor kan van groot waarde wees.

3.3 OORSAKE VAN SAAMWOON

3.3.1 Inleidend

Onderliggend aan die hele saamwoon problematiek lê die vraag: Wat is die oorsaak/oorsake vir die toenemende probleem? Daar is geen sin in om al die redes wat aangevoer word ten gunste van saamwoon (sien hoofstuk 4) te bespreek en te beoordeel as daar nie ook gekyk word na die oorsake vir die voortdurende toeneem van hierdie verhoudingsvorm nie.

Die praktyk van saamwoon kan nie net aan ‘n enkele oorsaak toegeskryf word nie. Om al die oorsake te bespreek wat ‘n rol in die saamwoonverskynsel speel, is bykans ‘n saak van onmoontlikheid (vgl. De Bruyn, 1982:127-184).[6] Daarom is daar selektief gewerk, gekonsentreer en op die volgende hoofoorsake gefokus, naamlik:

- Die verswakking van die Christelike geloof.
- Die seksuele revolusie.
- Die paradigmaskuif van modernisme na postmodernisme.
- Die Westerse individualisme as oorsaak
- Maatskaplike oorsake.
- Die botsing van pligte.

[6] In sy proefskrif hanteer De Bruyn (1982:127-184) baie oorsake vir die toename in voorhuwelikse geslagsgemeenskap, wat ingedeel kan word in vyf groepe, naamlik historiese oorsake, politieke oorsake, godsdienstige oorsake, maatskaplike (kulturele en sosiale oorsake) en persoonlike oorsake. Die meeste van daardie oorsake sou basies net so ook kon geld vir saamwoon as verhoudingsvorm. Vir die doel van hierdie studie word daar nie op almal gefokus nie, maar slegs op die hoofoorsake soos dit na vore gekom het in die navorsing oor hierdie saak.

3.3.2 Verswakking van die Christelike geloof

De Bruyn (1998:3, 4) toon duidelik aan dat daar ‘n proses van sekularisering in die wêreld aan die gang is. Hy toon aan dat die periode vanaf die tweede helfte van die 19de eeu tot die eerste helfte van die 20ste eeu ‘n ateïstiese fase was waarin die bestaan van God ontken is. Sedert die helfte van die 20ste eeu het daar iets merkwaardigs in die proses van sekularisering gebeur. Die mens het tot die besef gekom dat ‘n ontgoddelikte wêreld, ‘n ontgoddelikte mens, ‘n ontgoddelikte kultuur en ‘n ontgoddelikte wetenskap heeltemal sinloos is en geen behoorlike antwoorde op die lewensvrae kan gee nie. Daarom moet na iets dieper gesoek word. God word weer nodig. Maar die “god” wat in hierdie fase van sekularisme gevind word, is ‘n gesekulariseerde “god”, en byvoorbeeld ‘n krag, ‘n faktor, ‘n funksie, ‘n waarde of wat ook al van en in hierdie wêreld of hierdie mens.

Van ongeveer die sewentigerjare van die vorige eeu begin ‘n volgende fase, naamlik die New Age-beweging. Wat so kenmerkend van die New Age-beweging is, is dat hulle die gesekulariseerde “god” ten volle erken en ontken. So bereik die sekularisasie in die New Age-beweging ‘n sekere hoogtepunt in die sin dat alles ten volle vergoddelik is en die ware God, wat die mens betref, terselfdertyd ten volle geëlimineer is.

Uit die Bybel is dit baie duidelik dat die Christen se lewe, en in besonder sy sedelike lewe, bepaal word deur sy geloof in God. ‘n Mens se godsdiens en sy sedelike lewe is immers onafskeidelik aan mekaar verbonde. Die Skrif toon die verband ook duidelik aan (Rom. 6:12,13,19,22; 12:1-2; 1 Kor. 5:6,7; 2 Kor. 5:17; Gal. 5:25; Ef.4:1; 5:26,27; Kol. 3:1-5). Gevolglik moet ook die Christen se seksuele lewe eties bepaal word deur sy geloof in God. Die geloof in God het van die begin van die Christelike kerk af deur die eeue heen in hierdie verband beteken dat geslagsgemeenskap slegs binne die huwelik mag plaasvind. Buite die huwelik is dit as ongeoorloof en sondig beskou en verskillende vorms van tug

is op die oortreders toegepas. Nou spreek dit vanself dat as daar so ‘n nou band tussen die Christelike geloof en die seksuele lewe is, ‘n verswakking van die Christelike geloof noodwendig ‘n ingrypende betekenis vir die seksuele lewe moet hê (Mace, 1970:86; Botha, 1974:249,250).

By ‘n verswakking van die Christelike geloof kry ‘n mens immers die tendens om leer en lewe van mekaar los te maak – veral in ‘n postmodernistiese situasie. Teoreties (die leer) sal hulle sê dat seks net in die huwelik behoort plaas te vind, maar in die praktyk (die lewe) hou hulle hulle nie daaraan nie. Daar is baie mense wat nog bely dat hulle oortuigde Christene is, maar hulle is van oordeel dat hulle Christenskap niks met hulle sedelike lewe te doen het nie. Daarom is hulle ook die mening toegedaan dat hulle Christenskap vir hulle geen verhindering is om aan voorhuwelikse geslagsgemeenskap mee te doen en as ongetroudes saam te woon asof hulle getroud is nie (Smedes, 1976:110).

Die morele ineenstorting wat die resultaat van die proses van ontkerstening en sekularisasie is, word veral baie duidelik aangetoon in die boek van Barton (1988). Daarin toon hy wat in die VSA gebeur het sedert 17 Junie 1963 toe openbare gebede in skole verbied is deur regters wat deur president J.F. Kennedy aangestel is (1988:183) – ‘n verbod wat 39 miljoen skoliere geraak het.

- Swangerskappe van ongetroude meisies tussen 15-19 jaar het gestyg van 100 000 in 1963 tot 550 000 in 1981, terwyl daar slegs ‘n geringe styging in die bevolkingsgroei was (Barton, 1988:22,23).
- Persone tussen 15-19 jaar wat seksueel oordraagbare siektes het, het gestyg van 250 000 in 1963 tot 1 200 000 in 1982 (Barton, 1988:28).
- Waar die getal mense in die ouderdomsgroep 15-24 jaar wat selfmoord gepleeg het voor 1963 redelik konstant gebly het, het dit daarna met 253% gestyg (Barton, 1988:30,31).

- ***Die aantal ongetroude pare wat saamwoon, het gestyg van 439 000 in 1963 tot 1 983 000 in 1985*** (Barton, 1988:46,47) (my kursivering - JGN).

3.3.3 Die seksuele revolusie

Die tweede oorsaak wat ‘n sterk invloed het op die toenemende praktyk van saamwoon is die seksuele revolusie. Grenz (1990:xix) sê daarvan die volgende: “The secularization of sex came to a climax in the 1960’s in the so-called sexual revolution. That decade witnessed the sounding of the death of the older morality. The double standard was overturned, women were liberated to join men in practicing promiscuity, a call for throwing off all sexual restraints was issued, and a new era of enjoyment of sex was proclaimed.”

Die woord *revolusie* dui gewoonlik ‘n radikale omkeer aan. Mace (1970:68) beskryf die seksuele revolusie soos volg: “The Sexual Revolution represents a radical change in our thinking about sex. The change has proceeded from a negative attitude to a positve attitude, from the suppresson of serious discussion to the encouragement of study and investigation; from a strict and rigid control of sexual expression to a tolerant and permissive attitude toward it.”

“Die uitgangspunt van die seksuele revolusie is dat dit aan elke mens oorgelaat moet word om volgens sy eie aanleg, begeerte, en moontlikhede self te besluit hoe, waar en wanneer hy aan sy seksuele drange uiting gaan gee” (De Bruyn, 2000:130).

Die resultaat van die seksuele revolusie was dat daar gedurende die afgelope drie of vier dekades ‘n buitengewone prominensie aan seks in die samelewing verleen is. Van die talle uitsprake in die verband word slegs die van drie skrywers hier weergegee. Daarin word die impak van die seksuele revolusie duidelik getoon.

Die Vlaamse skrywer, Alfred De Ligne (1960?:39,40), stel dit so: Realistiese romans word verslind, nie vanweë die skoonheid van styl of karaktertekening nie, maar omdat seksualiteit al hoe meer die sentrale motief in die huidige letterkunde geword het. Boeke waarin seks ‘n belangrike rol speel, verkoop immers goed en besorg aan die skrywer en uitgewer ‘n groter inkomste. In die advertensiewese neem seks ‘n baie prominente plek in. Plakkate en strooibiljette met verleidelike vrouefigure daarop word aan oud en jonk voorgehou. In die populêre pers is daar ‘n eindelose verskeidenheid advertensies van korsette, nylonkouse, hemde, swempakkies, parfuum, lipstiffies, sigarette – alles geklee in die gewaad van afdruppende seksualiteit. Oor seep, poeier, velroom en parfuum word in advertensies gesê dat dit die vel sagter maak, die soen aangenamer, die omhelsing heerlik en die seksuele aangetrokkenheid onweerstaanbaar.

Die Amerikaanse skrywer, Harvey Cox (1971:232), wys daarop dat die hedendaagse samelewing dit vir die jongmense onmoontlik maak om kuis te lewe. Sonder ophou word hulle deur middel van kleremodes, advertensies, ontspannings- en omgangsgewoontes gebombardeer met die mees geniaal uitgedinkte versamelings van seksuele stimulante wat nog ooit byeengebring is. Hulle seksuele angste en fantasieë word in diepte bestudeer en dan deur die kommunikasiemedia uitgebuit. Plakkate waarin prominensie verleen word aan vrouens se welgevormde borste, soos die van Elizabeth Taylor, word aan hulle opgedis en oor hulle radio’s word voortdurend seksliedjies gehoor.

Goslin (1994:36) sê dat die seksuele revolusie wat al tydens die Tweede Wêreld-oorlog begin het, gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu geïntensiveer is. Wetenskaplike boeke soos die van Masters en Johnson, waarin die genot van seks beklemtoon is, het groot belangstelling uitgelok. Televisie het ’n belangrike medium vir die seksuele revolusie geword omdat rolprente wat seksueel eksplisiet was, daarop vertoon is. Die samelewing is oorspoel met harde en

sagte pornografiese rolprente. Seksprikkelende tydskrifte het die publiek met ’n verskeidenheid besonder eksplisiete artikels blootgestel aan uiteenlopende seksuele gedrag en seksuele inligting oor bekende persone soos filmsterre. In hierdie tydperk is daar ook meer seksuele vryhede soos bostuklose swemdrag, advertensies van seksuele plesier, die uitruil van seksuele maats en alle vorms van seksuele eksperimentering aan die individu gegun. In die tyd het ook al hoe meer persone van die teenoorgestelde geslag buite huweliksverband begin saambly en so is die beginsel van die “proefhuwelik” mettertyd in die gemeenskap gevestig.

Uit hierdie uitsprake is dit duidelik dat die seksuele revolusie met die siening van en houding teenoor seks wat daaruit voortgevloei het die praktyk van saamwoon nie net geïnisieer het nie, maar ook sterk begunstig het. (Vgl. verder oor die seksuele revolusie Fourez, 1984:182-188.)

3.3.4 Die postmodernisme as oorsaak

Die postmodernisme kan met reg een van die hoofoorsake genoem word vir die verandering in die beskouing van die tradisionele huweliksbeskouing, naamlik dat die huwelik ‘n instelling van God is. Baie van die redes wat aangevoer word spruit juis voort vanuit ‘n postmodernistiese lewensbeskouing. Wat die probleem vererger is dat die postmodernistiese beskouing ook die gesag van die Skrif aantas.

Wat is die postmodernisme?

Om die postmodernisme te kan verstaan, moet aandag gegee word aan die paradigmas wat dit voorafgegaan het. Die postmodernisme is die periode wat die moderne periode opgevolg het. Waar daar in die premoderne periode sterk gefokus is op ‘n bykans blinde geloof in God, is daar in die moderne periode

sterk gefokus op die rede van die mens. Baie hoë verwagtings is gekoester van die rede van die mens. En met die rede, die verstandelike vermoëns van die mens (rasionalisme) en die gepaardgaande ontwikkeling van wetenskap en tegniek is inderdaad geweldig baie bereik. Die verwagting is gewek dat dit die antwoord sal gee op alle lewensvrae.

Tog het dit mettertyd duidelik geword dat die modernisme en gepaardgaande rasionalisme met sy vertroue op die wetenskap en wetenskaplike metode, nie aan die verwagtings voldoen het om antwoord te gee op alle lewensvrae nie. Olivier en Van Deventer (2004:3) dui hierdie ontwikkeling soos volg aan: "Gebeurtenisse soos twee wêreldoorloë, die Nazi's se etniese reiniging, die atoombomaanvalle op Hiroshima en Nagasaki en kernkragrampe by Tjernobil en Three Mile Island het alles bygedra tot die erkenning dat die menslike verstand en vermoëns (rasionalisme) alleen nie die wêreld se probleme kan oplos nie en dikwels eerder daartoe bydrae." Ook Du Toit (2000:51,52) verwys na genoemde gebeurtenisse as oorsaak van die ontstaan van die postmodernisme.

Dit alles het aanleiding gegee tot die ontstaan en groei van die postmodernisme. Die postmodernistiese periode fokus op die subjek. Die nadruk is nou op die mens se voorveronderstellings, sy gevoelens, sy gesindheid, sy ervaring en sy spiritualiteit.

Du Toit (1996:72) dui die postmodernisme soos volg aan: "Die postmodernisme is die kritiese reaksie op die eensydighede en aansprake van die modernisme, op die oormoedige verwagtinge en optimistiese vooruitgangsgeloof wat daarmee saamgegaan het. Dit beteken nie dat die postmodernisme geheel los kan wees van die modernisme nie. Postmodernisme beteken ook nie dat die modernisme en alles wat daarmee verband hou, nou tot die verlede behoort nie. Dit is eerder herkontekstualisering en herevaluering van die plek wat die rede, waarheid, verstaan, kultuur, God, geskiedenis, die boek, die self, waardes, ensovoorts, in

ons lewe inneem. Dit is ‘n erkenning van ‘n veelheid van metodes, benaderings, weë, paradigmas en lewenstyle tot waarheid en wetenskap. Dit is die ontmoeting van ‘n veelheid van kulture, lewenswyses, en waarde-sisteme wat elk aanspraak kan maak op legitimiteit.”

Volgens Janse van Rensburg (2001:13) is ‘n baie opvallende kenmerk van die postmodernisme die siening dat niks dieselfde bly nie. Daarvolgens is die realiteit nooit dieselfde nie, want dit is voortdurend in ‘n toestand van *flux* (vloeibaarheid). Die gevolg van hierdie siening is dat die konsep realiteit nooit gedefinieer kan word nie.

Die noodwendige konsekwensie hiervan is dat volgens die postmodernisme alles as relatief beskou moet word. Vorster (1996:69) dui hierdie relativisme soos volg aan: “Wat vandag waar is, kan môre vals wees, afhangende van die paradigma waaruit na die werklikheid gekyk word.”

Hierdie relativisme kom ook in die etiek na vore. Janse van Rensburg (2001:70) sê in die verband: “Even though post-modernism is clearly not a-ethical, it may be concluded from the above that the essence of its ethical structures inevitably ends up in *ethical relativism.*” Hy sê verder (2001:71): “Morality is therefore never fixed by and in a particular culture; it will always be variable according to the principle of *différance.* It is always a dynamic and open-ended process of moral decision making.”

In die postmodernisme is daar ‘n belangstelling in godsdiens, maar dan spesifiek in “godsdiens wat die gevoels- en ervaringswêreld van die mens aanspreek. Die godsdienssin van die post-moderne mens is daarom meer emosioneel as rasioneel ingeklee” (Vorster, 1996:69).

In die postmodernistiese wêreld word die lewe dus beleef as irrasioneel, onvas, onlogies en struktuurloos met geen ordelike samehang tussen dinge nie. Onsekerheid het dus part en deel van die mens se bestaan geword (Jordaan, 1996:5).

Hoe raak bogenoemde postmodernistiese lewensbeskouing die siening oor die huwelik?

Voordat Jordaan (1996) op hierdie vraag antwoord, dui hy eers aan hoe die huwelik volgens die modernistiese beskouing daar uitgesien het. Hy (1996:3) sê dat daar in die modernisme ‘n basiese grondpatroon van die huwelik is wat op ten minste vyf maniere ingeklee kan word:

- ‘n wetlike aspek waardeur die man en vrou kontraktueel aan mekaar verbind word in die rolle van eggenoot en eggenote, en waardeur aan elk bepaalde pligte en regte toegeken word.
- ‘n Godsdienstige aspek waardeur die huwelik geformaliseer word volgens bepaalde godsdienstige gelowe en sermonies (byvoorbeeld in die Christelike tradisie waar die huwelik gesien word as ‘n instelling tot eer en verheerliking van God en waarin man en vrou, in opregte liefde verbonde, in volle lewensgemeenskap aan mekaar behoort).
- ‘n Sosiale aspek wat verwys na gebruike wat die verpligtinge en rolle van die huwelikspaar aandui. ‘n Kenmerk van progressiewe modernisme is die mate waartoe hierdie verpligting en rolle oor tyd minder en minder uitgespel word, en aan individuele pare oorgelaat word om self hulle rolle en verantwoordelikhede te bepaal. Juis hierdie aanpassende eienskap van modernisme bevat die kiem van postmodernisme.
- ‘n Sielkundige aspek waarvolgens die huwelik verstaan word as ‘n betekenisvolle verhouding tussen man en vrou gegrond op wedersydse liefde, respek en begrip.

- ‘n Biologiese aspek waarvolgens die verwagting bestaan dat ‘n man en vrou se wetlik en/of godsdienstig gesanksioneerde seksuele aktiwiteit ook sal uitloop op prokreasie.

Daarteenoor sê Jordaan (1996:8) van die postmodernistiese huweliksbeskouing die volgende : “Wat uit al die dinge vasstaan, is dat daar geen postmodernistiese huweliksmodel kan wees nie; dat so-iets ‘n kontradiksie in postmodernistiese terme is,” en: “Al is dit so dat baie huwelike steeds op tradisionele manier gesluit word en verloop, is die basiese grondpatroon, statisties en kultureel, besig om veld te verloor. Daar kan gewys word op die geweldige toename in kommunale leefwyse waar veelvuldige verhoudings gelyktydig plaasvind; enkel-ouers wat by keuse geen formele huwelik sluit nie, of wat as geskeide pare kinders grootmaak; die toename in pare wat net saamwoon en kinders verwek; asook die toename in homoseksuele pare wat verbintenisse aangaan, ‘huwelike’ sluit en ‘gesinne’ vorm” (Jordaan, 1996:9). Volgens Jordaan (1996:9) is daar binne die raamwerk van plurale postmodernistiese moontlikhede ‘n enorme diversiteit van verhoudingsmoontlikhede tussen die geslagte.

Robinson (2004:4) dui die implikasie van die postmodernisme vir die huwelik soos volg aan: “Postmodernists see the world and especially social relationships as a construct … Applied to marriage this entails that marriage is not something fixed by nature, but is what people decide marriage is.” Dit beteken dat as ‘n man en ‘n vrou in ‘n saamwoonverhouding hulle verhouding as ‘n huwelik beskou, dan is dit ‘n huwelik, ongeag of dit deur die owerheid, die kerk en die gemeenskap as sodanig erken word of nie.

Die gevolgtrekking wat gemaak moet word uit bogenoemde is dat die huweliksbeskouing binne die postmodernisme totaal anders gaan lyk. So stel Van Wyk (2002:274) dat die moderne en postmoderne tydgees baie vrae stel oor die siening van die kerk wat sê dat die huwelik ‘n ‘instelling’ en ‘n ‘gawe’ van God

is. Du Toit (1996:74) bevestig dit as sy sê dat die postmoderne seksuele etos die seksuele baie breed sien.

In ‘n sekere sin is dit heeltemal verstaanbaar omdat, volgens Goudzwaard (1998:6, 7, 9) die “diep gees van onverantwoordelikheid in die Postmodernisme” tot gevolg het dat liefde en seksualiteit van mekaar losgemaak word. Dit het daartoe gelei dat seksualiteit ‘n doel op homself geword het en dat die liefde nie meer gesien word as “die antwoordkant van seksualiteit” nie (Goudzwaard, 1998:7). Daarom is dit heeltemal te verstane dat Loughlin (2004:218,219) die stelling kan maak: “Promiscuity … is the logic of postmodernity.”

Hierdie beskouing word versterk deur sekere teoloë wat kritiek op die tradisionele beskouing het. Hier kan byvoorbeeld verwys word na Barnard (2000) se boek: “Dis tyd dat Christene anders dink en praat oor seks.” In hierdie skrywe bied hy ‘n postmodernistiese beskouing van seks aan. Barnard (2000:voorwoord) haal ook Christina Landman in ‘n postmodernistiese konteks aan en skryf: “Die kerk kan nie meer voorskryf wat goed en sleg is nie.”

Dat die postmodernistiese lewensbeskouing die saamwoonproblematiek vergroot, blyk dan ook uit die volgende stellings:

- “Dit is hoogs problematies om ‘n sterk teologiese punt daarvoor uit te maak dat seks alleen binne die ruimte van die huwelik uitgeleef kan word en kan gedy” (Barnard, 2000:36).
- “In die vroeë sewentigerjare het selfs die “konserwatiewe” Suid-Afrika kennis geneem van die gebruik van die “proefhuwelik”. Vandag noem ons dit “saambly” en frons ons nie eens meer veel daaroor nie. Die aksent het verskuif – die huwelik word deesdae bevraagteken” (Barnard, 2000:46).

Uit bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat een van die hoofoorsake van saamwoon as verhoudingsvorm die paradigmaskuif van die modernisme na die postmodernisme is en die invloed wat dit op huwelik en seksualiteit het.

3.3.5 Die Westerse individualisme as oorsaak

Baie Christene vra die vraag of die huwelik nie ‘n saak is wat net hom/haar as individu raak nie. Dit lei daartoe dat in die bespreking van oorsake van saamwoon voor die huwelik ook individualisme as oorsaak bespreek moet word.

Alhoewel daar reeds tot ‘n groot mate ‘n paradigmaskuif plaasgevind het van modernisme na postmodernisme is dit nie vergesog om te beweer dat in sommige aspekte van die huidige kultuur twee paradigmas (modernisme en postmodernisme) langs mekaar bestaan nie. Individualisme is hiervan ‘n voorbeeld. Vorster (1996:113) skryf dat met individualisme bedoel word dat die mens homself primêr op sy eie behoeftes instel en sy lewe op homself rig. Die mens soek vandag nog eie belang en eie regte. Naudé (2001:22,23) bevestig die definisie van Vorster as hy skryf: “Die rasionele, denkende ‘ek’, is die middelpunt van waaruit alles beoordeel word.” Ek dink vir myself; ek is nie lojaal teenoor die verlede nie; ek leef vir myself. Hierdie lewensbeskouing “is die gevolg van modernisme met sy klem op die rasionele en op die lewensruimte van die individu. Ten spyte van die groeiende behoefte aan gemeenskapsbelewing as gevolg van die post-modernistiese paradigma is individualisme dus nog steeds ‘n groot struikelblok …”(Vorster, 1996:113). So gesien, speel die individualisme soos gevind in die modernisme, ‘n groot rol in die huweliksbeskouing van die mens.

Volgens Jordaan (1996:2) is die drie grondpilare van die modernistiese tydsgees:

- die demonstrasie van rasioneel-gegronde sekerheid;
- die moontlikheid en bereidwilligheid om uit chaos orde te skep;

- en pogings om die mens se outonomie, sy ontwikkelende, geïndividualiseerde volkomendheid te bevestig.

In die bespreking van individualisme as oorsaak van saamwoon voor die huwelik kom veral die laasgenoemde grondpilaar na vore.

Van Wyk (2002:273) stel dat die moderne era geboorte gegee het aan die outonome mens. “Dit is die mens wat self die reëls vir die lewe maak en sy of haar eie norme daarstel. Die mens wil nie ingeperk wees in iets soos die huwelik nie. Daarom is die praktyke van egskeiding en saamwonery sedert die opkoms van die moderne en veral die postmoderne so aan die orde van die dag.” So stel hy (Van Wyk, 2002:273): “By die outonome mens wat self die reëls vir die lewe maak en doen wat hy of sy wil, kan seksualiteit maklik verlaag en vervlak word tot die vlak van die dierlike waar dit nog net wellus en genotsbevrediging is wat tel.”

Die feit dat individualisme (uit die modernisme en nou toegepas deur die postmodernisme) die praktyk van saamwoon bevorder blyk verder uit die standpunt van Du Toit (1996:69,70): “Waar die kerk vroeër kon aanvaar dat die huwelik die enigste aanvaarbare ruimte vir seksuele uitlewing is, en dit ook in ‘n groot mate so in die maatskappy weerspieël is, word daar nou ook vele ander ruimtes vir seksuele uitlewing opgeëis, soos ‘n tweede en derde huwelik, voorhuwelikse seks, buitehuwelikse seks, saamwoon, homoseksualiteit, promiskuïteit, ensovoorts… Binne ‘n sogenaamde raamwerk waar geen enkele norm op universele geldigheid kan aanspraak maak nie, verkies die indiwidu om vry te bly om sy standpunt, etos en waarde te handhaaf. Die bepaalde etos wat die indiwidu kies, bied ‘n bepaalde identiteit, sekuriteit en lewensstyl aan hom. Binne so ‘n raamwerk lyk dit baie moeilik om ‘n kuisheidsideaal wat oorkoepelende norme vir almal verpligtend maak, te verwesenlik.”

Dat die individualisme ‘n groot oorsaak vir saamwoon voor die huwelik is, word verder beklemtoon in studie wat Hendriks en Ludick (1993:814) gedoen het. In hulle studie wat handel oor *koinonia* binne ‘n gemeente in die stad skryf hulle dat individualisme die mens so beïnvloed het dat hy nie in diepgaande verhoudinge betrokke wil raak nie. Hulle (1993:813) stel dit so: “Die mobiliteit van die moderne mens is een van die groot faktore wat verhoudingsnetwerke versteur. As gevolg van die voortdurende veranderinge in sosiale omgewing, ontwikkel mense nie die vermoë om te bou aan duursame verhoudinge nie. *Verhoudinge raak boonop ‘n saak van eie keuse en gevolglik, ‘n saak van persoonlike smaak”* (my kursivering – JGN).

Hierdie toename in individualime is die uitvloeisel van ‘n samelewing waar sekularisasie sy loop geneem het. Sodoende is ‘n nuwe mens geskep – ‘n individualistiese mens. ‘n Mens wat nie afhanklik wil wees van ander nie en wat ook nie insien dat hy enige verantwoordelikheid teenoor ander “mondige” mense het nie (Hendriks en Ludick, 1993:814). Alles draai om die persoonlike behoeftes van die individu (Hendriks en Ludick, 1993:814). Waar ‘n huwelik juis bedoel is om mekaar tot hulp te wees en ‘n rol te speel het binne sosiale geregtigheid (sien hoofstuk 4) word die moderne mens deur individualisme gerig op homself. Dan sê Hendriks en Ludick (1993:815): “Die gevolge van hierdie elemente van die moderne samelewing is verreikend. Dit kweek valse waardes, wat indiviualisme en egosentrisme verhef tot deugde. Hierdie waardes werk afbrekend in op alle instellings wat afhanklik van hegte verhoudings is – in besonder die gesin en die gemeente.”

Individualisme kan dus ongetwyfeld een van die hoofoorsake genoem word van saamwoon voor die huwelik en waar daar “wel nog sprake is van die huwelik, dui dit daarop dat dit ver van die tradisionele af is. Die huwelik pas nie in by die mondige samelewing nie aangesien dit die mens se onafhanklikheid aan bande lê” (Van Wyk, 2002:265).

Die individualisme speel dus ‘n groot rol in die huweliksbeskouing van die mens aangesien die moderne individualistiese mens “nie in diepgaande verhoudinge betrokke wil raak nie” (Vorster, 1996:113). Lewis (2001:8) sluit hierby aan: “The most pervasive explanation has focused on an increase in individualism in terms of both ideas and behaviour, which is believed to have undermined commitment in intimate relationships.” Hy sê verder: “The atomised individual is unlikely to engage fully with either family or community, which results in an ‘emptying out’ of these fundamental building blocks of society” (Lewis, 2001:13). Dit is dan ook geen wonder nie dat Hicks (1995:481) waarsku dat hierdie individualisme ‘n mate van anargie tot gevolg kan hê.

By die aanduiding van die Westerse individualisme as oorsaak van saamwoon, is dit volgens Johnson (1999:2) opvallend dat dit ‘n groter rol speel by mans as by dames. Hy (1999:2) sê: “Observe cohabitating people when they are alone. You will find that cohabitation for guys is much closer to being single than it is to being married as far as behaviors, approaches to problems, commitment and development of life’s skills together.” Dames is volgens Johnson (1999:3) veel meer as mans geneig om ‘n saamwoonverhouding as die pad na ‘n huwelik te sien. Dit beteken dat mans groter slagoffers van die individualisme is as dames.

Dit is duidelik dat die Westerse individualisme tans ‘n belangrike oorsaak is vir die saamwoon van ongetroudes.

3.3.6 Maatskaplike oorsake

Wanneer maatskaplike oorsake genoem word as oorsaak vir die toename in saamwoonverhoudings, dan bring dit verskeie sake na vore. Sonder om elkeen volledig te bespreek, word sommige maatskaplike en kulturele sake genoem wat

'n rol in die toename van voorhuwelikse geslagsgemeenskap en ook saamwoonverhoudings speel (De Bruyn:1982:140-176):

- Jongmense (jongman en jongvrou) het meer die geleentheid om mekaar op 'n gereelder basis te sien. Smuts (1981:38) skryf "dat die tempo waarteen 'n verhouding ontwikkel, saamhang met die hoeveelheid kere wat die paartjie mekaar sien. Hoe meer gereeld, hoe vinniger sal die verhouding geneig wees om te onwikkel." Die gevolg is dat die paartjie makliker in 'n situasie kan kom waar 'n saamwoonverhouding kan ontstaan.
- Vanweë die vooruitgang in mediese kennis het die vrees wat daar dikwels by jong meisies vir bevrugting en geslagsiektes was, minder geword. Sy woon baie makliker saam sonder enige vrees dat haar toekoms negatief beïnvloed mag word deur 'n ongewenste swangerskap of 'n seksueel oordraagbare siekte.
- Die kommunikasiemedia het 'n groter prominensie aan seks verleen. Die gevolg is dat die erotiese liefde bo die selfverloënde liefde en die vriendskapsliefde gestel word (vgl. 2.2.5.2). Die logiese gevolg is dat saamwoonverhoudings makliker oorweeg word.
- Die Westerse mens het alle vrees wat voorheen aan seks verbonde was (die taboe-karakter) verloor en dit het tot 'n oorreaksie gelei. Wat hy vroeër nie kon bespreek nie en kon aanraak nie, wil hy nou op 'n oormatige wyse bespreek en aanraak. Ook hier vind 'n mens 'n oorbeklemtoning van die erotiese liefde wat kan meewerk tot die ontstaan van 'n saamwoonverhouding.
- Die idee ontstaan onder jongmense dat dit die regte ding is om te doen en dat almal dit doen. Saamwoon (soos met voor-/buitehuwelikse geslags-gemeenskap) word voorgehou as reg en toelaatbaar. Daarom vind baie jongmense geen fout met 'n saamwoonverhouding nie.

- Langer verhoudings is aan die orde van die dag. Jongmense wat in ‘n verhouding is, maar weens spesifieke redes tog nie kan trou nie, word wel geraak deur die omstandighede rondom hulle, byvoorbeeld die prominensie wat aan seks verleen word, die genot van seks wat oorbeklemtoon word, die voorstelling van groter seksuele vryheid en so meer. Die gevolg is dat in ‘n lang verhouding dit later ‘n aantreklike opsie raak om wel nog nie te trou nie, maar reeds saam te woon.
- Die emansipasie van die vrou. Dit beteken onder andere dat sy nie wil wag tot sy gevra word vir geslagsgemeenskap nie; sy vra self daarvoor.
- Die gebrokenheid van die gesinslewe is in die Westerse lande aan die toeneem. Wanneer gesinne opbreek, het dit verreikende gevolge vir die hele samelewing, onder andere ook vir die beskouing van die huwelik. Jongmense ken óf nie die doel van die huwelik meer nie, óf het juis vertroue in die huwelik as instelling verloor. Die gevolg is dat saamwoon, wat minder bindend is, as alternatief gebruik word as verhoudingsvorm.
- Gebrek aan gepaste seksuele opvoeding sluit baie sterk aan by die laasgenoemde oorsaak. Daar is dikwels ‘n onkunde by ‘n jongman en ‘n meisie oor wat die huwelik werklik behels, wat die doel en wese daarvan is en op welke wyse egte liefde in die huwelik behoort te funksioneer.
- Groter ongekontroleerde vryheid bestaan vir die paartjie. Die gevolg is dat hulle dit makliker vind om saam te woon al weet hulle dat hulle ouers daarteen gekant is.
- Verskeie vooraanstaande persone, vir wie veral jong mense ‘n hoë agting het, woon saam sonder dat hulle getroud is en is nie skaam om dit te noem nie. Hierdie situasie laat ‘n bepaalde persepsie onder mense ontstaan, sodat saamwoon later as “normaal” en korrek beskou word. Op hierdie wyse word heldefigure wat ‘n voorbeeld stel dan ook ‘n oorsaak vir die toenemende saamwoonpraktyk.

3.3.7 Die botsing van pligte

“Onder ‘n botsing van pligte word verstaan dat ‘n mens, as gevolg van die gebrokenheid van die menslike lewe vanweë die sonde, in ‘n situasie kan beland waarin die gehoorsaamheid aan een gebod van God kan lei tot die oortreding van ‘n ander gebod” (De Bruyn, 2002:10). ‘n Noodleuen in oorlogstyd kan hier dien as ‘n goeie voorbeeld. As iemand in oorlogstyd die volle waarheid aan die vyand oorvertel omdat hy nie wil lieg nie, kan dit lei tot die doodmaak van volksgenote en selfs familie van die betrokkene. In so ‘n geval lieg hy wel nie, maar staan hy skuldig as medepligtige aan moord. Daarom sal ‘n noodleuen in so ‘n situasie verkiesliker wees. Na sulke noodleuens word daar ook sonder veroordeling in die Bybel verwys, onder andere na die optrede van die vroedvroue in Eksodus 1:15-20 en die optrede van Hagar in Josua 2:1-6.

Uit pastorale ervaring het geblyk dat daar tans in Suid-Afrika ‘n spesifieke probleem na vore kom wat saamwoon tot gevolg het. Die probleem vloei voort uit die feit dat ‘n groot persentasie mense werkloos is of ‘n baie lae inkomste kry, veral op die platteland, maar ook in stede (vgl. Olivier & Van Deventer, 2004:5,10). Dit lei soms daartoe dat ‘n paartjie met hulle gesamentlike inkomste hoogstens die huur van ‘n eenpersoonswoonstel kan bekostig of selfs nog kleiner: ‘n enkele kamer. Dan gaan woon hulle saam daarin, dikwels met die vaste, maar onrealistiese voorneme dat daar geen seksuele verhouding tussen hulle sal ontstaan nie. Hulle weet dat hulle hulleself en mekaar nie aan versoeking en verleiding mag blootstel nie, maar ‘n gebrek aan voldoende inkomste het tot gevolg dat hulle in ‘n plek moet bly waar hulle nie anders kan as om dit te doen nie. Dit het in die reël tot gevolg dat hulle wel tot ‘n saamwoonverhouding oorgaan waarin geslagsgemeenskap ingesluit is. En die feit dat van hulle vriende of familie onverbloemd saamwoon, dien dan vir hulle as ‘n verdere motivering om dit ook te doen.

‘n Soortgelyke probleem word aangetref by ouer mense en spesifiek pensioenarisse. Dit gebeur soms dat daar by ‘n afgetrede man en vrou wat hulle lewensmaats verloor het, ‘n verhouding ontwikkel en dat hulle ernstig daaraan dink om te trou. Die probleem is egter dat as hulle trou, die vrou se pensioen haar soms ontneem word of drasties verminder word en dat die man se pensioen dan nie genoeg is om saam ‘n eerbare lewe te kan lei nie. So word hulle dan “gedwing” om saam te woon terwyl hulle self dit nie so wil hê nie, maar wil trou.

Veral Christene wat in so ‘n situasie beland, ervaar dikwels ernstige probleme. Enersyds weet hulle dat geslagsgemeenskap slegs binne die wettige huwelik mag plaasvind en wil hulle dit ook vermy om buite-egtelik saam te woon. Andersyds kan die band van liefde wat so ‘n man en vrou aan mekaar bind, so sterk wees dat dit slegs met groot leed en hartseer verbreek kan word (vgl. De Klerk, 1998:98).

Hier het ‘n mens met ‘n oorsaak van saamwoon te doen wat in aansluiting by en binne die raamwerk van die reeds genoemde oorsake tans in Suid-Afrika nie onderskat moet word nie. Daarom sal met groot erns, maar ook met groot deernis in die kerklike bediening daaraan aandag gegee moet word.

3.4 SAMEVATTING

Saamwoon as verhoudingsvorm is deesdae besonder aktueel (vgl. hoofstuk 1). Die praktyk van saamwoon kan egter nie slegs aan ‘n enkele oorsaak toegeskryf word nie. Verskeie ontwikkelings en omstandighede het ‘n infrastruktuur geskep waardeur saamwoon beslis begunstig is en mense ook gemotiveer word om daaraan mee te doen. Die vernaamste oorsake vir die toenemende praktyk is in besonder die volgende:

- die verswakking van die Christelike geloof;
- die seksuele revolusie;

- die paradigmaverskuiwing van modernisme na postmodernisme;
- die Westerse individualisme;
- bepaalde maatskaplike oorsake;
- die botsing van pligte.

Die aard van veral die eerste vier oorsake is sodanig dat dit ‘n baie sterk invloed op mense se lewens- en wêreldbeskouing het. Dit beteken dat dit nie maar net bepaalde, in die praktyk voorkomende situasies is wat mense beweeg om saam te woon nie, maar dat dit veral hulle denke, hulle evaluering van sake is wat vanweë die invloede verander. Om onder sulke omstandighede aan bepaalde Bybelse beginsels oor seksualiteit vas te hou, kan veral vir jongmense, maar ook vir oueres, soms baie moeilik word omdat hulle dan voel dat hulle teen die stroom in swem. Daarom moet daar in die kerlike bediening, soos reeds aangedui (vgl. 3.3.7), met begrip, deernis en liefde teenoor hulle opgetree word en moet alle vorms van ‘n koue, veroordelende en outoritêre optrede afgewys word.

In die volgende hoofstuk sal saamwoon voor die huwelik in die lig van Bybelse norme beoordeel word.

HOOFSTUK 4

4. SAAMWOON TEOLOGIES-ETIES BEOORDEEL

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word beoog om saamwoon in die lig van die Skrif te beoordeel.

Die bestemming van alle samelewingsverbande is en moet die koninkryk van God wees (Heyns, 1986:98). Hierdie bestemming "bevestig die vermoede dat daar ook 'n sisteem van fundamentele norme moet bestaan wat tegelyk so universeel van aard is, dat dit gemeenskaplik is aan die sosiaal-etiese lewe in al die samelewingsverbande. Gehoorsaamheid hieraan skenk aan die lewe gevolglik daardie eienskappe op grond waarvan dit as 'n egte koninkrykslewe gekwalifiseer kan word" (Heyns, 1986:98). Daarom word die maatstaf waarmee die verskillende samelewingsverbande beoordeel word ook bepaal deur die wet van die koninkryk (Heyns, 1986:98; Steensma, 1995:245).

Die struktuur van hierdie afdeling van die hoofstuk is nie oorspronklik nie. Dankbaar is gebruik gemaak van die ontwerp van Heyns (1986:98-131), soos verskaf in sy sosiale etiek. Hy het nege fundamentele norme genoem wat in die sosiaal-etiese lewe van die Christen behoort te funksioneer. In die proefskrif van Steensma (1995:245-328) word hierdie norme (Heyns, 1986:98-131) uitgewerk en toegepas op die verhouding tussen ouers en kinders. Die wyse waarop Steensma (1995:245-328) hierdie toepassings maak van die norme soos deur

Heyns (1986:98-131) uitgewerk, is as riglyn gebruik vir die saamstel van hierdie hoofstuk. Tereg sê Steensma (1995:247): "De negen normatiewe gezichtspunte weerspiegelen de rijkdom van het ethisch leven dat zijn bron heeft bij God."

Die nege norme wat Heyns geformuleer het, is: gehoorsaamheid, liefde, eerbied, geregtigheid, versoening, waarheid, gesag en mag, vryheid en hoop.

In hierdie hoofstuk sal net agt van die sosiaal-etiese norme behandel word. Die een wat nie hier behandel sal word nie, is versoening. Versoening sal in hoofstuk 5 behandel word waarin riglyne vir die hantering van die praktyk van saamwoon aangedui word. Daarom sal versoening daar ook nie soseer as sosiaal-etiese norm behandel word nie, maar as die proses waarvolgens mense wat saamwoon pastoraal begelei kan word. Die rede vir hierdie *modus operandi* is omdat Heyns self (1986:111-113), hoewel hy versoening 'n norm noem, dit tog ook as 'n proses behandel. Versoening is volgens Heyns (1986:111) die weg waarlangs herstel gevind kan word, brûe gebou kan word en verandering van wat verkeerd is, kan plaasvind. Heyns (1986:111-113) dui in sy uiteensetting selfs die verskeie onderafdelings of fases van versoening as proses aan. In die lig hiervan is geoordeel dat in hierdie studie versoening eerder in hoofstuk 5 behandel moet word as in hierdie hoofstuk.

Genoemde agt sosiaal-etiese norme soos geformuleer deur Heyns (1986:98-131) en soos toegepas op die verhouding tussen ouers en kinders deur Steensma (1995:245-328) sal nou op 'n saamwoonverhouding toegepas word.

4.2 **GEHOORSAAMHEID**

4.2.1 Gehoorsaamheid as sosiaal-etiese norm

Die eerste fundamentele norm vir die sosiaal-etiese lewe van die mens is gehoorsaamheid aan God. Heyns (1986:98,99) stel dat die mens as

gehoorsame wese natuurlik allereers gehoorsaamheid aan God verskuldig is. Dus is gehoorsaamheid aan God ‘n belangrike maatstaf waaraan alle etiese handelinge beoordeel moet word (Steensma, 1995:247). In hierdie verband is dit belangrik om daarop te let dat Calvyn (1986:503; 2.8.5) in sy Institusie sê dat niks vir God “behaagliker is as gehoorsaamheid nie”. Met verwysing na Augustinus sê Calvyn (1986:504; 2.8.5): “Baie waar noem Augustinus die gehoorsaamheid wat aan God betoon word, soms die moeder en bewaker van al die deugde en dan weer die oorsprong daarvan.”

Die mens moet God se Woord hoor en hom daaraan onderwerp. Die aanvaarding van sy Woord is ‘n onderwerping aan sy heerskappy. Daarom moet hierdie gehoorsaamheid aan die Woord en aan God ‘n kenmerk wees van die etiese handeling van die gelowige (Steensma, 1995:247). Die gelowige span hom in om die wil van die Here te verstaan (Ef. 5:17). Die gelowige wil in sy etiese lewe met die wil van God ooreenstem in denke, dade en woorde (Steensma, 1995:247).

Heyns (1986:99) dui aan dat gehoorsaamheid ‘n sosiaal-etiese dimensie het. Daarom is gehoorsaamheid die eerste en fundamentele sosiaal-etiese norm wat vir alle samelewingsverbande geld. Gehoorsaamheid aan God bring die gelowige in ‘n besondere verhouding tot sy naaste. “Ons saam-wees-met-die-ander is ons luister-na-die-ander en daarom ook ons doen-aan-die-ander wat God van ons vra” (Heyns, 1986:99).

4.2.2 Gehoorsaamheid as sosiaal-etiese norm toegepas op ‘n saamwoon-verhouding

In ‘n saamwoonverhouding geld hierdie bogenoemde gehoorsaamheid aan die Woord vir alle partye wat daarby betrokke is. Dit is geldend vir die twee wat saamwoon, dit is geldend vir die ouers van hulle wat saamwoon, dit is geldend vir

die kerk wat hulle wat saamwoon moet begelei. Net soos Steensma (1995:247) aandui dat ouers en kinders in gehoorsaamheid aan God voor ‘n oop Bybel moet leef, so is dit van fundamentele belang dat al die partye in ‘n saamwoon-verhouding voor ‘n oop Bybel moet lewe en in gehoorsaamheid moet soek na God se wil en dan daaraan gehoorsaam moet wees.

4.2.2.1 Die getuienis van die Skrif

Na regte, wanneer daar in ‘n saamwoonverhouding geslagsgemeenskap plaasvind, sal al die Skrifgegewens en ander relevante inligting in verband met voorhuwelikse geslagsgemeenskap ook in ag geneem moet word. Dit hoef hier egter nie volledig behandel te word nie, aangesien De Bruyn (1982) dit reeds in sy proefskrif gedoen het. Van die resultate van sy navorsing sal hier gebruik gemaak word. De Bruyn (1982:332) se finale gevolgtrekking oor voorhuwelikse geslagsgemeenskap in die lig van die Skrif is soos volg: “In Ou en Nuwe Testament word voorhuwelikse geslagsgemeenskap beskou:

- as ‘n oortreding van die gebod van God en daarom sonde teen God;
- as ‘n daad van hoerery wat uitdruklik afgewys en veroordeel word;
- as ‘n handeling wat onversoenbaar is met die lewe van die ware gelowige.”

4.2.2.2 Die huwelik as plek vir geslagsgemeenskap

Die vraag word dikwels gestel of die huweliksdatum so belangrik is met die oog op die begin van die geslagsgemeenskap. In antwoord op hierdie vraag kan gesê word dat die getuienis uit die Bybel daarop dui dat daar ‘n eksklusiewe verband tussen geslagsgemeenskap en die huwelik is. In die Bybel word van die begin tot die einde afwysend en veroordelend van geslagsgemeenskap voor die huwelik en buite die huwelik gepraat en goedkeurend as dit binne die huwelik plaasvind. Daar is nie ‘n enkele uitsondering op die reël nie. Dit is reeds duidelik in hoofstuk 2 aangetoon (vgl. veral 2.2.2, 2.2.4, 2.2.6, 2.2.7, 2.3.5). Hoewel twee persone in hulle harte kan voel dat hulle reeds aan mekaar behoort en met

mekaar getroud is, is die huwelik eers werklik ‘n huwelik wanneer dit volgens die gebruik of wette van ‘n bepaalde land voltrek is op ‘n wyse wat owerheid en onderdane as wettig aanvaar (De Bruyn, 1982:364; 2002:149).

“Die Bybel leer baie duidelik dat God ‘n God van orde is (1 Kor. 14:33). En dit beteken dat die Christen ook ten opsigte van die huwelik ordelik moet handel en nie die reg in eie hande moet neem nie, maar die betrokke land se regering as ‘dienaar van God’ moet eerbiedig en sy reëling moet gehoorsaam (Rom. 13:1-7). En as mense die voorregte van die huwelik voor die wettige sluiting van die huwelik vir hulleself toeëien, tree hulle voor God onordelik op” (De Bruyn, 2002:149). Die argument dat die owerheid self besig is om die huwelik uit te hol omdat hy aan allerlei ander samelewingsvorme dieselfde maatskaplike konsekwensies (finansiële regte en pligte, erfreg, ens.) as aan die huwelik verbind, is volgens Douma (1993:135) vir die Christen nie ter sake nie. Douma (1993:135-136) sê dan verder: “Het voor het leven verbindende ja-woord ten overstaan van die overheid uitspreken, kan van minder waarde geworde zijn. Dezelfde overheid maakt immers scheiden even gemakkelijk als trouwen. Maar er is ook nog een gemeente van Christus die het huwelijk en daarmee de belofte van trouw voor het leven ernstig blijt nemen. De kerk moet op dit punt van geen wijken weten, wil zij geloofwaardig blijven in haar verkondiging van Christus verbondenheid aan zijn gemeente, waarvan het huwelijk een afspiegeling mag zijn.”

In hierdie verband moet ook in gedagte gehou word dat een van die doeleindes van die huwelik juis is om ‘n bolwerk teen ontug te vorm (vgl. 2.3.5). Dit beteken dat alle voor- en buitehuwelikse geslagsgemeenskap as ongehoorsaamheid aan God se Woord afgewys moet word.

Die man en vrou wat saamwoon sonder om te trou tree dus op in stryd met die sosiaal-etiese norm van gehoorsaamheid.

4.2.2.3 Verlowingstydperk

Die getuienis van die Skrif oor geslagsgemeenskap in die verlowingstydperk is baie duidelik. Verlowing is die eerste fase van die huwelik, maar seksuele verkeer was en is nie deel daarvan nie (vgl. Deut. 20:7, 28:30) (Sinodale Jeugkommissie, 1980?:6).

4.2.2.3.1 Matteus 1:18-25

Matteus 1:18-25 moet in hierdie verband deeglik in ag geneem word. In hierdie gedeelte word daar verwys na Josef en Maria van wie uitdruklik verklaar word dat hulle verloof was, terwyl dit duidelik is dat hulle besef het dat geslagsgemeenskap ook nie in dié tyd geoorloof was nie. Hoewel hulle verloof was, was sy nog ‘n maagd (Luk. 1:27). En in Matteus 1:18 word gepraat van die swangerskap van Maria “wat verloof was aan Josef voordat hulle saamgekom het.” (Vgl. hieroor Van Bruggen, 1999:34,35.)

Wat hier van besondere belang is, is die feit dat Josef se optrede gemotiveer word deur die feit dat hy *dikaios* was. In ‘n standaardwerk soos die van Kittel (red.) verklaar Schrenk (1964:189) oor *dikaios:* “At least in narritive passages which describe Jewish relationships the word *dikaios* always refers to fidelity to the Law … Joseph’s way of treating Mary in Mt. 1:19 corresponds to the basic conception of a rigtheous man.” Albright en Mann (1971:8) is dieselfde siening as Shrenk toegedaan, want hulle sê in hierdie verband: “Joseph’s dedication to the Law is indicated in his description as *dikaios*. Contemporary usage in Josephus shows that the Greek means ‘one obedient to the demands of God, an upright man, a man of character’” ‘n Soortgelyke verklaring van *dikaios* in Matteus 1:19 word ook gegee deur Louw en Nida (1989:774) en Schneider (1990:324). In ooreenstemming met Schrenk en andere se siening word *dikaios* in die 1983-vertaling weergegee met “wat aan die wet van Moses getrou was.” Gesien in die konteks van die perikoop beteken dit dat *dikaios* hier sonder twyfel

verwys na die sewende gebod en voorskrifte soos die in Deuteronomium 22:13-30. Daar word dus goedkeurend van Josef se optrede gepraat omdat dit voortgevloei het uit sy gehoorsaamheid aan die wet van God.

Nou vestig Garlington (1995:743) die aandag op die belangrike feit dat *dikaios* nie net ‘n persoonlike dimensie het nie maar ook ‘n etiese dimensie. Daarom is *dikaios*-wees volgens hom (1995:743) “the sum and substance of the Christian ethic and of Christian character”. Al die verhoudings tussen mense waarna Paulus in sy briewe in die Nuwe Testament verwys, word volgens Garlington (1995:744) ten diepste gereël of bepaal (“regulates”) deur mense se *dikaios*-wees.

Matteus 1:18-25 is ‘n deskriptiewe gedeelte waarin goedkeurend verwys word na Josef se *dikaios*-wees met die betekenis dat hy die wet van God onderhou het. In die lig van die etiese dimensie van *dikaios*, soos hierbo aangedui, kan derhalwe gesê word dat *dikaios* in Matteus 1:19 en die goedkeurende verwysing daarna, nie net historiese gesag het nie, maar ook normatiewe gesag. Ook Douma (1993:106) sê met verwysing na, onder andere, Josef se optrede volgens Matteus 1:18-25: “Wat God verbonden heeft aan het huwelijk, moeten wij niet reeds reserveren voor de verkerings- en verlovingstijd.”

Nou moet ‘n mens daarmee rekening hou dat die uitspraak in Matteus 1:19 gegee is voordat die versoeningswerk van Christus afgehandel is. Dit is immers so dat sekere Ou-Testamentiese wette na die versoeningswerk van Christus verval het of sodanig gewysig is dat dit tans nie meer normatief is nie. Mense word byvoorbeeld sedert die koms en verlossing deur Christus nie meer met die dood gestraf vir seksuele oortredings soos in Deuteronomium 22 voorgeskryf word nie. In die lig daarvan kan die vraag gestel word of dit nie ook die geval is met die verbod op geslagsgemeenskap voor die huwelik nie. Dat hierdie verbod nie met die koms en verlossing van Christus verval het nie, blyk uit die volgende twee gedeeltes wat behandel gaan word (4.2.2.3.2 en 4.2.2.3.3) en uit ander

uitsprake in die Nuwe Testament soos 1 Korintiërs 7:2 en 1 Tessalonisense 4:3, 4 (vgl. Ridderbos, 1966:342, 343; Coetzee, 1975:40,41; Barrett, 1994:155, 156; Sampley, 2002:871, 872).

4.2.2.3.2 1 Korintiërs 7:36

In die 1983-vertaling word hierdie vers soos volg weergegee: "As iemand meen dat hy teenoor sy verloofde onbehoorlik handel deur nie te trou nie, en sy begeertes te sterk word en hy voel dat hulle behoort te trou, laat hom doen wat hy graag wil: laat hulle gerus trou. Dit is nie verkeerd nie."

Aangesien die vertaling van hierdie vers probleme oplewer, is daar in die loop van die geskiedenis van die kerk verskeie vertalings en verklarings daarvan gegee. Die verklarings kan gevind word by Linde (1972) wat sy skripsie geskryf het veral oor 1 Korintiërs 7:36-38. In die jongste tyd word redelik algemeen aanvaar dat die vertaling en verklaring wat sy neerslag vind in die 1983-vertaling die korrekte is (vgl. Barrett, 1994:182-184; Sampley, 2002:889).

Om enige misverstande te voorkom stel Linde (1972:146) voor dat vers 36 soos volg geparafraseer word: "As 'n jongman van oordeel is dat hy onvanpas optree teenoor sy meisie (of: verloofde), as sy geslagsdrange sterk na vore kom (en dit in 'n verhouding waarin daar volgens hulle eie voorneme geen plek sou wees vir die geslagtelike nie) en die saak in die rigting van 'n huwelik moet ontwikkel, laat hom doen wat hy begeer om te doen: dit is nie verkeerd dat hulle in die huwelik tree nie."

Die betekenis van 1 Korintiërs 7:36 is dus dat verloofdes behoort te trou as hulle seksuele drange te sterk word, sodat hulle binne die huwelik uiting daaraan kan gee.

4.2.2.3.3 2 Korintiërs 11:2

Paulus se uitspraak in 2 Korintiërs 11:2 is hier ook van belang. Daar skryf hy aan die Korintiërs: "Want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n rein maagd aan Christus voor te stel." Die verhouding tussen Christus en sy kerk word hier, soos ook op ander plekke in die Skrif (vgl. Ef.5:21-33; Op. 19:1-10) voorgestel as die verhouding tussen bruidegom en bruid.

Volgens feitlik alle beskikbare kommentare sien die uitdrukking "aan een man *verbind*" op die verlowing, en die woorde "aan Christus *voor te stel"* op die huwelik (vgl. o.a. Martin, 1986:332; Garland, 1999:460,461; Sampley, 2000:147; Thrall, 2000:660,661). *Parthenos hagne* dui 'n meisie aan wat nog geen geslagsgemeenskap met 'n man gehad het nie. So moet die kerk in Korinte wees nou nadat hulle aan Christus "verloof" (verbind) is en so moet hulle bly tot by die "huwelik" met Christus by sy wederkoms.

Die hele gedagte wat aan hierdie uitspraak ten grondslag lê, is dat die meisie 'n maagd moet wees as sy in die huwelik tree (Garland, 1999:461; Thrall, 2000:660,661). Ook tydens haar verlowing moet sy nog 'n maagd bly.

Calvyn (1986:542-546; 2.8.41-44) se verklaring van die sewende gebod in sy Institusie het sonder enige twyfel ook die implikasie dat geslagsgemeenskap ook nie in die verlowingstyd mag plaasvind nie. (Vgl. ook Calvyn, 1964:58.)

Dit is dus duidelik: geen geslagsgemeenskap mag voor die huwelik plaasvind nie – ook nie tydens die verlowing nie. Die meisie moet tot die amptelike huweliksbevestiging 'n maagd bly.

Vir die doeleindes van hierdie studie kan die betekenis van genoemde drie Skrifuitsprake (Matt.1:18-25; 1 Kor. 7:36; 2 Kor. 11:2) soos volg aangedui word: As 'n man en 'n vrou in 'n saamwoonverhouding geslagsgemeenskap het, al is

hulle verloof, tree hulle op in stryd met die sosiaal-etiese norm van gehoorsaamheid aan God.

4.2.2.4 Voor-/buitehuwelikse geslagsgemeenskap is 'n oortreding van die sewende gebod

Die sewende gebod ("Jy mag nie egbreek nie") word baie maklik deur jongmense afgemaak as: "Dit geld net vir getroudes." Dit is egter nie waar nie. Die gebod geld ook vir ongetroudes. "Die sewende gebod gaan oor die totale seksuele lewe van die mens en die huwelik word slegs as die hoogste voorbeeld van die suiwere seksuele verhouding (wat nie verbreek mag word nie) voorgehou. Dit vereis dat die mens ook in sy seksuele lewe volgens die oorspronklike suiwere liefdeswil van God sal lewe en die seksuele alleen sal beoefen soos God dit 'in die begin' geskep het, naamlik vir gebruik *binne die huwelik!* Elke manier waarop ek dus die bedoeling van God in die egte, troue verhouding van 'n man en 'n vrou, wat ook mooi seks insluit, aantas, is egbreuk. Dit is 'n afbreking van God se ordening vir die opbou van die mensdom. Die sewende gebod is 'n skild wat God opgestel het oor die huwelik en die gesin. Binne die huwelik is die seks mooi en in orde, maar daarbuite is dit geskaakte seks en word sabotasie gepleeg teen die seksreëling van God" (Sinodale jeugkommissie, 1980?:10, 11).

Dit alles beteken ook dat 'n saamwoonverhouding in stryd is met die sosiaal-etiese norm van gehoorsaamheid.

4.2.2.5 Saamwoon in die lig van die doel van die huwelik

Die doel van die Christelike huwelik is reeds in hoofstuk 2 behandel (vgl. 2.3.2-2.3.5). Daar is aangedui dat die huwelik 'n struktuur is

- wat tot eer van God moet strek;
- waarin man en vrou vir mekaar 'n hulp vir die tydelike en ewige lewe moet wees;

- waarin kinders voortgebring en opgevoed word;
- waarin man en vrou mekaar wedersyds teen ontug beskerm;
- waarin man en vrou vir mekaar kamerade is.

As ‘n saamwoonverhouding nou aan hierdie doeleindes getoets word, is dit duidelik dat dit nie aan een van die vyf ten volle beantwoord nie.

Eerstens kan ‘n saamwoonverhouding nie tot eer van God wees nie, want deur hulle buite-egtelike geslagsgemeenskap tree hulle op in stryd met die wil en gebod van God.

Tweedens kan hulle miskien wel vir mekaar ‘n hulp in tydelike en aardse sake wees. Hulle kan mekaar egter nie help om God te dien nie, want deur hulle buite-egtelike seksuele verhouding help hulle mekaar juis om teen God te sondig.

Derdens is die voortbring en opvoeding van kinders in ‘n saamwoonverhouding ook ‘n probleem. Normaalweg doen pare wat saamwoon alles in hulle vermoë om te voorkom dat die meisie/vrou swanger word, want kinders skep in so ‘n verhouding dikwels ernstige probleme. Indien die meisie/vrou swanger raak, kan ‘n aborsie oorweeg word met al die negatiewe gevolge daaraan verbonde (Jeffrey, 1999:29). Indien die meisie/vrou nie ‘n aborsie wil ondergaan nie, het die praktyk geleer dat dit dikwels lei tot die beëindiging van die verhouding. As die kind gebore word en in die saamwoonverhouding opgevoed word, beteken dit dat hy/sy opgevoed word in ‘n struktuur wat strydig is met die wil van God en dat dit in die reël negatiewe gevolge vir die kind het. In sy beoordeling van ‘n saamwoonverhouding sê Jenkins (1995:238) oor die opvoeding van kinders in die lig van die Skrif: “Children need to grow up in the security that a constant permanent married relationship at its best affords”. Daarom beantwoord ’n saamwoonverhouding nie aan hierdie doel van die huwelik nie.

Vierdens beskerm man en meisie/vrou mekaar in ‘n saamwoonverhouding nie teen ontug nie, omdat hulle juis in ontug lewe.

Wat die vyfde doel betref, is dit wel moontlik dat ‘n man en vrou in ‘n saamwoonverhouding vir mekaar op ‘n bepaalde wyse kamerade kan wees, maar hulle kan dit nie wees soos in die huwelik nie omdat man en vrou in die huwelik met volle oorgawe, sonder reserwe, lewenslank aan mekaar verbind is.

‘n Saamwoonverhouding beantwoord nie aan die doeleindes van ‘n Christelike huwelik nie en is daarom in stryd met die sosiaal-etiese norm van gehoorsaamheid aan God.

4.2.2.6 Voorlopige samevatting

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat seks voor/buite die huwelik in die lig van die Skrif onaanvaarbaar is. *Seksuele gemeenskap is volgens die Skrif uitsluitlik vir die huwelik bedoel en is nie eers in die verlowingstydperk geoorloof nie. Die meedoen daaraan voor en buite die huwelik is ‘n duidelike oortreding van die sewende gebod. Bowendien beantwoord dit ook nie aan die doeleindes van die huwelik wat in die Woord van God aan die mens voorgehou word nie.*

Hieruit is dit duidelik dat ‘n saamwoonverhouding ‘n verhouding is wat voortvloei uit ongehoorsaamheid aan God omdat geslagsgemeenskap in so ‘n verhouding buite die wettige huwelik plaasvind. Daarom moet dit uit Christelike oogpunt as onaanvaarbaar afgewys word.

In die lig hiervan moet die argumente dat saamwoon slegs ‘n verbreding van die huidige moraal is en dat die huweliksdatum en die huweliksertifikaat nie belangrik is nie, beoordeel word.

4.2.2.7 Argumente ten gunste van saamwoon

Hier word slegs die argumente bespreek wat direk verband hou met die sosiaal-etiese norm van gehoorsaamheid.

4.2.2.7.1 Saamwoon is 'n verbreding van die huidige moraal

Daar is paartjies wat nie 'n probleem het met die huwelik nie, maar graag pleit dat die huidige siening, wat as te eng beskou word, verbreed word sodat saamwoon wel 'n sinvolle plek kan hê.

Hier kom veral die siening van Van der Berg (1982:184) onder die soeklig as hy pleit vir 'n verbreding van die huidige moraal, naamlik van die monogame huwelik na die eengeworde liefdesrelasie as uitgangspunt vir 'n Christelike moraal ("een vlees"-verhouding volgens die Skrif) wat reeds voor die huwelik kan begin en dan beslis op die huwelik uitloop. Van der Berg (1982:183) sê ook: "'n Baie sensitiewe benadering van beide die kerk en die saamwoonstudent is nodig ten opsigte van die probleem van saamwoon. Die Kerk kan nie op ou standpunte van die verlede steun wat 'n teenseksuele houding weerspieël het nie en net so kan die saamwoonstudent nie die Bybelse norme ignoreer nie."

Daarteenoor kan gestel word dat 'n saamwoonverhouding (al is die liefde hoe opreg) nie die fondament bied vir 'n verhouding soos uiteengesit in hoofstuk 2 nie. Huweliksliefde kan nie volledig in 'n saamwoonverhouding tot sy reg kom nie en daarom kan die bestaande kerklike beskouing nie as te eng beskou word nie.

Hierdie standpunt word verder versterk deur daarop te wys dat die egte huweliksliefde volgens die Skrif nie net *eros* en *filia* is nie, maar veral *agape*. *Agape* is in 'n sekere sin 'n onvoorwaardelike liefde: dis nie 'n liefde *omdat* nie, maar 'n liefde *ondanks* (vgl. 2.2.5.2). Juis dit word in 'n saamwoonverhouding

gemis. ‘n Saamwoonverhouding is ‘n liefdesverhouding met ‘n oop agterdeur: ek kan ontsnap as dinge vir my te moeilik/onaangenaam/onbevredigend word sonder om in enige werklike probleme te beland. Die egte Christelike huweliks-verbintenis is nie ‘n verbintenis met ‘n oop agterdeur nie: as dinge moeilik word, wil *agape* dit regmaak en nie ontsnap nie. As mense wat saamwoon beweer dat dit ook hulle gesindheid is, verval al die redes om saamwoon bo ‘n wettige huwelik te verkies. Juis die feit dat hulle saamwoon bo die wettige huwelik verkies, toon dat hulle nie die gesindheid van ‘n blywende aanvaarding van mekaar het nie en dat die egte *agape* by hulle ontbreek. En die moontlikheid is baie groot dat so ‘n verhouding een of ander tyd gaan kraak en selfs skeur.

Die Christelike huwelik bied die hoogste openbaringsvorm van die liefde wat onder mense moontlik is. In geen menslike liefdesverhouding kom God se liefde vir die mens so duidelik tot openbaring en is dit so groot as in die egte Christelike huwelik nie (Delleman,1968:6). Op grond hiervan moet die gedagte afgewys word dat daar nou ‘n verbreding vanaf die kerk se kant oor die huidige moraal moet wees, sodat geslagsgemeenskap reeds voor die huwelik kan plaasvind (vgl. 4.3) Delleman (1968:11) druk die liefdesverhouding in die huwelik nog sterkter uit as hy skryf: “Het huwelijk is een instituaire liefdesgemeenschap.”

Op grond van bogenoemde kan met oortuiging gestel word dat die Skriftuurlike huweliksbeskouing nie te eng is nie, omdat dit die Skriftuurlik geëisde liefde vooropstel. Bowendien kom die doel van die huwelik ook binne hierdie konteks by ’n saamwoonverhouding in gedrang (vgl. 2.3).

Die verbreding van die huidige moraal waarna hier gestreef word, is in werklikheid niks anders nie as die verwerping van die sosiaal-etiese norm van gehoorsaamheid aan God. (Vgl. ook einde van 4.3.2.)

4.2.2.7.2 Die huweliksdatum

Uit die volgende aanhaling uit die werk van Van der Berg (1982:171) is dit duidelik dat die huweliksdatum nie deur almal as ewe belangrik beskou word nie, met die gevolg dat saamwoon ‘n maklike alternatief word: “In die lig van die boodskap van die Skrif met betrekking tot seksualiteit is dit duidelik dat sowel die Christelike huwelik, as ontwakende huweliksliefde wat reeds voor die huweliksdatum in ‘n permanente seksuele liefdesverhouding tussen een man en een meisie ontwikkel het, die uitgangspunt vir ‘n Christelike etiek rakende seksualiteit is. Omdat hierdie seksuele ontwakende huweliksliefde so ‘n gekompliseerde saak is, is dit baie moeilik om hierdie liefde met ‘n enkele uitspraak eties te beoordeel. Ons moet dus aanvaar dat hierdie liefde as sodanig nie as sonde beskou kan word nie. Daarby kan ons egter met sekerheid sê dat hierdie liefde as sodanig nie die ideale en perfekte staat van liefdesbeoefening kan bly nie, omdat die Bybel duidelik veronderstel dat hierdie liefde na die huwelik moet heenloop. Dit moet dan juis ook ‘n kenmerk van die aard van hierdie liefde wees dat dit hunker na die vastigheid en bestendigheid van die huwelik. Seksualiteit is nié, soos in die tradisionele etiek gedink word, die bevestiging van die huwelik nie. *Dit is ‘n eng geforseerde skema wat ‘n huweliksdatum as norm verhef en wat nie die ganse beskouing van die Skrif objektief belig nie* (my kursivering – JGN). Seksualiteit na sy ware bedoeling en aard is juis die bevestiging van die ware en permanente liefdesband tussen een man en een vrou.”

Hierop kan ‘n mens reageer deur te meld dat ‘n datum op sigself nooit ‘n norm kan wees nie, maar wel iets wat op ‘n bepaalde datum gebeur, naamlik die sluiting van ‘n huwelik in ooreenstemming met die wil van God.

Die groot vraag wat hier na vore kom is: wanneer presies begin die huwelik? Begin die huwelik met geslagsgemeenskap? Indien die huwelik met geslags-

gemeenskap sou begin, dan sou die argument teen die huweliksdatum baie gewig dra.

Delleman (1968:3) stel die beginpunt van die huwelik egter baie duidelik as volg: “Het huwelijk begint met een eed. Deze eed word afgelegd in de Kerk, waar de huwelijkssluiting haar voleinding vindt, bij gelegenheid van de liturgische bevestiging en inzegening.” Hierdie punt bevestig Delleman (1968:4) verder deur dit duidelik te stel dat voor hierdie eedaflegging in die kerk, die huwelik vir die Christen nie gesluit is nie.

In 2.2.2.4 is aangedui dat ‘n huwelik op ‘n spesifieke moment begin en dat volgens Genesis 2:24 die huweliksluiting in drie fases plaasvind:

- die losmaking van die ou gesinsverband;
- die stigting van ‘n nuwe gesinslewe (die huweliksluiting);
- die liggaamlike eenwording in geslagsgemeenskap.

Daaruit word die afleiding gemaak dat by die skepping van die mens dit God se doel met geslagsgemeenskap was dat dit binne die huwelik moet plaasvind en nie daar buite nie.

Die huweliksdatum is dus uiters belangrik as begin van die huwelik. Op grond hiervan moet saamwoon as verhoudingsvorm dan ook afgekeur word, juis vanweë die feit dat daar nie ‘n amptelike begindatum is nie.

Die vraag wat ‘n mens ook hier kan vra is of liefde wat nie kan wag tot die huweliksdatum nie, werklik liefde (*agape* – liefde ondanks) is. Die vrug van die Gees volgens Galasiërs 5:22 is nie net liefde nie, maar ook selfbeheersing. Wie nie voor die huwelik liefde en selfbeheersing aan mekaar kan verbind en gesamentlik uitleef nie, sal dit ook nie na die huweliksluiting kan doen nie.

In die lig van die sosiaal-etiese norm van gehoorsaamheid moet hierdie argument afgewys word.

4.2.2.7.3 Die huweliksertifikaat

In aansluiting by die miskenning van die betekenis van die huweliksdatum word daar dikwels ook na die huweliksertifikaat as net ‘n “nuttelose papiertjie” verwys.

So word David en Marjorie (Anon. 1972:50) aangehaal as hulle sê: “Ons getroude vriende weet dat ons presies soos hulle leef. Al verskil is dat ons nie die stukkie papier het wat bevestig dat ons getroud is nie.”

Hier kan ook gewys word op die woorde van ‘n man wat met sy vrou saamwoon nadat hulle geskei het: “My kinders is binne die eg gebore en wat hulle weet, is dat Ma en Pa ‘n nuttelose stukkie papier opgeskeur het ... “ (Martin, 1981:1).

Die vraag kan hier gestel word of hulle ‘n tjek ter waarde van ‘n miljoen rand wat aan hulle uitgemaak is, ook as ‘n “stukkie papier” beskou. Dit is hoogs onwaarskynlik, want dit gaan nie om die papier nie maar om dit wat daarop staan. Daarom is die huweliksertifikaat ook nie maar net ‘n “stukkie papier” nie, maar ‘n sigbare bewys dat volgens die wil van God gehandel is en dat hulle lewenslank aan mekaar liefde en trou beloof het. Daarom kan die vraag gestel word of daar werklik by die betrokkenes die liefde en trou is waaroor in hoofstuk 2.2.5 gehandel is.

Die afwysing van die noodsaaklikheid van ‘n huweliksertifikaat spruit voort uit ‘n minagting van die sosiaal-etiese norm van gehoorsaamheid.

4.2.3 Samevatting

Samevattend kan gesê word dat alle betrokke partye in ‘n saamwoonverhouding moet buig voor die Woord van God wat tot hulle kom. Hulle moet luister wat die Woord leer betreffende die verhouding tot ander mense (ook ‘n seksuele verhouding) en hulle moet luister na wat God vra betreffende gehoorsaamheid aan Hom.

Die man en vrou wat in ‘n saamwoonverhouding betrokke is, moet ‘n openheid vir die Woord van God hê, ook ter wille van mekaar, sodat die een die ander kan help om tot gehoorsaamheid aan die Here te kom. “Wie God onvoorwaardelik gehoorsaam is, transendeer homself, want in sy gedagtes, woorde en werke oriënteer hy hom aan en laat hy hom lei deur die Woord van God wat hom aanspreek” (Heyns, 1986:101).

4.3 LIEFDE

4.3.1 Liefde as sosiaal-etiese norm

“Die liefde in die verhouding tussen mense is ‘n skepping van God en nie ‘n skepping van – selfs die mees welwillende – mens nie. God self skenk die liefde, maar omdat God se gawe tegelyk ook ‘n opdrag is, vra Hy van die mens wederliefde vir Hom en liefde vir sy naaste” (Heyns, 1986:101). “Elke gesindheid, gedagte, woord, gebaar of daad word deur die liefde gemotiveer, deur die liefde gevul en deur die liefde gelei.” Menswees is ‘n bestaan in die liefde en ‘n lewe in die liefde (Heyns, 1986:101). Liefde is gerig op God (Steensma, 1995:251) en “in die absolute sin leef die mens uit God en vir God, maar in relatiewe sin leef die mens uit die naaste vir die naaste” (Heyns, 1986:102).

Heyns (1986:102) verwys in die verband na Paulus wat sê: "Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar, bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld" (Rom. 12:10). Hy (Heyns, 1986:102) verwys ook na wat Paulus sê die liefde nie doen nie: "Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie" (Rom. 13:10). So skryf Heyns (1986:102) dat die liefde "die ander wil hoor en met hom kommunikeer, die liefde wil die pligte van die ander eerbiedig, sy regte erken, en sy deugde bevorder, sy behoeftes bevredig, sy vreugde met hom deel en sy smart verlig; liefde wil gee, nie net materiële besittings nie, maar ook tyd en krag en belangstelling, bo-al die self. Natuurlik *is* liefde en *gee liefde* warme hartlikheid en innige opregtheid, maar liefde gee ook 'n bestraffende woord van vermaning en teregwysing." Liefde is die oorsaak dat 'n persoon in sy unieke menswees gehandhaaf, gerespekteer, geëer en met hoflikheid behandel word (Heyns, 1986:102).

Steensma (1995:255) dui die funksionering van die liefde soos volg aan: Die openbaring van die liefde van God het sy hoogtepunt in Christus Jesus bereik (Joh. 3:16). Tot daardie uiterste het God gegaan om sondaars te red (Ef. 5:2; Fil. 2:8). In Christus kan die ware karakter van God se liefde gesien word: dit is in 'n sekere sin allesopofferend. Die goddelike liefde word gemanifesteer in heilsdade, wat gesentreer is rondom die gawe van sy Seun en gekonkretiseer is in heilsame gebooie. Die wet van God is die goddelike eksegese van die liefdesgebod. En dit is nou hierdie liefde van God en Christus wat aan man en vrou wat 'n vaste verhouding met mekaar wil aangaan as bron en voorbeeld van hulle liefde vir mekaar voorgehou moet word.

4.3.2 Liefde as sosiaal-etiese norm toegepas op 'n saamwoonverhouding

Soos wat Heyns (1986:101 e.v.) aandui dat liefde 'n fundamentele sosiaal-etiese norm is en soos wat Steensma (1995:251 e.v.) liefde aandui as 'n fundamentele norm in die verhouding tussen ouers en kinders, so is liefde ook 'n fundamentele

norm in die verhouding tussen man en vrou in die huwelik (Thielicke, 1964:32; Foulkes, 1978:160; Heyns, 1981:14). Dit kom veral na vore in die feit dat Christus die liefde tussen man en vrou gebruik om die liefde tussen Hom en die kerk aan te dui (Ef. 5:25-33; vgl. Lloyd-Jones, 1975:139).

In afdeling 2.2.5.2 is aangedui dat liefde deel uitmaak van die wese van die huwelik. Wanneer daar dan in gehoorsaamheid voor God (sien 4.2) gelewe word, sal dit juis beteken dat daar in liefde vir God en in liefde vir die naaste aanvaar moet word dat ’n saamwoonverhouding nie die huwelik mag vervang nie.

In ‘n vorige afdeling (2.2.5) is aangedui dat die liefde van God en Christus aan ’n man en ’n vrou in ’n vaste verhouding as bron en voorbeeld van liefde voorgehou moet word. Maar juis as dit gedoen word, word dit duidelik dat ’n saamwoonverhouding nie die toets van so ’n liefde kan slaag nie omdat dit liefde is met ’n voorbehoud: as dit nie goed gaan nie, kan een van die twee hom of haar van die verhouding onttrek. Maar waar daar werklike liefde is soos God dit bedoel het - *agape* in sy sterkste vorm - mag dit nie gebeur nie. Trouens, werklike liefde waarin die goddelike liefde afgebeeld word, word juis gekenmerk deur offerbereidheid en diensbaarheid (Steensma, 1995:255). Liefde as sosiaal-etiese norm kan immers omskryf word as diensbaarheid aan die ander persoon waardeur dié persoon gehelp word om sy bestemming wat deur God bepaal is, te realiseer (Heyns, 1986:101; Steensma, 1995:255). In ’n saamwoonverhouding word dié gesindheid en optrede nie gevind nie.

Liefde en trou is volgens Van Wyk (1998:75) die fondament van die huwelik. Elders noem hy liefde in sy suiwer Bybelse betekenis as die sentrale kenmerk van die huwelik (Van Wyk, 1998:90). In ’n saamwoonverhouding is hierdie liefde egter nie ’n *sine qua non* nie omdat daar onder die dekmantel van liefde geleef word in ongehoorsaamheid aan God. ’n Saamwoonverhouding bied immers wel

die geleentheid aan twee mense om seksueel te verkeer sonder ’n omvattende verantwoordelikheid vir mekaar, met ander woorde seks sonder laste. Dit bring die Bybelse liefde vir God en vir mekaar in gedrang. Lindeboom (1981:158) stel dit duidelik ”Wat men wil is: geen huwelijk, geen kind, maar wel sex. De lasten zijn geschrapt, de lusten blijven over.” Dit beteken dat daar ’n verkeerde gesindheid by die persone in ’n saamwoonverhouding is.

Die groot probleem wat ‘n mens aantref by pare wat saamwoon, is volgens die Kansas Bishops (1998:3) dat hulle seks en liefde met mekaar verwar en seks as liefde beskou. Die negatiewe gevolge daarvan dui hulle (Kansas Bishops, 1998:3) soos volg aan: “Instead of the sexual act being a life-giving act of mutual love, it can often become a life-draining and very selfish abuse of another person. In a relationship which has a strong dependency on sexual intimacy it can be more difficult for the couple who lives together to resolve other problem areas of their lives.”

In afdeling 2.2.5.2 is aangetoon dat al drie vorms van liefde, naamlik *eros* (erotiese liefde), *filia* (vriendskapsliefde/kameraadskap) en *agape* (selfverloënende liefde) in ’n Christelike huwelik aanwesig moet wees. Maar ’n saamwoonverhouding kan slegs op *eros* en gedeeltelik op *filia* gebou word. Dit beteken dat *agape* as die sterkste vorm van liefde – die liefde wat God vir sy kinders het (Joh. 3:16), die liefde wat daar volgens die wil van God ook tussen man en vrou moet wees (Ef. 5:21-33; Op. 2:4) – dat juis dit nie ’n absolute noodsaaklikheid in ’n saamwoonverhouding is nie. Louw (1983:161) bevestig dit as hy sê dat buitengewone opoffering en diens (wat so kenmerkend van *agape*) in ’n saamwoonverhouding ontbreek. Teenoor die wedersydse gebondenheid aan mekaar in liefde (ook *agape*) en trou, wedersydse verantwoordelikheid vir mekaar in die duursaamheid van die huwelik, is saamwoon volgens Louw (1983:161) “gebaseer op die beginsel van persoonlike vryheid, ongebondenheid,

onafhanklikheid en tydelikheid". Dit beteken dat selfs *filia* in 'n saamwoon-verhouding nie behoorlik tot sy reg kom nie (vgl. 2.2.5.2).

Verder moet in gedagte gehou word – soos reeds in 2.2.5.2 aangedui – dat as die erotiese liefde van *filia* en veral van *agape* losgemaak word, dit 'n selfsugtige karakter begin kry en dat dit dan vir die betrokkenes bloot gaan om die bevrediging van die eie seksuele behoeftes sonder dat daar werklik vir die ander persoon omgegee word.

In die lig van al hierdie gegewens is dit duidelik dat 'n saamwoonverhouding nooit met 'n Christelike huwelik gelykgestel kan word nie en dat dit 'n minderwaardige karakter in vergelyking met die huwelik het.

Die liefde van Christus moet woning maak in die mens se natuurlike liefde, dit deurdring en heilig (Steensma, 1995:254). Indien dit die geval is, sal 'n man en 'n vrou nooit met 'n saamwoonverhouding kan volstaan nie, maar van die begin van hulle verhouding af weet dat die huwelik hulle bestemming is.

Heyns (1986:103) maak dit verder duidelik dat liefde nie effektief beoefen kan word as strukture gehandhaaf word wat die beoefening en die ontvangs van die liefde in die weg staan nie.

Die liefde as sosiaal-etiese norm behoort ook wederkerig te wees (Steensma, 1995:263). In 'n saamwoonverhouding waar die paartjie, volgens Spronk (1988:93) "geen onderhoudsplicht ten opzicthe van elkaar aanvaren", ontbreek die wederkerigheid totaal.

Van der Berg (1982:183,184) se siening dat die huidige seksuele moraal verbreed moet word vanaf die Christelike huwelik na 'n saamwoonverhouding, is reeds in 4.2.2.7.2 afgewys as in stryd met die sosiaal-etiese norm van

gehoorsaamheid. Maar as sy siening hier getoets word aan die sosiaal-etiese norm van die liefde, is dit duidelik dat sy siening ook hierdie toets nie kan slaag nie.

4.3.3 Samevattend

Die groot probleem wat saamwoners meesal nie besef nie, is die feit dat slegs *eros* en *filia* (laasgenoemde op ‘n gedeeltelike wyse) nodig is om in ‘n saamwoonverhouding in te gaan en nie ook *agape* nie, en so ‘n verhouding is van die begin af gedoem tot mislukking. As hulle werklik *agape* vir mekaar het, is daar niks wat verhinder dat hulle in die huwelik kan tree nie.

In die lig hiervan kan gesê word dat ‘n saamwoonverhouding nie beantwoord aan die sosiaal-etiese norm van die liefde nie.

4.4 EERBIED VIR DIE MENSLIKE PERSOON

4.4.1 Eerbied as sosiaal-etiese norm

Die derde normatiewe riglyn wat bespreek word is eerbied. In hierdie normatiewe riglyn word die uniekheid van die menslike persoon beklemtoon.

Heyns (1986:103, 104) skryf dat geen enkele medemenslikheidsverhouding sinvol kan wees as dit nie op eerbied vir die persoon van die mens gebaseer is nie. Die Skrif is vol voorbeelde daarvan: “Kinders moet hulle ouers eer (Eks. 20:12, Deut. 5:16), jonges moet ou mense eer (Lev. 19:32), ‘n slaaf sy eienaar (Mal. 1:6; 1 Tim. 6:1), ‘n onderdaan die keiser (1 Pet. 2:17), gemeentelede die ouderlinge (1 Tim. 5:17). Maar eer word nie net aan persone in belangrike posisies bewys nie: mans moet hulle vroue eer (1 Pet. 3:7), gemeentelede moet mekaar eer (Rom. 12:10), Petrus sê baie duidelik: ‘Julle moet alle mense

respekteer' (1 Pet. 2:17) en Paulus sê: 'In nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself' (Fil. 2:3)."

God het beveel dat die naaste met eerbied behandel moet word. Eerbied handel dus oor die waarde van die persoon. Weens die hoë waarde van elke mens moet elkeen geëer word (Steensma, 1995:263).

Daar moet groot waarde geheg word aan eerbied en respek vir die menslike persoon. Tussen die liefde wat behandel is as sosiaal-etiese norm en eerbied is 'n nou verband. Waar die liefde gedy sal die eerbied groei en omgekeerd, waar die eerbied vir die ander persoon groei daar sal die liefde gedy. Daar is egter ook 'n verskil tussen die twee: liefde het betrekking op die toewyding aan die naaste, terwyl eerbied te doen het met die erkenning en die aanvaarding van die objektiewe waarde van die ander (Steensma, 1995:264).

Die motiewe waarom daar eerbied van mens tot mens moet wees word deur Heyns (1986:104) as volg saamgevat:

- op grond van die feit dat die mens 'n skepsel van God is;
- op grond van die feit dat die mens God se verteenwoordiger op aarde is en 'n ewigheidswese is;
- op grond van Christus se menswording;
- op grond van Christus se sterwe vir alle mense;
- op grond van die amp waarin God die mens geplaas het;
- op grond van die werking van die Heilige Gees in die mens.

4.4.2 Eerbied as sosiaal-etiese norm toegepas op ‘n saamwoonverhouding

In bogenoemde motiewe kom duidelik na vore dat as ‘n mens eerbied vir God het, hy noodwendig ook eerbied vir die mens moet hê, want die mens is na die beeld van God geskep en is God se verteenwoordiger. Bowendien is dit God wat die mens deur Christus verlos het en sy Heilige Gees aan die mens gegee het. In die oë van God het die mens dus hoë waarde en is hy eerbiedwaardig (vgl. Ps. 8; Ps. 82:6; Joh. 10:34; Heb. 2:6-8). Dit beteken dat as die mens nie eerbied vir God het nie, hy ook nie die regte eerbied vir sy medemens sal hê nie. Dit is ‘n saak wat duidelik na vore kom as Christus in Lukas 18:2 verwys na “’n regter wat geen eerbied vir God of agting vir ‘n mens gehad het nie.” Hierdie verbinding tussen eerbied vir God *en* agting (eerbied) vir ‘n mens is baie belangrik. Waar daar geen eerbied vir God is nie, is daar ook nie die regte (spontane) eerbied vir die mens nie. In so ‘n geval moet die eerbied vir die mens deur wetgewing afgedwing word soos wat tans die geval is met die wette oor menseregte in die Grondwet van Suid-Afrika (vgl. Vorster, 1997:80-89; Vorster, 2001:1-20).

Hierdie saak is van ingrypende betekenis vir saamwoners. Hulle het geen eerbied vir God se verbod op voorhuwelikse geslagsgemeenskap en gebod oor die huwelik nie (vgl. 1 Kor. 7:1-5 en hoofstuk 4.2.2.4) en gevolglik kom hulle eerbied vir mekaar ook onder verdenking. Die feit dat hulle weier om te trou, wat hulle volgens God se Woord behoort te doen (sien hoofstuk 2), toon dat hulle nie voldoende eerbied vir mekaar het om in ‘n permanente huweliksverhouding met mekaar aan te gaan nie. Heyns (1986:104) sê in hierdie verband: “Die man wat sy vrou as persoon eer, sal nie aan haar ontrou kán wees nie en sy sal hom nie ‘n egskeiding kán gee nie.” En nou is dit juis hierdie eerbied vir mekaar wat by saamwoners ontbreek, en dit vloei voort uit hulle gebrek aan eerbied vir God.

Eerbied vir die medemens hang ook ten nouste saam met eerbied vir die strukture soos die huwelik en die owerheid wat deur God daargestel is (Gen 2:24; Matt. 19:1-12; Rom. 13:1-7). Hierdie strukture is juis deur God aan die

mens gegee om hom te dien en te beskerm. Miskenning van hierdie strukture beteken nie net ‘n gebrek aan eerbied vir God wat die outeur daarvan is nie (vgl. 2.2.2), maar ook ‘n gebrek aan eerbied vir die mens wat Hy deur die strukture wou dien en beskerm. Deur ‘n saamwoonverhouding in die plek van die huwelik te kies, impliseer ‘n gebrek aan eerbied vir die persoon met wie saamgewoon word.

‘n Saak wat uit die vorige voortvloei, is dat enige mens behoefte het aan sekuriteit. Eerbied vir die medemens beteken eerbied vir sy/haar behoefte aan sekuriteit. “Sekuriteit en lewensekerheid is sekerlik twee van die vernaamste komponente wat elke jongmens in ‘n veilige liefdesituasie kan vermag en begeer” (Louw, 1984:76,77). Maar nou leer die Skrif dat ware sekuriteit slegs by God te vinde is (Jes. 30:1-5, 15-17) en – al is dit in ‘n mindere mate vanweë die sonde – ook in die strukture wat God ter wille van die mens daargestel het (Matt. 19:1-12; Rom. 13:1-7; 1 Kor. 7:1-17). Volgens C. Louw (1984:75,76) het navorsing getoon dat wedersydse sekuriteit in ‘n saamwoonverhouding tot ‘n groot mate ontbreek. Hulle is onseker oor die verwagtinge van saamblyery en oor hulle gedrag teenoor die ander persoon. D.J. Louw (1983:160) stel dit onomwonde: “Saamwoon bied aan nóg die vrou, nóg die potensiële kind wat uit so ‘n verhouding gebore word, enige juridiese sekuriteit.” Die rede vir die gebrek aan sekuriteit is dat ‘n saamwoonverhouding ‘n informele verhouding is buite die formele struktuur van die huwelik wat deur God daargestel is (Louw, 1983:159,160; Louw, 1984:76), en daarom ook nie op dieselfde wyse as ‘n wettige huwelik deur die owerheid as instelling van God beskerm word nie. Dit beteken dat as man en vrou God eer en mekaar eer, hulle in gehoorsaamheid aan die sewende gebod nie sal kan saamwoon nie (vgl. 4.2.2.4).

Wanneer Heyns (1986:104) skryf dat ‘n diep deurdronge eerbied vir die persoon van die mens in elke samelewingsverband die betrokkene se gesindheid en optrede fundamenteel moet bepaal, kan ook hier verwys word na twee persone

wat saamwoon. Die man en vrou wat saamwoon se eerbied vir mekaar moet tot gevolg hê dat hulle nie langer kan saamwoon nie, maar in gehoorsaamheid aan God ‘n huwelik moet sluit. Man en vrou, ongeag hulle ouderdom, wat in ‘n liefdesverhouding is en mekaar eer, sal hulle juis nie skuldig maak aan buitehuwelikse geslagsgemeenskap nie (sien 4.3). Hulle sal juis op grond van die respek en eerbied vir mekaar hulle verhouding baseer (Jankowitz, 1970:69).

Die vraag wat by ‘n mens ontstaan is of saamwoners nie soms bedenkinge het oor mekaar se integriteit en betroubaarheid nie en dat dit die rede is waarom hulle nie wil trou nie. Maar as dit so is, word hulle eerbied vir mekaar juis daardeur aangetas.

4.4.3 Samevattend

Enige optrede waardeur eerbied vir die medemens geweld aangedoen word, kan nie as eties aanvaarbaar beskou word nie. Gaan ‘n man en ‘n vrou dus voort in ‘n saamwoonverhouding eerder as om hulle in ‘n huwelik te bind, kom dit neer op minagting van God en op minagting van mekaar. Eerbied teenoor God en mens kom dan ernstig in gedrang. Daarom beantwoord ‘n saamwoonverhouding nie aan die sosiaal-etiese norm van eerbied nie.

Eerbied vir ‘n ander mens beteken juis dat alles wat deel is van daardie persoon se menswees eerbiedig en beskerm moet word: sy lewe, sy liggaam sy gesondheid en fisieke vryheid (Heyns, 1986:105).

4.5 GEREGTIGHEID

4.5.1 Geregtigheid as sosiaal-etiese norm

Die geregtigheid waarom dit hier gaan is die geregtigheid waardeur die koninkryk van God gekenmerk word en wat die mens saam met die koninkryk moet soek

(Matt. 6:33). Nader aangedui gaan dit om geregtigheid wat as sinoniem gebruik word vir die begrip sosiale regverdigheid (Heyns, 1986:105). Vorster (1997:80) sê in die verband: "Geregtigheid is in die Bybel primêr 'n aanduiding van die herstelde verhouding tussen God en die mens deur die soenbloed van Christus. Hierdie herstelde verhouding het egter ook duidelike implikasies vir sosiale verhoudinge. Geregtigheid vereis ook dat mense mekaar regverdig en billik moet behandel."

Teenoor liefde wat meer met die innerlike gesindheid en die drangmatige te doen het, het die geregtigheid meer met die eksterne vorme en die dwangmatige te doen. Waar liefde meer 'n motiverende krag is, is geregtigheid eerder 'n struktuurskeppende en ordebewarende optrede. Waar liefde meer 'n persoonlike en emosionele karakter dra, het geregtigheid meer 'n rasionele en bo-persoonlike karakter. Ware geregtigheid vorm en stabiliseer lewensruimte vir 'n ander persoon, waar liefde die lewensruimte van 'n ander vul (Heyns, 1986:105).

Heyns (1986:106) definieer sosiale geregtigheid soos volg: "Dit is daardie handeling wat die ruimte skep en dit tegelykertyd só met strukture verskans dat die mens daarin sy gawes of voorregte met dankbaarheid kan ontvang, sy pligte met nougesetheid uitvoer en sy regte met beslistheid kan uitoefen. Of nog korter: sosiale geregtigheid is die gestruktureerde lewensruimte waarbinne die mens in sy verhouding tot sy naaste sy Godgegewe bestemming maksimaal kan realiseer" (vgl. Steensma, 1995:284; Vorster, 1997;80-82).

Hierdie sosiale geregtigheid word daar gevind waar die ganse samelewing só gestruktureer is dat elkeen in staat gestel word om wat hom as persoon toekom ook te kan ontvang, te kan gebruik en te kan geniet (Heyns, 1986:107). 'n Mens kan ook sê dat sosiale geregtigheid gevind word waar die mens tot sy reg kom en hy sy reg kan bly beoefen ten einde sy Godgestelde taak te kan vervul. So 'n sosiale geregtigheid kan as Bybelsgegrond beskou word (Heyns, 1986:107,108).

Sosiale geregtigheid hou ook rekening daarmee dat, behalwe die gelyksoortigheid en gelykwaardigheid van alle mense, daar ook ‘n verskeidenheid onder mense is. Hierdie verskeidenheid onder mense sal dan binne die regte struktuur so moet funksioneer dat elke mens in ooreenstemming met sy eie gawes en vermoëns sy bestemming sal vind.

Saamgevat beteken geregtigheid as sosiaal-etiese norm dat ‘n struktuur daargestel moet word waarin aan die mens die geleentheid gebied word om in sy verhouding tot sy naaste sy Godgegewe bestemming ten beste kan bereik. Anders gestel: hy moet in ‘n bepaalde struktuur in staat gestel word om gawes wat hom op grond van God se beloftes toekom, te ontvang, te geniet en so goed as moontlik te gebruik.

4.5.2 Geregtigheid as sosiaal-etiese norm toegepas op ‘n saamwoonverhouding

4.5.2.1 Saamwoon as struktuur getoets

In 4.5.1 is gestel dat, sosiaal-eties gesien, die gelowige geregtigheid nastrewe sodat hy sy naaste in staat kan stel om die gawes wat hom op grond van God se belofte toekom, te kan ontvang, te kan geniet en te kan gebruik (Heyns, 1986:107). Hierdie geregtigheid hou in dat daar ‘n afkeer is van ordeninge en strukture waarin mense nie tot hulle reg kom nie, hulle pligte nie kan uitvoer nie en hulle Godgegewe gawes nie ten volle kan gebruik en laat ontplooi nie. Dit raak in die besonder ‘n saamwoonverhouding. Die struktuur van ‘n saamwoonverhouding is Bybels onverantwoordbaar (vgl. 4.2.2 en 4.5.1), vir die man en vrou (en moontlike kinders) tot nadeel, en dien as ‘n verhindering om daadwerklik hulle bestemming maksimaal te kan bereik soos wat dit in ‘n huwelik bereik kon word (sien hoofstuk 2). Ondersoek het getoon dat pare wat saamwoon heel dikwels spanning, stres en frustrasie in die proses moet verduur om te voorkom

dat iets gesê of gedoen word wat die andereen aanstoot kan gee (Louw, 1984:86-91). Volgens Norris (1980:9), ‘n psigiater, neem hulle dikwels ‘n “pseudo-houding” teenoor mekaar aan uit vrees dat die maat ontsteld of teleurgesteld sal wees as hy/sy die betrokkene sien soos sy/hy werklik is. Brothers (1985:97) beweer dat die betrokkenes in ‘n saamwoonverhouding ‘n rol speel en hulle werklike gevoelens vir mekaar wegsteek. ‘n Situasie ontstaan waar hulle voortdurend op eiers loop. Daar is by hulle dus wel seksuele intimiteit maar nie persoonlike intimiteit teenoor mekaar nie. Dit alles beteken dat hulle in ‘n struktuur verkeer wat hoegenaamd nie beantwoord aan geregtigheid as sosiaal-etiese norm nie. In die struktuur van ‘n saamwoonverhouding kan hulle nie hulle Godgegewe bestemming maksimaal bereik en die gawes wat hulle van God ontvang het, geniet en ten beste gebruik nie.

‘n Ander aspek wat toon dat ‘n saamwoonverhouding as struktuur nie beantwoord aan geregtigheid as sosiaal-etiese norm nie, is die doelbewuste voorkoming van swangerskap en vermyding van ouerskap. Hoewel enkele filmsterre en ander vermoënde vooraanstaandes wat saamwoon, die geboorte van kinders beplan en hulle verwelkom, het ervaring geleer dat die meeste mense wat saamwoon, swangerskap as ‘n ramp beskou wat dikwels deur aborsie opgelos moet word (Louw, 1984:99-104). Dit beteken dat die gawe wat God aan ‘n man en ‘n vrou gee om kinders in die wêreld te bring en op te voed, bewustelik afgewys moet word omdat die struktuur waarin hulle hulle bevind nie geskik is om ook deur ouerskap hulle Godgegewe bestemming te bereik nie.

In die lig hiervan is dit duidelik dat ‘n saamwoonverhouding nie aan die sosiaal-etiese norm van geregtigheid beantwoord nie.

4.5.3 Argumente ten gunste van saamwoon

Die argumente ten gunste van saamwoon wat hier ter sprake is, is eerstens dat die huwelik en saamwoon slegs in vorm van mekaar verskil, maar nie in norm nie en tweedens dat saamwoon as ‘n proefhuwelik gesien moet word.

4.5.3.1 Die huwelik en saamwoon as vorm en norm

Spronk (1988:34) skryf dat dit om’t ewe is watter verhoudingsvorm gekies word - saamwoon of die huwelik, aangesien die inhoud van die verhouding nie daardeur geraak word nie. Baie duidelik word gestel dat die vorm van ‘n verhouding nie bepalend vir die inhoud daarvan is nie.

Verder is Spronk (1988:90) van mening dat die huwelik en saamwoon twee verhoudingsvorme is wat aan mekaar gelykwaardig is. Spronk (1988:86) is ook oortuig daarvan dat ‘n verskil in vorm nie gepaard hoef te gaan met ‘n verskil in inhoud nie. Die huwelik en saamwoon kan langs mekaar as twee gelykwaardige verhoudingsvorme staan (Spronk, 1988:95).

Spronk (1988:93) wil in haar boek uitkom by die vraag “Verschilt het samenwonen van het huwelijk in norm, of gaat het om een verschil in vorm?” Haar konklusie is dan as volg: “Onze conclusie is dat het verschil tussen huwelijk en samenwonen vooral ligt in de vorm van de relatie, soms ook in die norm. Dit laatste betreft die samenwoningsrelaties die geen onderhoudsplicht ten opzichte van elkaar aanvaarden. Voor deze afwijking van de norm heeft men echter een goede reden, zodat we kunnen concluderen dat ook deze samenwoningsrelaties bestaansrecht hebben. Beiden relatievormen, huwelijk en samenwonen, verschillen aldus voornamelijk in vorm, een verschil in inhoud hoeft er niet te zijn.” As dit gaan oor die wil van God in die verband is Spronk (1988:54) baie uitgesproke: “Mijn conclusie is dan dat een samenwoningsrelatie voor God verantwoord kan zijn.”

Die probleem is egter dat Spronk haarself weerspreek. Enersyds sê Spronk (1988:95) dat die huwelik as vorm en saamwoon as vorm presies dieselfde is. Huwelik en saamwoon kan langs mekaar bestaan as twee gelykwaardige verhoudingsvorme. Spronk (1988:96) vind dit ‘n onregverdige situasie waar die saamwoonverhouding minder geag word as die huwelik. Andersyds sê sy (1988:93) duidelik dat daar tussen huwelik en saamwoon slegs ‘n verskil in vorm bestaan en nie in norm nie.

Wanneer die inhoudelike aspekte van beide ondersoek word, weerspreek Sponk haarself ook. Inhoudelik kom ‘n huwelik en saamwoonverhouding volgens haar ooreen en is daar geen verskil in norm nie (1988:93). Maar terselfdertyd voer Spronk (1988:94, 97) aan dat daar soms wel ‘n verskil in norm kan wees, maar dan is daar goeie redes daarvoor, byvoorbeeld as saamwoners ekonomiese onafhanklikheid as ‘n voorwaarde vir ‘n verhouding beskou. Dié rede bring geen welsynsaspek van die verhouding in gevaar nie en regverdig die afwyking van die norm (Spronk, 1988:97).

Met hierdie weersprekings toon sy dat sy ‘n saak wil verdedig wat sy nie kan verdedig nie. Daardeur bevestig sy self dat die verskil tussen huwelik en saamwoon meer kan wees as ‘n blote verskil in vorm.

As Spronk (1988:94) verder praat van pare in “samenwonenrelaties die geen onderhoudsplicht ten opzichte van elkaar aanvaarden”, dan is dit duidelik dat sy van ‘n verhouding praat wat wesenlik verskil van die wettige huwelik waarin man en vrou vir mekaar ‘n hulp moet wees en daarom ook wat die onderhoud betref verpligtinge teenoor mekaar het (vgl. 2.3.3). Ook hou sy nie rekening met die effek van haar siening op die doel van die huwelik nie (vgl. 4.4.).

Oor die verskil tussen die huwelik en saamwoon sê Jenkins (1995:238): “It (marriage) is something that society recognizes and respects. The community offers married couples certain protections and places certain responsibilities on them. Cohabitation, however, is an essentially private relationship, and is largely blind to this community dimensions”.

Hieruit is dit duidelik dat ‘n saamwoonverhouding nie aan die sosiaal-etiese norm van geregtigheid voldoen nie. Nie ‘n saamwoonverhouding nie maar die huwelik is die struktuur wat deur God daargestel is vir man en vrou om op die intiemste wyse met mekaar saam te lewe.

4.5.3.2 Saamwoon as proefhuwelik

Ook die siening dat saamwoon as ‘n proefhuwelik beskou kan word, moet in die lig van die sosiaal-etiese norm van geregtigheid beoordeel word.

Baie paartjies (volgens Husemeyer, 1991:22 die meeste paartjies) sien hulle saamwoonverhouding as ‘n proefhuwelik. So glo hulle word ‘n basis gevestig waarop hulle later sal kan voortbou (vgl. ook Smuts, 1982:52; De Bruyn, 2002:149). Spronk (1988:20) skryf dat saamwoon ‘n moontlikheid bied om beter te leer wat ‘n verhouding is en wat ‘n verhouding inhou.

Teenoor saamwoon as ‘n proeflopie vir die huwelik skryf Steyn (1982:87): Proefhuwelike is niks anders as ‘n dekmantel vir die ontduiking van verpligtinge nie. ‘n Proefhuwelik dra die kiem van sy vergelding reeds in homself, omdat dit net nie meer ‘n proef is as daar gemeenskap plaasgevind het nie, maar ‘n huwelik: ‘n halwe huwelik, omdat dit bloot op die fisieke eksploitering van mekaar gebou word; ‘n mislukte huwelik, omdat dit nie lojaliteit, trou en verantwoordelikheid vir mekaar wil aanvaar nie.

Heyns (1976:194) is dieselfde mening toegedaan, want hy skryf: “Kragtens sy wese mag die huwelik nie ‘n vlugtige verbintenis of ‘*n vryblywende, proefondervindelike eksperiment* (my kursivering – JGN) wees nie, maar dit is ‘n blywende en konstante binding; ‘n band wat met verloop van jare nie losser word vanweë allerlei tot ontbinding neigende omstandighede en gebeurtenisse nie, maar wat man en vrou juis hegter saamsnoer.”

De Bruyn (2002:149) wys saamwoon as proefhuwelik ook af omdat die huwelik na sy wese nie iets is waarmee ‘n proefneming gemaak kan word nie (Matt. 19:6; Mal. 2:14). Volgens die Skrif moet die huwelik ‘n afbeelding wees van die verhouding tussen Christus en sy kerk (Ef. 5:22-33) en ‘n tydelike, voorwaardelike proefsaamwonery kan nie met hierdie besondere karakter van die Christelike huwelik gerym word nie (Du Toit & Louw, 1980:8). De Bruyn (2002:149) sê ook dat die argument dat twee eers ‘n tyd lank moet saamwoon om vas te stel of hulle seksueel by mekaar pas nie gewig dra nie. Enige normale man en vrou kan met genot met mekaar geslagsgemeenskap hê. Die mens is so deur God geskape dat dit kan gebeur. Hier kan ook verwys word na die beoordeling van voor-/buitehuwelikse geslagsgemeenskap wat in die lig van die Skrif afgewys word (vgl. 4.2.2.2).

Husemeyer (1991:22) wat self ten gunste van saamwoon blyk te wees, bevestig wat Wallace en Wallace (1989:356) skryf, met die woorde: “...their live-in relationship had had no discernible affect on marital adjustment” en “living together beforehand will not make your adjustment to married life any easier.”

Daar is ook nog ‘n ander rede waarom saamwoon as ‘n soort proefhuwelik nie werk nie. In die huwelik weet man en vrou dat hulle wettig aan mekaar verbind is met die doel om so lank as hulle lewe so aan mekaar verbonde te bly. Daarom het hulle geen ander keuse nie as om hulle volle medewerking te gee en alles in

hulle vermoë te doen om mekaar te verstaan, by mekaar aan te pas en sinvol en gelukkig met mekaar saam te lewe.

Met die twee wat saamwoon en dit as ‘n proefhuwelik beskou, is dit heeltemal anders gesteld. Hulle het met dieselfde probleme te kampe as pasgetroudes, maar hulle het nie dieselfde oorgawe, opoffering en harde werk as pasgetroudes wat moet probeer om verskille te oorbrug, mekaar te verstaan en by mekaar aan te pas nie, omdat hulle voortdurend daarvan bewus is dat hulle slegs met ‘n proefneming besig is. Die gevolg is dat ‘n verhouding wat as ‘n huwelik op die lang duur baie geslaagd kon wees, as ‘n saamwoonverhouding in sy hoedanigheid as ‘n proefhuwelik nie slaag nie omdat albei nie werklik van harte en met volle oorgawe probeer om daarvan ‘n sukses te maak nie (De Bruyn, 2002:150).

Die argument dat saamwoon ‘n goeie proeflopie vir die huwelik is, is nie net verkeerd nie, maar is ook nie van veel waarde nie. In die verband haal Wallace en Wallace (1989:356) soos volg aan uit Blumstein en Schwartz (1983): “Interestingly, cohabitants who later marry have the same likelihood of divorce as those who marry without living together first.” Louw (1983:159) stel dit baie duidelik: “Dat die eksperiment van saamwoon ‘n waarborg is vir ‘n uiteindelike volwasse huwelik, is bedrog.” En die Kansas Bishops (1998:4) sê: “A 1994 study discovered that couples who do live together before marriage have a 50 percent greater chance of divorce than those couples who did not cohabit before marriage.”

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat saamwoon as proefhuwelik nie voldoen aan die sosiaal-etiese norm van geregtigheid nie. Nie ‘n proefhuwelik nie, maar die werklike huwelik is die struktuur wat deur God daargestel is vir die intieme saamlewe as man en vrou.

4.5.4 Samevattend

Sosiale geregtigheid kan slegs Bybels gefundeer wees waar die mens tot sy reg kom en hy sy reg kan bly uitoefen ten einde sy Godgestelde taak te kan vervul. Daarom is die huwelik deur God as skeppingsordinansie daargestel. Binne die grense van die huwelik kan die mens tot sy reg kom en kan hy/sy sy/haar Godgestelde taak vervul en tot volle ontplooiing laat kom.

Die sosiaal-etiese norm van geregtigheid is in die geregtigheid van God geanker. In Matteus 6:33 staan dat die mens eers die koninkryk van God en sy geregtigheid moet soek en al die ander dinge sal bygevoeg word. In die huwelik gaan dit nie oor ‘n menslike struktuur nie, maar ‘n struktuur wat in ooreenstemming met die koninkryk van God is. Daarteenoor deurstaan ‘n saamwoonverhouding nie die toets van geregtigheid as sosiaal-etiese norm nie.

4.6 WAARHEID

4.6.1 Waarheid as sosiaal-etiese norm

Om waarheid as sosiaal-etiese norm te verstaan, moet ‘n mens weet wat daarmee bedoel word en hoe dit van die leuen onderskei moet word. Volgens De Bruyn (2002:240) gee *waarheid* “aan die mens ‘n suiwere voorstelling van ‘n saak: dit stel die saak soos dit werklik is. Die *leuen* gee ‘n valse voorstelling van ‘n saak: iets word anders voorgestel of weergegee as wat dit werklik is.”

In die weergawe van die waarheid speel die betrokke persoon se gesindheid ‘n baie groot rol. Tereg sê Heyns (1986:115) dan ook dat waarheid as sosiaal-etiese norm nou verbonde is aan die ander sosiaal-etiese norme soos trou en betroubaarheid, opregtheid en integriteit, verdraagsaamheid, nugterheid en saaklikheid (vgl. ook Steensma, 1995:296). Vir die Christen is die waarheid ‘n gawe van God en ‘n deel van die wapenrusting van God (Ef. 6:14) en ‘n vrug van

die lig (Ef. 5:9). Hierdie woord *waarheid* is afgelei van die woord wat vas-wees beteken. ‘n Saak is vas wanneer dit blyk dat dit teen alle aanvalle bestand is (Steensma, 1995:297).

By waarheid as sosiaal-etiese norm gaan dit om die effek van die waarheid in die interpersoonlike verhouding van mense, dit gaan om die gesindheid, denke, woorde en handelinge wat uit waarheid en in waarheid moet plaasvind. Vir die Christen is ‘n liefhê van die waarheid ‘n lewenswyse op grond van die geloof in Jesus Christus wat self die Waarheid is (Joh. 14:6; 16:13). Die Christen bestaan-in-die-waarheid. Van nature bestaan die mens in die leuen (Joh. 8:44) en daarom is ‘n bestaan-in-die-waarheid ‘n gawe van God (Heyns, 1986:115). Heyns (1986:115) skryf: “Die waarheid waarin die mens bestaan en waaruit hy lewe, is op die allernouste wyse verbind met en afhanklik van die waarheid wat God self is … Daarom word die ontroue mens tot trou gelei, dit wil sê tot die *doen* van die waarheid.” (Vgl. Ps. 26:3; Joh. 3:21; 1 Joh. 1:6; Ef. 4:15.) In die donker, gebroke bestaan van die mens verskyn daar ‘n nuwe lig, die lig van die waarheid – en dié lig versprei die gelowige en alles word verlig waar hy ook al mag kom (Heyns, 1986:116).

4.6.2 Waarheid as sosiaal-etiese norm toegepas op ‘n saamwoon-verhouding

Waarheid kan vanuit verskillende hoeke benader word (Heyns, 1986:116; Steensma, 1995:297). Toegepas op die sosiaal-etiese dui waarheid as norm die wyse aan waarop ‘n persoon behandel moet word. Die handeling in waarheid is ‘n onmisbare voorwaarde vir die sosiaal-etiese lewe. Steensma (1995:297) stel dit baie sterk as hy skryf dat geen enkele menslike gemeenskap kan bestaan as daar nie tussen die lede vertroue is wat op waarheid gebaseer is nie. Die trou as gestalte van waarheid is nie slegs ‘n gesindheid nie, maar word gerealiseer in konkrete dade. Pas ‘n mens dit wat Steensma (1995:297) sê toe op ‘n

saamwoonverhouding, word dit duidelik dat so ‘n verhouding nie aan waarheid as sosiaal-etiese norm voldoen nie en wel om die volgende redes:

4.6.2.1 Waarheid en trou ontbreek

Heyns (1986:115) en Steensma (1995:298) toon albei aan dat daar ’n besondere sterk band tussen waarheid en trou is. Die een kan nie sonder die ander bestaan nie. Steensma (1995:298) gebruik waarheid en trou selfs as wisselvorme. Van die waarheid as sosiale norm sê hy: “Het gaat om de trouw aan die persoon van de ander” (1995:298).

Nou is aangetoon dat die huwelik ’n verbintenis nie net van liefde is nie, maar ook van trou (vgl. 2.2.5.3). In ’n saamwoonverhouding ontbreek die trou egter, want as daar trou saam met liefde in die verhouding teenwoordig is, is daar geen enkele rede waarom hulle nie in die huwelik kan tree nie. Die trou teenoor die naaste is immers, soos hierbo aangedui (Steensma, 1995:297), nie ’n blote gesindheid nie, maar word gerealiseer in konkrete dade. Dit beteken dat ’n saamwoonverhouding na sy wese ’n leuenverhouding is, of sagter gestel, ’n onbetroubare verhouding is, omdat die twee nie bereid is om in alle waarheid lewenslank trou aan mekaar te beloof nie. Daarom kan hulle mekaar ook nooit werklik vertrou nie.

Dit is veral op Christene van toepassing. Vir die Christen word die trou teenoor die ander immers nie bepaal deur die humaniteit of persoon van die ander nie, maar deur die koninkryk van God (Steensma, 1995:300). En in die wet van dié koninkryk word nie aan ’n man en ’n vrou vergunning gegee om saam te woon asof hulle getroud is nie, maar word hulle beveel om in alle waarheid in die huwelik te tree.

Omdat waarheid en trou in ‘n saamwoonverhouding ontbreek, ervaar die betrokkenes dikwels ook verskeie probleme. Volgens Cole (2003:84,91,92) is dit

kenmerkend van enige ernstige verhouding van ‘n man en ‘n vrou dat hulle ‘n visie en ‘n beplanning vir die toekoms het. Hulle bespreek en beplan wat hulle wil bereik op materiële gebied (huise, motors, ens.), sover dit ‘n gesin (kinders) betref en ook akademiese en geestelike ontwikkeling. Maar dan waarsku Cole (2003:92): “If you think your partnership can only survive in the environment you are in at the moment, you relationship probably has very shallow roots. It is not uncommon for couples to founder if they move from being well off to having less money or, suprisingly, vice versa.”

Om egter in alle erns so ‘n toekomsvisie en toekomsbeplanning te kan hê, moet die betrokkenes op mekaar kan reken. Daar moet waarheid en trou in hulle verhouding wees. Maar omdat hierdie waarheid en trou in ‘n saamwoon-verhouding ontbreek, kan daar nooit werklik ‘n toekomsvisie en toekoms-beplanning wees nie, maar moet hulle elke dag op ‘n *ad hoc*-basis met mekaar saamlewe. En dit beteken dat daar geen werklike sekuriteit in hulle verhouding is nie, en ‘n lewe sonder sekuriteit kan op emosionele en psigiese vlak baie nadelige gevolge hê.

Wat hierdie saak nog meer gekompliseerd maak, is dat mans en vrouens heel dikwels nie dieselfde siening van die verhouding het nie. Die vrou is geneig om die saamwoonverhouding as ‘n permanente verhouding te sien wat op ‘n huwelik gaan uitloop, terwyl die meeste mans die verhouding nie as permanent sien nie. Johnson (1999:4) wat as sosioloog baie navorsing gedoen het oor die saamwoon van ongetroudes, sê in die verband: “Men tend to take the relationship more casually. They accept sex as just a part of friendship. Women tend to take the relationship very seriously and see sex as being ‘the wife’. You do not even have the same purpose here. The sexual experience is an intimate act that should bring you closer. But instead is an act without shared meaning.” Omdat die saamwoonverhouding nie op waarheid en trou gebou is nie, is daar ook nie waarheid tussen man en vrou oor hulle verhouding nie.

Deur saam te woon asof hulle getroud is en hulle selfs die voorregte van die huwelik toe te eien, werk die man en vrou wat saamwoon mee aan wat Berkouwer (1961:201) op grond van Jesaja 5:20 'n "verleuening van die lewe" noem waaraan Christus by sy wederkoms 'n einde, 'n radikale einde sal bring.

Hieruit is dit duidelik dat 'n saamwoonverhouding nie aan die sosiaal-etiese norm van waarheid voldoen nie.

4.6.2.2 Hulle lewe in 'n pseudo-houding

In 4.5.2.1 is die aandag daarop gevestig dat volgens navorsers soos die psigiater Norris (1980:9), Louw (1984:86-91) en Brothers (1985:97) persone wat saamwoon dikwels 'n pseudo-houding aanneem. Daarmee word bedoel dat hulle nie hulle gevoelens oor die ander party in die verhouding openbaar nie uit vrees dat dit kan lei tot 'n verbrokkeling van die verhouding. Hulle lieg dus vir mekaar nie met woorde nie, maar deur die valse persepsies wat hulle deur hulle gedrag en optrede skep (vgl. De Bruyn, 2002:249, 250).

Dat so 'n gesindheid en optrede baie nadele inhou, beklemtoon Steensma (1995:298) as hy sê: "Wanneer dingen niet worden uitgesproken, kunnen mensen gebukt gaan onder psychische lasten. Die psychologie heeft geleerd dat de psychische moeilijkheden niet kunnen worden opgelost door ze in de kelder van het bewustzijn op te sluiten". Dit beteken dat twee wat saamwoon nie net die waarheid geweld aandoen deur onopreg te wees en hulleself anders aan mekaar voor te hou as wat hulle gevoelens werklik is nie (vgl. Heyns, 1986:116), maar dat hulle ook die weg baan na 'n situasie waar een of albei van hulle sal swig onder die druk van psigiese spanning.

In sy verduideliking van waarheid as sosiaal-etiese norm sê Heyns (1986:116, 117) : “Eerlikheid in my gesprekke met ander is ’n universele norm vir alle vorme van die sosiale lewe: vir die man en die vrou en vir die ouers en die kinders...” - al beteken hierdie eerlikheid nie noodwendig dat ’n mens altyd alles vir almal moet sê nie. Dit gaan by hierdie eerlikheid in ’n verhouding om ’n werklike openheid vir mekaar (Steensma, 1995:299). Maar in ’n pseudo-houding by saamwoon is dit juis hierdie eerlikheid teenoor mekaar wat ontbreek.

Johnson (1999:3) vestig ook die aandag daarop dat ‘n jongman en ‘n meisie soms saamwoon sonder om dit aan hulle ouers bekend te maak omdat hulle weet dat hulle ouers dit nie sal goedkeur nie. En dan sê hy (Johnson, 1999:3) daarvan: “Fear of parental disapproval means that the whole relationship becomes a lie.”

Ook hieruit blyk dat ’n saamwoonverhouding nie beantwoord aan waarheid as ’n sosiaal-etiese norm nie.

4.6.2.3 Gepaste wedersydse kritiek ontbreek

Heyns (1986:117) en Steensma (1995:299) beklemtoon dat met waarheid as sosiaal-etiese norm die betrokkkenes die verpligting het om, wanneer dit nodig is, mekaar ook te kritiseer en te bestraf, veral te bestraf uit God se Woord. In die lig van wat reeds gesê is, is dit duidelik dat sodanige kritiek heel dikwels in ’n saamwoonverhouding nie uitgespreek kan word nie, omdat dit kan lei tot die einde van die verhouding.

Christus stel dit baie duidelik: “As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels, en julle sal die waarheid ken, *en die waarheid sal julle vry maak”*

(Joh. 8:31,32 – 1983 vertaling). Maar omdat die waarheid in sy diep betekenis as kennis van God en van die wil van God (vgl. Ridderbos, 1987:356) in ‘n saamwoonverhouding nie tot sy reg kom en konkreet uitgeleef word nie, ervaar die betrokkenes ook nie die vryheid om mekaar in liefde te kritiseer en juis so te help nie (vgl. Kansas Bishops, 1998:9).

4.6.2.4 Geen ware kommunikasie nie

Daar is ook ’n verband tussen waarheid en kommunikasie. Waarheid as betroubare informasie en ‘n betroubare lewenshouding is by uitstek in staat om kommunikasie te bewerkstellig: waar dit om waarheid gaan, kry mense deel aan mekaar se wêrelde, insig in mekaar se ervaringe, begrip vir mekaar se motiveringe en doelstellings. So word beleef, inleef en meeleef moontlik gemaak (Heyns, 1986:119; Steensma, 1995:302, 303). Waarheid as die betroubare uitspreek van die werklikheid is as sodanig ’n kommunikatiewe gebeure – tensy die ander party nie die waarheid wil hoor nie, nie wil erken en nie wil ervaar nie. Vir alle samelewingsverbande is sinvolle kommunikatiewe omgang noodsaaklik. Waar dit nie plaasvind nie, sterf alle verhoudinge, maar waar kommunikasie nie op grondslag van die waarheid plaasvind nie, sterf alle verhoudinge eweneens. Kommunikasie as ‘n oopmaak vir mekaar en ’n voortdurende oopbly vir mekaar, is die draende grond van ’n sinvolle gemeenskapslewe, mits dit in woorde (gesproke en geskrewe) en in gebare, in tekens en in simbole alleen die waarheid dien (Heyns, 1986:119; Steensma, 1995:303). In hierdie lig gesien, kry die woorde van Christus: “... die waarheid sal julle vry maak” (Joh. 8:32) ‘n heel besondere betekenis.

Volgens sowel Heyns as Steensma is waarheid dus die basis van kommunikasie en skep waarheid kommunikasie. Maar in die lig daarvan dat, soos reeds aangedui, trou en waarheid baiekeer in ’n saamwoonverhouding ontbreek en

daar in ’n pseudo-houding teenoor mekaar gelewe word, spreek dit vanself dat daar dikwels van werklike kommunikasie in so ’n verhouding nie veel tereg kom nie, want hulle ervaar nie die vrymakende krag van die waarheid nie. Dit lei maklik tot vervreemding en dan is ’n breuk tussen die twee meesal reeds in sig.

‘n Mens kan by persone wat saamwoon moeilik van ‘n ontkenning van die waarheid sonder meer praat. Die vraag is egter: Tref ‘n mens nie by hulle veel eerder ‘n ontduiking van die waarheid aan nie? Hulle wil mekaar doelbewus nie met die waarheid (of trou – Steensma, 1995:297) bind nie. En op die ou end kan die gevolge van ‘n ontduiking van die waarheid presies dieselfde wees as die van ‘n ontkenning van die waarheid.

Ook hieruit is dit duidelik dat die struktuur van ‘n saamwoonverhouding sodanig is dat dit die voldoening aan waarheid as sosiaal-etiese norm uiters bemoeilik.

4.6.3 Samevattend

In hierdie afdeling is saamwoon beoordeel aan die hand van waarheid as sosiaal-etiese norm. Nou is dit so dat die postmodernisme tot gevolg het dat ook die begrip *waarheid* onder verdenking gebring is in die sin dat daar nie meer van *die* waarheid gepraat kan word nie, maar hoogstens van *‘n* waarheid (een van baie) (vgl. 3.3.4). Maar waar dit gaan om ‘n intieme saamlewe met mekaar soos in ‘n saamwoonverhouding, sal waarheid (en trou) as sosiaal-etiese norm moet beteken dat die betrokkenes sal moet weet wat hulle aan mekaar het en wat hulle van mekaar kan verwag, as hulle wil hê dat hulle verhouding geslaagd en blywend moet wees. En nou het uit die voorgaande geblyk dat waarheid juis in hierdie sin in ‘n saamwoonverhouding nie tot sy reg kom nie en dat dit op die lang duur uiters nadelige gevolge vir die betrokkenes kan hê. Positief gestel sal die verhouding van ‘n paar wat saamwoon alleen standhoudend wees as hulle konkreet uitvoering gee aan die uitspraak van Paulus in Efesiërs 4:15: “Ons sal

in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe" (1983-vertaling). En dit sal noodwendig daartoe lei dat hulle in die huwelik moet tree.

In aansluiting by genoemde uitspraak van Paulus sal die sterk band tussen waarheid en liefde steeds gehandhaaf moet word, want "waarheid sonder liefde is brutaliteit, en liefde sonder waarheid is sentimentaliteit" (Heyns, 1986:117).

4.7 GESAG EN MAG

4.7.1 Gesag en mag as sosiaal-etiese norm

Heyns (1986:119) sê: "Die sosiaal-etiese lewe in die samelewingsverbande vertoon 'n uitgebreide netwerk van gesagstrukture en 'n verskeidenheid van daarmee samehangende magsuitoefeninge."

Met gesag word bedoel die bevoegdheid om besluite te neem en die besluite, indien nodig, met mag te handhaaf (Steensma, 1995:303). 'n Bepaalde vorm van mag is onafskeidelik aan gesag verbonde, want as daar geen mag is nie, kan gesag nie uitgeoefen word nie. Gesag sonder mag is oneffektiewe en waardelose gesag. Daarteenoor is mag sonder gesag onverantwoordelike gesag wat maklik tot magsmisbruik kan lei. By die regte aanwending van gesag gaan dit om die bevoegdheid om mag doelmatig aan te wend (Steensma, 1995:304).

Oor die doel van gesag sê Heyns (1986:121): "Die diepste bedoeling van gesag en mag is natuurlik die verheerliking van die Koning van die koninkryk, maar die direkte en konkrete bedoeling is die bevordering van menslikheid in alle verhoudinge en omstandighede en dit beteken konkreet o.a. dat gesag nie die vryheid van die mens nivelleer of bedreig nie, maar die maksimalisering daarvan nastreef." Negatief gestel, kan 'n mens sê dat die doel van gesagshandhawing is om in 'n sondige wêreld wanorde te voorkom. Positief gestel is die doel van

gesagshandhawing in die woorde van Paulus “sodat ons ’n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid” (1 Tim. 2:2, 1983-vertaling).

4.7.2 Gesag en mag as sosiaal-etiese norm toegepas op ’n saamwoon-verhouding

In hierdie verband kan drie vorme van gesag en mag onderskei word, naamlik goddelike gesag en mag, strukturele gesag en mag en persoonlike gesag en mag.

4.7.2.1 Goddelike gesag en mag

God alleen besit onbegrensde gesag en onbegrensde mag (Joh. 19:11; Rom. 13:1, 2; vgl. Steensma 1995:308). Daarom moet sy gebooie ook onvoorwaardelik en stiptelik gehoorsaam word, veral die gebooie wat Hy gegee het ook vir die sosiaal-etiese lewe van die mens. Hierby moet dan in gedagte gehou word dat God almagtig is en derhalwe oor die vermoë beskik om sy gesag te handhaaf. Telkens as sy volk aan God ongehoorsaam was, het Hy hulle gestraf (vgl. Rigt. 2:6-13; 2 Kon. 17:1-23).

God het alle geslagsgemeenskap voor en buite die huwelik uitdruklik verbied (vgl. 2.3.5; 4.2.2). God het self ook die huwelik ingestel as die struktuur waarin man en vrou liggaamlik en geestelik op die hegste en intiemste wyse met mekaar moet saamlewe (vgl. Hfst. 2, 4.2.2). In hierdie verband is Paulus se uitspraak in 1 Korintiërs 7:4 oor die belewing van seksualiteit in die huwelik baie belangrik. Hy sê: “Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou.” Nou is dit opvallend dat die Griekse woord *exousia* wat Paulus hier gebruik met sowel *gesag* as *mag* vertaal kan word. Volgens Skrifverklaarders bedoel Paulus met die uitspraak dat

in die huwelik die een party mag/beskikking het oor die liggaam van die ander party en dat die ander party hom/haar daarvolgens moet skik (Grosheide, 1957:181; Calvyn, 1972:112; Barrett, 1994:156; Sampley, 2002:872). Maar dan is dit noodsaaklik om in hierdie verband in gedagte te hou dat die apostel met Christene praat, wat hulle, soos in ander dinge, ook in hulle huwelikslewe aan die wet van God moet onderwerp (Grosheide, 1954:84; Barrett, 1994:156; Sampley, 2002:872). Die implikasie hiervan is dat mense wat saamwoon hulleself wederregtelik die mag en beskikking oor mekaar se liggame toeëien – 'n mag en beskikking wat hulle volgens die wet van God nie het nie en nie mag hê nie.

Mense wat saamwoon, verwerp God se gesag en sy bevele oor die verhouding tussen die twee geslagte en ook die struktuur wat Hy vir die doel daargestel het. Dit beteken dat twee wat saamwoon die Godgegewe sosiaal-etiese norm van gesag en mag nie eerbiedig nie. Gevolglik kan hulle ook nie sy seën op so 'n verhouding verwag nie, maar eerder sy straf – in welke vorm dan ook.

4.7.2.2 Strukturele gesag en mag

Onder die mense het God bepaalde gesagstrukture daargestel met die doel op 'n ordelike lewe in sy diens. Oor hierdie gesagstrukture word in Romeine 13:1, 2 'n prinsipiële uitspraak gegee: "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen dié mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang."

Uit hierdie uitspraak is dit duidelik dat die grond vir gesag en die bron vir mag om gesag uit te oefen, nie by 'n mens, 'n volk of 'n staat lê nie, maar by God (Heyns, 1986:121). Juis die feit dat die oorsprong van alle gesag en mag by God gevind

word en nie by mense nie, lê ’n verpligting op die mens om met die grootste verantwoordelikheid daarmee om te gaan (Steensma, 1995:304).

Aan die ander kant, soos baie duidelik uit die aangehaalde woorde uit Romeine 13 blyk, word van die gesagsonderdane vereis om die gesag en mag van die gesagsdraer te eerbiedig.

In hierdie verband is daar veral twee strukture of gesagsinstansies wat by ’n saamwoonverhouding ter sprake kom en dit is die owerheid en die kerk.

Wat die owerheid betref is dit wel so dat hy nie ’n saamwoonverhouding of seks buite die huwelik verbied nie. Tog beskou hy dit nie as die beste verhouding waarin man en vrou behoort saam te lewe nie. Daarom het die owerheid vanweë die invloed van God se besondere of algemene openbaring die huwelik daargestel as die beste struktuur waarin man en vrou intiem behoort saam te leef. Deur sy wetgewing gee die owerheid ook beskerming aan persone in die struktuur van die huwelik. Dit impliseer dat persone wat saamwoon nie daardie beskerming van die owerheid ten opsigte van hulle wedersydse regte en pligte het nie. Dit kan soms pynlike gevolge hê soos ’n vader ervaar het ten opsigte van sy kinders wat in ’n saamwoonverhouding verwek en gebore is. Nadat die verhouding verbreek is, is slegs uiters beperkte toegang aan hom tot sy kinders verleen (Pelser, 2003:3). Hy self word soos volg aangehaal: “Die domste ding wat ek ooit gedoen het, was om nie met haar te trou en na ’n paar maande weer te skei nie” (Pelser, 2003:3).

Wat die kerk betref, spreek dit vanself dat van lidmate verwag word om volgens God se Woord te lewe. Tereg maak Heyns (1986:121) die opmerking: “Gesag en mag is nie blote natuurverskynsels of kultuurprokdukte wat ongehinderd

voortgaan totdat dit uitgewoed is nie, maar gegewenhede wat stewig in die hand gehou en versigtig volgens Bybelse voorskrifte gemodelleer moet word". Dit is wat die kerk wil doen sover dit die lewe van man en vrou in die huwelik aangaan. Maar daarom is dit duidelik dat die kerk wat ook sy gesag van God ontvang het en sy roeping volgens die Woord van God wil vervul, nooit 'n saamwoon-verhouding kan duld nie, omdat dit in stryd is met Skrif en belydenis (vgl. Hfst. 2; Heidelbergse Kategismus Sondag 41). Lidmate van die kerk wat saamwoon, verwerp dus die gesag van die kerk en tree nie op volgens die sosiaal-etiese norm van gesag en mag nie.

4.7.2.3 Persoonlike gesag en mag

Volgens Heyns (1986:119) het elke burger van die koninkryk van God gesag omdat hy deur God in 'n amp aangestel is. Dit beteken dat hy 'n instrument moet wees waarmee of 'n orgaan waardeur God sy werk in die wêreld verrig. Kragtens sy amp mag hy as uitvoering van sy kultuuropdrag iets sê, en met hierdie seggenskap hang gesag saam. Wat hy sê, sal egter alleen gesag hê as hy die waarheid praat (Heyns, 1986:120). Aan hierdie waarheid kry 'n mens deel in 'n wandel met God. Daarom kan gesê word dat, in die bekleding en uitoefening van sy gesagsposisie, die mens besig is om God op aarde te verteenwoordig (Heyns, 1986:120).

Elke mens wat gesag het, het volgens Heyns (1986:120) ook mag. In die besonder het hy ook mag oor ander persone, by name psigiese mag soos byvoorbeeld die mag van oorreding, die mag van liefde, van suggestie, van beïnvloeding, van voorbeeld (Heyns, 1986:120). Indien hierdie psigiese mag misbruik word, kry 'n mens psigiese geweld waar die gees van die medemens so gemanipuleer word dat ernstige skade daardeur ontstaan (Heyns, 1986:122).

Nou is reeds aangetoon dat ’n saamwoonverhouding in verskeie gevalle op goeie gronde ’n leuenverhouding genoem kan word waarin die twee betrokkenes ’n pseudo-houding teenoor mekaar inneem (vgl. 4.6.2.2). Dit het allereers tot gevolg dat die twee nie met normale psigiese gesag en mag teenoor mekaar kan optree nie, omdat, soos hierbo aangedui is, so ’n gesag ten nouste verbonde is aan die waarheid en dit dikwels in saamwoonverhoudings ontbreek. Die gevolg is dat hulle met die pseudo-houding wat hulle openbaar, mekaar manipuleer om te keer dat, ondanks inherente spanning, die verhouding verbrokkel. In die lig hiervan is dit te verstane dat Louw (1984:59) sê: “Maar dan kan saamwonery mos niks anders as ’n sindroom wees nie!” – ’n sindroom: die aanduiding dat daar ’n ernstige siekte in die verhouding aanwesig is.

In hierdie verband moet ook in gedagte gehou word dat fisiese geweld teenoor mekaar in saamwoonverhoudings volgens Johnson (1999:3) tweemaal meer is as in huwelike. Vanselfsprekend is dit ‘n ernstige misbruik van gesag en mag.

Ook hieruit is dit duidelik dat ’n saamwoonverhouding nie beantwoord aan die sosiaal-etiese norm van gesag en mag nie.

4.7.3 Samevattend

As sosiaal-etiese norm is gesag en mag ook in ‘n saamwoonverhouding ter sprake en wel in drie vorms:

- die gesag en mag van God;
- die gesag en mag van die owerheid en die kerk;
- persoonlike gesag en mag.

‘n Saamwoonverhouding beantwoord nie aan die sosiaal-etiese norm van gesag en mag in enige van genoemde drie vorms nie.

4.8 VRYHEID

4.8.1 Vryheid as sosiaal-etiese norm

Vryheid as sosiaal-etiese norm moet gesien word teen die agtergrond van skepping, sondeval, verlossing en die gawe van die Heilige Gees.

Vryheid is ’n gawe van God by die skepping aan die mens om in liefde vir Hom te bly kies. Met die sondeval het die mens egter hierdie vryheid as gawe van God verspeel. Toe het hy ’n slaaf van die sonde geword. In sy ondeurgrondelike goedheid het die Here aan die mens die herstel van sy vryheid beloof. Die belofte van ware vryheid is in Christus vervul. Christus skenk dit aan die wat aan Hom behoort. Omdat Hy hulle vrygemaak het, is hulle werklik vry (Joh. 8:32, 36; Gal. 5:1). Die vryheid wat Christus verwerf het, maak Hy tot die eiendom van sy kinders deur die werking van die Heilige Gees. Hulle is nou vrygemaak van die sonde en staan nou in diens van God en sy geregtigheid (Rom. 6:18, 22). Hierdie vryheid bestaan in ’n lewe van gehoorsaamheid aan God (Steensma, 1995:316, 317).

Jakobus noem die wet van God “die wet van die vryheid” (Jak. 1:25; 2:12). Gehoorsaamheid van hierdie wet is geen steriele gehoorsaamheid nie, maar ’n liefdesdiens (Steensma, 1995:316). Uit dankbaarheid vir God se groot liefde wat Hy in Christus aan die mens bewys het, moet dit vir die mens wat deel in daardie liefde van God ’n vreugde wees om die wet van God so getrou as moontlik te onderhou (Floor, 1992:78).

In sy uiteensetting beklemtoon Steensma (1995:316-320) dat die ware vryheid alleen gevind kan word in ’n lewe in gehoorsaamheid aan die Woord van God.

Dit is ook die siening van Heyns. Hy praat van hierdie vryheid as ’n “vryheid in Christus” en ‘n “vryheid van Christus” (Heyns, 1986:123). Hierdie vryheid in Christus beteken volgens Heyns (1986:123) dat wanneer ’n mens besluite neem, hy dit so moet neem dat dit in ooreenstemming is met die wet van God, want alleen dan sal hy sy talente en vermoëns ten beste gebruik en sy werklike roeping as mens vervul. Spesifiek oor die huwelik sê Heyns (1986:123) in hierdie verband: “Vryheid in die huwelik beteken dat die man en die vrou in hulle huwelikslewe keuses sal maak wat in ooreenstemming is met God se wet vir die huwelik.” Daarteenoor realiseer die mens wat nie in gehoorsaamheid aan God wil lewe nie, nie sy vryheid nie, maar bevestig sy toestand van sondigheid en slawerny en dra by tot die reeds bestaande wanorde en chaos (Heyns, 1986:124).

De Bruyn (2002:274) is dieselfde mening as Heyns en Steensma toegedaan. Hy vestig die aandag daarop dat ’n vis alleen vry is as hy in die water is. As hy uit die gebondenheid van die water wil loskom, gaan hy dood. ’n Trein is ook alleen vry as hy op sy spoor bly. As hy van sy spoor afklim, vind ’n ongeluk plaas en bereik hy nie sy bestemming nie. “So is dit ook met die mens. Die mens wat deur God geskape is, is alleen werklik vry as hy aan God gehoorsaam is en lewe binne die kring van sy gebooie” (De Bruyn, 2002:274).

4.8.2 Vryheid as sosiaal-etiese norm toegepas op ’n saamwoonverhouding

In die lig van die voorgaande is dit duidelik dat daar binne ’n saamwoon-verhouding nooit werklike vryheid kan wees nie omdat dit ’n verhouding is waarin die wet van God dat geslagsgemeenskap slegs binne die wettige huwelik mag plaasvind, nie gehoorsaam word nie.

In hierdie verband het Rusland ’n duur les geleer kort na die Kommunistiese revolusie in 1918. Volgens Sorokin (1956:113-115) het die Kommunistiese leiers

die huwelik afgeskaf en vrye liefde aangemoedig. Die gevolg was dat miljoene mense se lewens verwoes is, veral die van jong dogters. Onderlinge jaloesie, haat en geestessiektes het in omvang en intensiteit toegeneem. Die gevolge was so ontstellend dat die regering verplig was om hulle beleid te wysig. Die huwelik is weer ingestel, voorhuwelikse kuisheid is opgehemel en seksuele trou binne die huwelik is baie sterk beklemtoon. Eers daarna het daar weer orde en kalmte in Rusland gekom. Hulle het dus vryheid buite die wet van God gaan soek, maar moes duur daarvoor betaal. Dit is ook van toepassing op mense wat vryheid buite die wet van God in ’n saamwoonverhouding gaan soek. Op die wyse kan hulle juis hulle werklike vryheid verloor.

Behalwe wat in Rusland gebeur het, bevestig alles wat aangedui is by die sosiaal-etiese norme wat reeds behandel is, dat daar geen vryheid in ’n saamwoonverhouding kan wees nie. Die feit dat werklike liefde (*agape*) in baie dergelike verhoudings ontbreek (vgl. 4.3.2), dui ’n groot leemte en gemis aan wat noodwending ’n gevoel van onbehaaglikheid veroorsaak wat skadelik is vir die belewing van vryheid. Ook die feit dat hulle nie spontaan aan hulle emosies uiting kan gee nie, maar ’n pseudo-houding teenoor mekaar openbaar (vgl. 4.6.2, 4.6.2.2), het tot gevolg dat die belewing van egte vryheid nie in ’n saamwoonverhouding tot sy reg kom nie.

Jenkins (1995:238) maak in hierdie verband die volgende baie belangrike uitspraak: “Cohabitation appears to be freer than marriage, but the freedom to leave introduces fear into the relationship. Fear is destructive of real freedom, which grows best in the security of a loving, committed, permanent relationship”.

In aansluiting hierby sê die Kansas Biships (1998:6) in hulle verklaring oor saamwoon voor die huwelik: “The person who has acquired the virtue of chastity is a person who is totally free. The chaste person is well ordered from within and is not driven this way and that by spontaneous and unruly passions.”

Al die psigiese en emosionele stremmings wat met saamwoon gepaard gaan, moet noodwendig tot gevolg hê dat die betrokkenes nie die doel van vryheid as sosiaal-etiese norm, naamlik om deur vrye beslissings te kom tot selfrealisering en selfontplooiing (Heyns, 1986:123, 124), kan bereik nie.

4.8.3 Samevatting

Vryheid toegepas op ‘n saamwoonverhouding dui daarop dat daar nie vryheid kan wees in so ‘n verhouding nie, maar dat die vryheid wat ervaar word ‘n valse vryheid is. Ware vryheid is alleen te vinde in gehoorsaamheid aan die Skrif en aan die wil van God en kan dus alleen in die huwelik as innigste verbintenis tussen ‘n man en vrou gevind word en nie in ‘n saamwoonverhouding nie.

4.9 HOOP

4.9.1 Hoop as sosiaal-etiese norm

Al die normatiewe riglyne wat reeds behandel is vanaf gehoorsaamheid tot vryheid bied nie ’n geheelbeeld van die normatiewe gestalte van die Christelike lewe as die hoop nie daarby is nie. As die hoop ontbreek, sou ’n mens dit kan vergelyk met ’n “huis” sonder ’n dak en sonder fondamente (Heyns, 1986:125; Steensma, 1995:327).

Die hoop waarom dit hier gaan, is nie ’n prestasie van die kreatiewe menslike gees nie, maar ’n gawe van God self. Bybelse hoop is nie ’n hoop op mense nie, maar ’n hoop op God. Die drie-enige God is sowel die oorsprong van die hoop as die grond van die hoop (Heyns, 1986:125). Vir die Nuwe-Testamentiese kerk is die hoop, volgens Steensma (1995:327), gekonsentreer op die Persoon van Christus en sy werk in verlede, hede en toekoms. Daarom kan in hierdie

verband verwys word na 1 Petrus 1:3 waar die apostel van die hoop sê: “Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot ’n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode”. Vir die Christen is die hoop die hartstog vir die moontlike wat deur God as werklikheid beloof word. En hierdie werklikheid is die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon. Dié werklikheid is die inhoud van die hoop (Heyns, 1986:126).

Die gerigtheid na die toekoms plaas die werklikheid van alle aardse verhoudings in die regte perspektief. Die sigbare werklikheid is vir die gelowige nie die beslissende werklikheid nie. Wat vir die Christen beslissend is, is die belofte van God. Daarop rig hy sy hoop. En God het met die oog op die toekoms besonder kosbare beloftes gegee (Steensma, 1995:327). Tereg sê Hendriksen (1976:130) dan ook van hierdie hoop: “It is knowledge of God’s promise plus confidence with respect to its fulfilment (cf. 2 Cor. 1:7). It is the proliferation of faith”.

4.9.2 Hoop as sosiaal-etiese norm toegepas op ’n saamwoonverhouding

Wanneer die sosiale norm van hoop toegepas word op ’n saamwoonverhouding, moet in gedagte gehou word dat, soos Heyns (1986:126) dit stel, dié hoop op die toekoms nie van die huidige werklikheid losgemaak kan word nie. Die hede is met die oog op die toekoms nie onbelangrik nie, want die toekoms waarop die mens sy hoop stel, is die toekoms van *hierdie* hede en dit is *hierdie* hede wat op weg is na die toekoms (Heyns, 1986:126)

Dit alles beteken dat daar ’n baie nou band is tussen die hede en die toekoms waarop die mens sy hoop stel. Dit sien ’n mens baie duidelik in die beeld van saai en oes. Wat in die hede gesaai word, bepaal wat in die toekoms, waarop die mens hoop, die oes gaan wees. Wie koring saai moet nie verwag om mielies te oes nie. In hierdie verband moet dan ook in gedagte gehou word dat Paulus

ernstig waarsku: “God laat nie met Hom spot nie. Wat ’n mens saai, dit sal hy ook oes. Wie op die akker van die sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes” (Gal. 6:7, 8, 1983-vertaling).

By ’n saamwoonverhouding het ’n mens te doen met ’n verhouding wat in stryd is met God se wil omdat geslagsgemeenskap daar plaasvind buite die wettige struktuur van die huwelik soos dit deur God ingestel is. Daarom kan die seën van God vir die toekoms nie daarop verwag word nie. In so ’n verhouding word daar in werklikheid op die akker van die sondige natuur gesaai (vgl. Gal. 6:8). En dit beteken dat die hoop wat die betrokkenes in so ’n verhouding het, nie ’n inspirerende en stimulerende hoop is nie, maar ’n dreigende verwagting: wie op daardie akker saai, sal dood en verderf oes. In plaas van die seën van God moet die betrokkenes die oordeel van God verwag.

Die konkrete feite bevestig dit ook. Volgens Johnson (1992:2) kom slegs 20% van pare wat saamwoon daartoe om in die huwelik te tree. Maar onder hulle is die egskeidingsyfer baie hoog, naamlik 85%. Sy bevinding gee hy self soos volg weer: “Only 3 out of 100 that cohabitate ever end up in a successful marriage”. Dit beteken dat saamwoon voor die huwelik die hoop om later in ‘n huwelik gelukkig saam te lewe, uiters skraal maak.

Hierby moet in gedagte gehou word dat van die Efesiërs voor hulle bekering gesê word dat hulle toe “sonder hoop en sonder God in die wêreld” was (Ef. 2:12; vgl. ook 1 Tes. 4:13). Hierdie verbinding tussen *hoop* en *God* is baie sprekend. Dit beteken dat ’n mens slegs ware *hoop* kan hê as jy aan *God* verbonde is deur die geloof en ook in gehoorsaamheid aan God lewe. In ’n saamwoonverhouding word dié gehoorsaamheid aan God egter nie gevind nie. Daarom het die betrokkenes geen hoop wat verder strek as tydelike en aardse horisonne nie. En wie, volgens Steensma (1995:328), in so ’n verhouding “geen hoop verkondigt,

geen voorbeeld van een levende hoop is, neem de glans van het leven weg, brengt tot moedeloosheid, wanhoop en hopeloosheid".

'n Ander aspek wat Heyns (1986:127) beklemtoon, is dat die mens wat gevul is met die hoop op die koms van die Koning met 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, so sal lewe en werk dat daar *nou al*, vir sover dit in 'n sondige wêreld moontlik is, iets van die nuwe hemel en die nuwe aarde gerealiseer kan word. Dit waarop hy hoop, moet nou al in sy lewe en optrede gesien word (Lekalakala, 1999:70). En nou word die verhouding tussen Christus en sy kerk op die nuwe aarde geteken as 'n huweliksverhouding waarin Christus die man en sy kerk die vrou is (Op.19:7-9; 21:9). Maar die los struktuur van 'n saamwoonverhouding wat dikwels boonop sonder liefde as *agape* is, kan nie 'n afbeelding van of heenwysing na die unieke huweliksverbintenis van Christus en sy bruid wees nie. Dit beteken dat die betrokke man en vrou nie die ewige lewe reeds in hierdie lewe kan begin nie (Heidelbergse Kategismus 38:103) – altans nie in die verhouding waarin hulle lewe nie. En die gebrek aan hoop kan negatief inwerk op hulle verhouding as hulle krisisse beleef.

Daarteenoor kan juis die aanwesigheid van die Christelike hoop vir mense in huwelike wat krisisse ervaar van groot praktiese waarde wees. Heyns (1986:126) stel dit so: "Dit is die aanwesigheid van die Christelike hoop wat man en vrou hulle huwelik nie as 'n misklukking laat opskrywe nie, maar die moontlikhede vir herstel laat raaksien, dit laat vasgryp en tot volle wasdom probeer kom."

Dit alles beteken nie dat daar geen Christelike hoop is vir mense in 'n saamwoonverhouding nie. Trouens, as daar by hulle nog Christelike hoop aanwesig is, sal hulle nie met die struktuur van die saamwoonverhouding tevrede kan wees nie. In so 'n situasie "veroorsaak hoop ook 'n breuk met die gevestigde orde en strukture en skep in die gees van die toekomsgerigte mens, iets van 'n

ongeduld en ontevredenheid" (Heyns, 1986:127). In die praktyk sal dit beteken dat hulle moet breek met die saamwoonverhouding en óf uitmekaar gaan óf oorgaan tot die sluiting van 'n wettige huwelik.

4.9.3 Samevatting

Dit is duidelik dat 'n saamwoonverhouding nie beantwoord aan hoop as sosiaal-etiese norm nie. Derhalwe behoort die betrokkenes uit so 'n verhouding uit te tree en 'n wettige huwelik te sluit. Indien hulle nie daarvoor kans sien nie, behoort hulle uitmekaar te gaan. As hulle nie bereid is om een van die twee opsies te oorweeg nie, sal die Christelike hoop nooit werklik in hulle lewens en veral nie in hulle verhouding gerealiseer word nie.

4.10 SAMEVATTING VAN SOSIAAL-ETIESE NORME

In 4.2 tot 4.9 is aan die hand van die sosiaal-etiese norme wat deur Heyns (1986) geformuleer is en deur Steensma (1995) as normatiewe gesigspunte gebruik is, die praktyk van saamwoon beoordeel. By die agt behandelde sosiaal-etiese norme is gevind dat saamwoon van ongetroudes voor die huwelik nie daaraan voldoen nie en daarom 'n praktyk is wat in die lig van die Skrif afgewys moet word.

HOOFSTUK 5

5. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN RIGLYNE VIR DIE PRAKTYK

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word eers ‘n samevatting gegee van die probleemstelling en die bevindings in die vorige drie hoofstukke. Daarna word ‘n gevolgtrekking gemaak oor saamwoon in die lig van die Skrif. In die derde afdeling word riglyne aangedui met die oog op die pastorale begeleiding van mense wat saamwoon of beoog om saam te woon. Eindelik word die rol van die owerheid en onderwerpe vir verdere studie oor saamwoon aangedui.

5.2 SAMEVATTING

In hoofstuk 1 is die probleem geformuleer wat in hierdie studie ondersoek is. Dit kom daarop neer dat daar tans, ook in die kerke met oorwegend blanke lidmate, uiteenlopende standpunte oor saamwoon voor die huwelik is. Dit wissel van ’n besliste afwysing daarvan tot ’n *de facto* goedkeuring daarvan. In die lig daarvan is in hierdie studie nagevors hoe daar in die lig van die Skrif oor saamwoon voor die huwelik geoordeel moet word.

In hoofstuk 2 is aangedui wat die wese en doel van die Christelike huwelik is. Daaruit het dit duidelik geword dat dit God se wil is dat geslagsgemeenskap slegs binne die huwelik mag plaasvind.

In hoofstuk 3 is aandag gegee aan die vernaamste oorsake vir saamwoon voor die huwelik. Daar is bevind dat as al die oorsake in hulle onderlinge wisselwerking in berekening gebring word, daar ’n besondere gunstige infrastruktuur vir saamwoon geskep is en mense ook sterk beïnvloed word om wel saam te woon.

In hoofstuk 4 is die praktyk van saamwoon beoordeel aan die hand van agt van die nege sosiaal-etiese norme wat deur Heyns in die lig van die Skrif geformuleer is en deur Steensma as normatiewe gesigspunte aangewend is. Daar is bevind dat saamwoon in stryd is met al agt sosiaal-etiese norme. Ook is bevind dat saamwoon dikwels nie op ’n huwelik uitloop nie, en indien dit wel op ’n huwelik uitloop, is dit geen waarborg dat die huwelik gelukkig sal wees en nie in ’n egskeidinghof sal beland nie.

5.3 GEVOLGTREKKING

Die gevolgtrekking wat uit die navorsing voortvloei, is dat saamwoon in stryd is met die wil van God en geen waarborg bied vir ’n gelukkige toekomstige huwelik nie. Daarmee is die sentrale teoretiese argument ook bevestig.

5.4 RIGLYNE VIR DIE PRAKTYK

5.4.1 Inleidend

Hoewel saamwoon voor die huwelik afgewys moet word soos reeds aangedui (5.3), staan ’n mens voor die voldonge feit dat saamwoon tans openlik of nie-openlik in baie gemeentes in gereformeerde kerke aangetref word. En dit beteken dat kerke in ’n sekere sin gedwing word om daaraan aandag te gee. Met die oog daarop word hier enkele pastorale riglyne aangedui.

5.4.2 Tree op met die regte gesindheid

Waar twee persone saamwoon wat lidmate van kerke is, moet ’n mens aanvaar dat dit nie gebeur het sonder dat daar, indien nie by al twee nie, dan by minstens een van hulle, ernstige oorweging daaraan geskenk is of hulle moet saamwoon of nie. As lidmate van kerke sal hulle bewus wees daarvan dat hulle optrede in stryd is met Skrif en belydenis. Dit kan selfs wees dat minstens een van die twee ’n mate van gewetenswroeging in die saamwoonverhouding ervaar. Om in so ’n situasie hard en ongenaakbaar op te tree, openbaar baie min van die egte Christelike liefde.

As Paulus praat van ’n persoon wat ongehoorsaam is, sê hy : “Moet hom egter nie soos ’n vyand behandel nie, maar wys hom tereg soos ’n broer” (2 Tes. 3:15 – 1983-vertaling).

Hierdie gesindheid moet ook geopenbaar word teenoor ’n paar wat saamwoon. Met deernis en liefde moet vasgestel word wat die werklike rede is waarom hulle saamwoon en wat gedoen kan word om die probleme te oorkom.

So ’n optrede beteken geensins dat die duidelike prinsipiële standpunt oor saamwoon, soos reeds aangedui, enigsins afgewater word nie, maar dat die betrokkenes juis in liefde gehelp moet word om te kom tot ’n lewe in gehoorsaamheid aan die gebooie van God – ook op seksuele gebied.

5.4.3 By ’n botsing van pligte

Wat ’n botsing van pligte ten opsigte van saamwoon behels, is reeds aangedui (vgl. 3.3.7). Indien daar werklik van ’n botsing van pligte sprake is, sal die twee betrokke persone met ’n skoon gewete en in alle eerlikheid voor God moet kan sê: God weet ons kan/kon nie anders nie (vgl. De Bruyn, 2002:10). In so ’n geval behoort die kerk hulle by te staan en te help om bestaande probleme so goed as moontlik en so gou as moontlik te oorkom. Veral in so ’n situasie moet die pastorale optrede van die kant van die kerk getuig van insig , fyngevoeligheid,

deernis en begrip en ’n bereidwilligheid om daadwerklik te help. Maar dan sal dit steeds onder die aandag van die man en vrou gebring moet word dat die lewe in ’n saamwoonverhouding nie volgens die wil van God is nie en dat hulle daarom alles in hulle vermoë moet doen om te kom tot ’n lewe volgens die wil en gebooie van God (vgl. Douma, 1990:126-135).

5.4.4 Bespreek die sosiaal-etiese norme

Dit is moontlik dat ’n man en ’n vrou saamwoon omdat hulle nie genoegsaam besef dat hulle optrede in stryd is met die wil van God nie. Uit pastorale ervaring het dit duidelik geword dat pare wat saamwoon en wat lidmate van ’n kerk is, heel gou sal sê dat hulle weet dat die “kerk” teen saamwoon gekant is. Dit gebeur egter baie minder dat hulle die lyn van die kerk na God deurtrek om te besef dat hulle optrede strydig is met die wil van God.

In so ’n situasie kan dit van pas wees om hulle te oorreed om die agt sosiaal-etiese norme wat in hoofstuk 4 behandel is, met hulle te bespreek. Aangesien dit te veel is om al agt by een geleentheid met hulle te bespreek, kan by elke ontmoeting een of twee van die norme met hulle bespreek en behandel word. Indien nodig, kan ook kopieë van die uiteensettings gemaak word en aan hulle gegee word om te lees, met ’n bespreking wat dan daarop volg. Met die seën van die Here kan hulle op die wyse gebring word tot die besef dat hulle saamwoonverhouding nie volgens die wil van God is nie.

5.4.5 Lei hulle op die pad van versoening

5.4.5.1 Inleidend

Aan die begin van hoofstuk 4 is verduidelik dat versoening wat ook deur Heyns (1986:110-115) as ’n sosiaal-etiese norm aangedui word, in hierdie hoofstuk behandel sal word, nie as ’n sosiaal-etiese norm nie, maar as ’n proses

waarvolgens mense wat saamwoon pastoraal begelei word om te kom tot ’n lewe van versoening met God en versoening met mekaar (vgl. 4.1). Daarom sal hier eers aangedui word wat versoening volgens die Skrif behels en daarna hoe dit as proses aangewend kan word om pare wat saamwoon te begelei na ’n lewe van gehoorsaamheid aan God.

5.4.5.2 Versoening volgens die Skrif

Versoening het ‘n baie duidelike vertikale en horisontale dimensie. Die vertikale dimensie van die versoening word aangrypend weergegee in die woorde van Paulus: “Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie” (2 Kor. 5:19, 1983-vertaling; vgl. Heyns, 1986:110). Die verskillende komponente van versoening tussen God en mens soos Heyns (1986:110) dit bespreek, kan as volg saamgevat word:

As agtergrond: ‘n deur die sonde gebroke verhouding tussen God en die mens.

Die inisiatief: geneem deur God om die verhouding te herstel.

Die voltrekking daarvan: in en deur Jesus Christus.

Die trefwydte van hierdie versoening: die wêreld staan nou in ‘n versoende verhouding tot Hom.

Die konkrete inhoud daarvan: die oortredinge word die mens nie meer toegereken nie.

In aansluiting by die voorgaande beklemtoon Heyns (1986:110) dat die vertikale versoeningsgebeure horisontale implikasies vir die interpersoonlike verhouding tussen mense het. Hy (1986:110) stel dit so: “Wél begin die versoening by die kruis, maar gaan vandaar na die huwelik, die gesin en die arbeid, vandaar na die verhouding van rykes en armes, swartmense en witmense, oumense en jongmense – en op dié weg, ál dieper en wyer in die lewenswerklikheid in, is die mens die handelende subjek van versoening.” Van Wyk (1998:187) beaam dit

as hy sê dat God se versoeningsdaad as model vir intermenslike versoening moet dien (vgl. ook Steensma, 1995:294).

Hoe lyk hierdie versoening? Heyns (1986:111) skryf: "Wie deur God in Christus versoen is en só 'n status van versoening ontvang, is verplig tot 'n versoeningsgesindheid, versoeningsbereidheid en versoeningshandelinge (Spr. 25:1, Matt. 5:39,44 e.v., Luk. 6:27 e.v., Rom. 12:17, 1 Pet. 3:9). Meer nog: hy is ook verplig om die veelkantige rykdom van die versoening te ontdek en elkeen van hulle konkrete werklikheid te maak. Versoening is immers o.a. *verwydering* van wat skeiding maak, *herstel* van wat stukkend is, *verandering* van wat verkeerd is*, vrede* maak waar spanning heers, *brûe bou* waar klowe ontstaan, *vertroue wek* waar wantroue heers, *hoop gee* waar alles vasgeloop het, *te luister* waar niemand meer wil luister nie, *te praat* waar almal swyg, *respek te toon* waar alle gronde daarvoor reeds verdwyn het."

5.4.5.3 Versoening as proses toegepas op 'n saamwoonverhouding

5.4.5.3.1 Versoening en konflik

Soos uit die voorgaande afgelei kan word, veronderstel versoening altyd 'n konfliksituasie (Steensma, 1995:295). In 'n saamwoonverhouding is daar reeds 'n konfliksituasie en kragtens sy struktuur word daar ook vir verdere konfliksituasies ruimte geskep:

- Daar is konflik tussen die saamwoners en God omdat hulle nie in gehoorsaamheid aan sy Woord (vgl. hoofstuk 2) in 'n huwelik verbind is nie. (Die vertikale dimensie van versoening is ter sprake.)
- Daar is konflik tussen die kerk en die paartjie omdat die kerk in gehoorsaamheid aan God nie vrede mag maak met saamwoon as verhoudingsvorm nie (vgl. hoofstuk 4.2).

- Daar is konflik tussen gelowige ouers en die paartjie omdat die ouers in gehoorsaamheid aan God nie saamwoon as verhoudingsvorm mag aanvaar nie (Johnson, 1999:3).
- Daar kan konflik kom tussen die man en vrou wat saamwoon omdat die vorm van die verhouding besondere nadele vir die een of albei inhou, byvoorbeeld die gebrek aan sekuriteit (vgl. 4.5.2). In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat in 4.5.2 aangedui is dat daar vanweë die struktuur van ‘n saamwoonverhouding heel dikwels verborge of onderdrukte konflik bestaan. Indien dit nie aangespreek en uit die weg geruim word nie, kan dit tot ‘n uitbarsting van so ‘n omvang lei dat herstel van die verhouding menslik gesproke nie meer moontlik kan wees nie.
- Daar is konflik tussen die man en vrou wat saamwoon wat soms op fisiese aanranding uitloop. Johnson (1999:3) wat baie navorsing oor saamwoon gedoen het, sê in die verband: “So much goes on in cohabitating relationships. They have twice the rate of violence. There is twice the rate of physical abuse in cohabitating relationships than in marriage; and think about how high spousal abuse is in marriage… Most often the cause for abuse within cohabitation is jealousy and arguments over sex.”

‘n Mens sou dus kon sê dat versoening in ‘n saamwoonverhouding beteken dat daar eers versoening met God moet wees en daarna met mekaar.

Langs watter weg kan hierdie versoening gerealiseer word? Heyns (1986:111,112) onderskei die volgende fases wat belangrik is in die hantering van versoening:

- ‘n Gesprek.
- ‘n Skulderkenning.
- ‘n Genoegdoening.

- Glo in verandering.
- Lewe uit die nuwe situasie.

Steensma (1995:295,296) pas hierdie fases toe op die ouer-kind verhouding. Vir die doel van hierdie studie word die fases toegepas op ‘n saamwoonverhouding en wel op beide dimensies, naamlik die vertikale en die horisontale dimensie.

5.4.5.3.2 Die realisering van versoening

5.4.5.3.2.1 Gesprek

Die eerste fase om versoening te verkry is gesprek. In die gesprek moet die Christen die inisiatief neem (Heyns, 1986:111; Steensma, 1995:295). Indien die man of vrou wat saamwoon nie die inisiatief wil neem nie, sal dit kan beteken dat die Christenouers van die man en/of vrou die inisiatief moet neem, aangesien die feit dat hulle saamwoon ook ’n konflik met hulle Christenouers kan beteken. En as die ouers dit ook nie doen nie, sal die predikant of ouderling die inisiatief moet neem, want saamwoon beteken, soos aangedui, ook konflik met die kerk en, erger nog, konflik met God.

In hierdie gesprek moet daar ’n openheid en ’n daadwerklike omgee vir die ander wees, al sou dit aanvanklik ’n eenrigtingverkeer wees. Met hierdie openheid moet volgens Matteus 5:23 begin word by God omdat Hy die inisiatief geneem het om ons versoening tussen Hom en die mens te bewerk en die Christen moet hierdie inisiatief van God weerspieël (Steensma, 1995:289). God wil nie hê dat daar konflik moet wees tussen Hom en die mens nie en ook nie tussen mens en mens nie (Heyns, 1986:111; Steensma, 1995:295).

In hierdie gesprek moet die werklike probleem nie vermy of slegs gedeeltelik aangespreek word nie. Baie duidelik moet aangedui word dat ’n saamwoon-verhouding in konflik is met God se wil, in konflik is met die leer van die kerk, in

konflik is met die oortuiging van Christenouers en ook vir die betrokke man en vrou onderlinge konflik veroorsaak, al is dit in die verlede nie aan mekaar geopenbaar nie (vgl. 4.5.2). Die bespreking van die agt sosiaal-etiese norme soos in 5.4.4 aangedui, kan in hierdie verband van groot belang wees.

Alleen deur die werklike konflikte en hulle oorsake aan te spreek, sal dit duidelik word dat die doel nie is om ’n oppervlakkige versoening te bewerkstellig nie, maar ’n opregte versoening wat die “duur versoening” van God deur Christus vir die betrokkenes ’n werklikheid maak.

5.4.5.3.2.2 Skuldbelydenis

Die tweede fase van versoening is skuldbelydenis. Die persoonlike of gesamentlike skuld moet nie geïgnoreer, versluier of geminimaliseer word nie, maar by die naam genoem en openlik bely word. Waar dit nie gebeur nie, vind die versoening buite geregtigheid om plaas en dit is geen versoening nie. Wie nie kan bely nie, moet gehelp word om tot bevrydende skulderkentenis te kom. “Ek moet by die ander gaan staan om daar die onreg by myself te ontdek, nadat ons albei by God aan die kruis *ons* onreg leer ken het” (Heyns, 1986:112). Versoening beteken om die pyn van selfverloëning te dra (Steensma, 1995:295).

Vir persone in ’n saamwoonverhouding beteken dit dat hulle openlik sal moet erken dat hulle God se gebod oortree het deur aan seks buite die huwelik mee te doen en die Godgegewe struktuur van die huwelik geminag het. Hulle sal moet erken dat hulle in stryd met die leer van die kerk opgetree het. Hulle sal moet erken dat hulle vir hulle Christelike ouers ’n verleentheid geword het. Hulle sal moet erken dat hulle teenoor mekaar oortree het deur mekaar wedersyds toe te laat tot geslagsgemeenskap.

Die twee wat saamwoon, sal egter nie daar kan ophou nie. Hulle sal ook moet erken dat hulle konflikte teenoor mekaar ervaar het wat hulle nie aan mekaar geopenbaar het nie (4.5.2). Ook die konflikte en die optredes wat dit veroorsaak het, sal genoem, erken en bely moet word. Vanselfsprekend sal daar ook bely moet word as hulle mekaar fisies geweld aangedoen het.

In sekere gevalle sal hulle self verder moet gaan en erken dat die liefde wat hulle tot op daardie stadium vir mekaar gehad het net *eros* en gedeeltelike *filia* was, maar geen *agape* nie (vgl. 4.5.2). Dit kan baie ingrypend wees, maar as dit werklik die geval is, moet dit erken en bely word.

5.4.5.3.2.3 Genoegdoening

Genoegdoening is die volgende belangrike fase. Die oortreding wat begaan is, het nadelige gevolge gehad en die gevolge moet nou verwyder word. Skuldbelydenis sonder genoegdoening het weinig waarde en los in elk geval nie die probleem op nie (Heyns, 1986:112; Steensma, 1995:295, 296).

Ook genoegdoening het ’n vertikale en horisontale gerigtheid. Die persone wat in ’n saamwoonverhouding is, sal in alle opregtheid God om vergifnis moet vra dat hulle lewe in stryd is met sy gebooie. Verder sal hulle die kerk en hulle ouers en mekaar wedersyds om vergifnis moet vra. Maar dan kom die moeilikste: hulle sal ’n ingrypende verandering aan die struktuur van hulle verhouding moet aanbring. En hulle keuse kan slegs een van die volgende wees: as hulle slegs *eros* en gedeeltelike *filia* vir mekaar het maar geen *agape* nie, moet hulle óf *agape* biddend van die Here afsmeek en volhardend soek óf hulle verhouding so gou as moontlik verbreek. Indien hulle ook *agape* vir mekaar het, moet hulle so spoedig moontlik in die huwelik tree. Hulle moet egter daarteen waak om nie

hulleself en mekaar te bluf en voor te gee dat hulle *agape* vir mekaar het as dit nie werklik die geval is nie. Dit kan slegs die begin tot groter ellende wees.

5.4.5.3.2.4 Glo dat verandering kan plaasvind

Waar in opregtheid skuld bely en vergifnis geskenk is, moet die betrokkenes ook glo dat feitelike verandering kan plaasvind – en wel op grond van die versoeningshandelinge van Jesus Christus. Dit is geen geloof in die krag van die mens nie, maar geloof in God wat mense verander. Daar is geloof nodig in die krag van die Heilige Gees wat ’n verkeerde struktuur waarin twee mense gelewe het, kan vernuwe om ’n struktuur te word waarin volgens die wil van God gelewe word. Op die wyse ken die betrokkenes wedersyds aan mekaar die verantwoordelikheid toe om as nuwe mense te lewe (Heyns, 1986:112; Steensma, 1995:296).

Toegepas op ’n saamwoonverhouding beteken dit dat die twee moet glo dat God hulle sonde vergewe het, dat Hy in antwoord op hulle gebed ook aan hulle wedersydse *agape* sal gee en sy seën op hulle huweliksluiting en huwelikslewe daarna sal laat rus. Dit is immers die struktuur waarin God wil hê dat hulle moet wees.

5.4.5.3.2.5 Lewe in die nuwe situasie

Nie slegs die versoening nie maar die Versoener self laat die mens opstaan uit die sonde, hef sy lewe op van een vlak na ’n ander en skakel hom oor op ’n ander lewenstrajek. Om uit die versoening te lewe beteken om te lewe uit die vernuwing wat Christus gebring het (Heyns, 1986:112; Steensma, 1995:296). Konkreet beteken dit vir mense wat voorheen saamgewoon het, dat hulle voortaan binne die wettige huwelik as man en vrou op so ’n wyse moet lewe dat hulle huwelik ’n afbeelding is van die verhouding tussen Christus en sy kerk.

Maar dan sal hulle ook moet besef dat hulle hard sal moet werk om as man en vrou wat tegelyk wedergebore kinders van die Here is aan mekaar vreugde te skenk en van mekaar vreugde te ontvang.

Die gevaar is dikwels in die praktyk dat saamwoners nie die behoefte het aan versoening nie omdat hulle nie glo dat dit nodig is nie. Heyns (1986:113) skryf dat daar van versoening (in die algemeen bedoel – JGN) gewoonlik min tereg kom omdat die noodsaaklikheid daarvan nie ingesien word nie en die wil daarvoor ontbreek. Die peil van geestelike lewe is so laag, en die krag van die geestelike lewe so weinig dat die versoeningsweg eenvoudig nie bewandel kan word nie. Dat dit ook betrekking op saamwoners het, is duidelik te sien in hoofstuk 3 wat handel oor die oorsake van saamwoon. Daarom het die ouers, die kerk en die gelowiges self ‘n geweldige verantwoordelikheid om saamwoners te wys op die noodsaaklikheid van hierdie versoening, aangesien saamwoon nie teologies-eties aanvaarbaar is nie (sien 4.2.2).

Wie vervul is met die g(G)ees van versoening sal nie met ‘n saamwoon-verhouding kan voortgaan nie, maar sal versoening met God en met die betrokkenes soek (vgl. Heyns, 1986:114). Heyns (1986:113) skryf: Versoening deurbreek die ewige sirkel van: oortreding-reaksie-vernietiging, want dit bring geloof aan die werklikheid van verandering, omvorming, transformasie.

5.4.5.4 Samevattend

Versoening is ‘n belangrike proses in die lewe van die mens. Met betrekking tot ‘n saamwoonverhouding moet versoening op twee vlakke plaasvind:

- daar moet versoening wees tussen God en die saamwoonpaartjie, aangesien saamwoon as verhoudingsvorm in stryd is met God se wil;
- daar moet versoening wees tussen man en vrou wat saamwoon en al die betrokke partye, onder andere die kerk, ouers en moontlike kinders en

hulle moet óf hulle verhouding breek óf so spoedig moontlik kom tot die sluiting van ‘n huwelik.

Hierdie versoening is nie ‘n keuse nie, maar ‘n moet vir hulle wat erns maak met die gehoorsaamheid voor God en die liefde van God vir die mens, vir hulle wat eerbied vir God het en in geregtigheid voor Hom wil lewe.

5.4.6 Hulp aan ouer persone/pensioenarisse

Die aandag is reeds daarop gevestig dat ouer persone en spesifiek pensioenarisse ’n baie gevalle benadeel word as hulle in die huwelik sou tree omdat die vrou dan haar pensioen verbeur of dit word drasties verminder. Die gevolg is dikwels dat die man en vrou se gesamentlike inkomste na ’n huwelik nie voldoende is om in hulle behoeftes te voorsien nie (vgl. 3.3.6).

Die vraag is al gestel of hulle in so ‘n geval nie kerklik bevestig kan word nie, sonder om dit by die owerheid as huwelik te registreer. Volgens Robinson (2004:6), ‘n professor in Regte, kan dit wel gedoen word. Hy (2004:8) verklaar: “Sou persone dus volgens die voorskrifte van ‘n bepaalde godsdienstige groepering in die huwelik tree sonder om aan die statutêr voorgeskrewe vereistes te voldoen, sal die huwelik regtens nietig wees, maar vir die doeleindes van die reg van die bepaalde groepering, sal dit geldig wees. Die gevolge wat deur die reg van die groepering voorgeskryf word, sal op die verhouding betrekking hê.”

In ‘n verdere navraag by Robinson het hy bevestig dat as ‘n huwelik kerklik bevestig word maar nie by die owerheid geregistreer word nie, geen enkele landswet oortree word nie. Die kerke staan dus vry om dit te doen.

Of dit die gewenste oplossing is, is ‘n ope vraag. Trouens, wat gaan gebeur as so ‘n huwelik op ‘n “egskeiding” uitloop? Hoe gaan die kerk toesien dat nie een van die partye benadeel word nie? Verder, as ouer persone kerklik in die huwelik bevestig kan word vanweë ‘n tekort aan fondse wat ‘n wettige huwelik sou meebring, kan jongmense daarop aandring dat hulle ook in so ‘n “kerklike huwelik” bevestig moet word omdat dit ook vir hulle finansieel voordelig kan wees as hulle net een woonplek het om te onderhou en nie twee nie. Dan is daar ook nog die vraag of die kerk nie oneties teenoor die betrokke pensioenfonds optree nie deur hom (geheel of gedeeltelik) pensioen te laat betaal wat volgens ooreenkoms in die geval van ‘n huwelik eintlik nie betaal moes word nie.

Dat Robinson ‘n oplossing bied vir die probleem wat gestel is, kan nie betwyfel word nie. Of dit altyd die gewenste oplossing sal wees, kan egter wel bevraagteken word.

Waarskynlik is ‘n beter oplossing dat kerke by die owerheid daarop aandring om te voorkom dat ‘n vrou haar pensioen geheel of gedeeltelik verloor as sy in die huwelik sou tree.

5.5 DIE ROL VAN DIE OWERHEID

Die Suid-Afrikaanse owerheid het aan die Regskommissie opdrag gegee om onder andere die praktyk van saamwoon te ondersoek en aanbevelings te maak met die oog op wetgewing daaroor (South African Law Reform Commission, 2003:iii-xiv, 3-6; vgl. ook Anon., 2004:12).

Nou moet dit duidelik gestel word dat wetgewing oor saamwoon nie noodwending ‘n goedkeuring daarvan beteken nie, net so min as wat wetgewing oor egskeiding ‘n goedkeuring daarvan beteken. Maar saamwoon is ‘n gegewe werklikheid waarin persone wat saamwoon of saamgewoon het, mekaar in verskeie gevalle in die verlede ernstig benadeel en selfs beseer het. Daar is

reeds verwys na die stelling van Johnson (1999:3): "There is twice the rate of physical abuse in cohabitating relationships than in marriage."

In die lig hiervan moet wetgewing oor saamwoon verwelkom word om so ver as moontlik te voorkom dat persone in 'n saamwoonverhouding mekaar benadeel, ongeag of die benadeling geestelik (emosioneel), fisies, of finansieel van aard is.

Die verslag van die Regskommissie sal egter deeglik bestudeer moet word om te voorkom dat dit uitloop op wetgewing wat nie vir die Christen aanvaarbaar is nie. Die proefskrif van Schwellnus (1994) kan in hierdie verband met groot vrug gebruik word.

5.6 VERDERE STUDIE OOR DIE ONDERWERP

- In hoofstuk 1 is aangedui dat die inheemse volke van Suidelike Afrika 'n eiesoortige probleem het met saamwoon voor die huwelik. Hierdie probleem hang saam met die lobola-stelsel en ander soortgelyke stelsels. Dit is 'n saak wat indrigend in die lig van die Skrif bestudeer moet word sodat riglyne vir die praktyk in die verband aangedui kan word.
- Sodra die verslag van die Regskommissie oor saamwoon en aanverwante sake gepubliseer word, sal daarvan 'n indrigende studie gemaak moet word om die implikasies daarvan en die wetgewing wat daaruit voortvloei, te bepaal. Daar sal veral vasgestel moet word hoe Christene en derhalwe ook die kerke daardeur geraak gaan word.[7]
- Die uitwerking wat die opbreek van 'n saamwoonverhouding op die betrokke partye het, behoort ook verder ondersoek te word.

[7] Volgens 'n koerantberig het die sekretaris van die Regskommissie gesê dat die verslag in die eerste kwartaal van 2005 gereed sal wees (De Bruin, 2004:4).

BRONNELYS

ADAMS, J.E. 1982. Marriage, divorce and remarriage in the Bible. Grand Rapids : Baker Book House.

ALBRIGHT, W.F. & MANN, C.S. 1971. Matthew: introduction, translation, and notes. The Anchor Bible. New York : Doubleday & Company.

ANON. 2004. Saambly-huwelike. *Beeld* (Hoofartikel), 27 Sept. p. 12.

BARNARD, R. 2000 Dis tyd dat Christene anders dink en praat oor seks. Wellington : Hugenote uitgewers (Lux Verbi).

BARRETT, C.K. 1991. A commentary on the epistle to the Romans. Black's New Testament Commentaries. London : A&C Black.

BARRETT, C.K. 1994. A commentary on the first epistle to the Corinthians. Black's New Testament Commentaries. London : A&C Black.

BARTON, D. 1988. America: to pray or not to pray; a statistical look at what has happened since 39 million students were ordered to stop praying in public schools. Aledo, Tex. : Wallbuilder Press.

BASSON, A.J. 1972. Jeug en seksualiteit: 'n besinning oor die taak van die kerk. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif – D.Th.)

BERKOUWER, G.C. 1961. Dogmatische studien: de wederkomst van Christus 1. Kampen : Kok.

BOTHA, E. 1974. Kleding en ontkleding: modesimptome van ’n revolusionêre kultuur. (*In* Smit, E.J., Taljaard, J.A.L., Van der Walt, P.D., Duvenage, S.C.W. *reds*. Reformasie en revolusie. Potchefstroom : PU vir CHO. p. 237-253.)

BOTHA, W.J., ELOFF, S.J., & MALAN, D.J. *reds*. 1983. Glo en bely: leerboek vir katkisante. Bloemfontein : N.G. Kerk-Jeugboekhandel.

BROTHERS, J. 1985. Live-in lovers: the case against cohabitation. *Fair Lady,* 20(7):92-94, 97-98, Apr. 17.

BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad : Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

BYBEL. 1983. Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CALVYN (CALVINI), J. (I.) 1964 [1547]. Ordonnances sur la police des eglises de la campagne. (*In* Opera quae supersunt omnia – vol. Xa. Brunsvigae (Braunsweig) : Schwetschke. p. 51-58.)

CALVYN (CALVIJN), J. 1972 [1556]. Uitlegging op den eersten en tweeden zendbrief van Paulus aan de Corinthiërs. Vertaal deur A.M. Donner. Kampen : De Groot – Goudriaan.

CALVYN, J. 1986 [1559]. Institusie van die Christelike godsdiens – 2. Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.

CILLIERS, P. 1997. ‘n Kas is vir klere. Kaapstad : Human & Rousseau.

COETZEE, J.C. 1941. Die seksuele opvoeding van die mens. (*In* Stoker, H.G. & Potgieter, F.J.M. *reds*. Koers in die Krisis – 3. Stellenbosch : Pro Ecclesia. p. 321-340.)

COETZEE, J.C. 1975. Die blye boodskap: ‘n gids deur die boeke van die Nuwe Testament. Deel 1 : die briewe van Paulus. Potchefstroom : Pro Rege.

COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In* Floor, L. & Coetzee, J.C. Die Skrif en wetenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. p. 15-32.)

COLE, J. 2003. How to stay together forever: how to make your relationship work and keep it working. London : Vermillion.

COX, H. 1971. De stad van de mens: het levenspatroon van de moderne wêreld in theologisch perspectief. Bilthoven : Ambo.

DE BRUIN, P. 2004. Verslag oor huwelike gou gereed. *Beeld*, 23 Des. p. 4.

DE BRUYN, P.J. 1982. Voorhuwelikse geslagsgemeenskap: ‘n teologies-etiese studie. Potchefstroom : PU vir CHO (Proefskrif – Th.D.).

DE BRUYN, P.J. 1998. Sekularisasie en die roeping van die kerk. Potchef-stroom : PU vir CHO.

DE BRUYN, P.J. 2000. Etiese perspektiewe. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies.

DE BRUYN, P.J. 2002. Die Tien Gebooie. Potchefstroom : PU vir CHO.

DE KLERK, P.B. 1997. Die huwelik as *mysterion*: die etiese implikasies van Efesiërs 5:21-33 en veral van vers 32. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – Th.M.)

DE KLERK, T.C. *red*. 1980. Mag jongmense saambly? *Die Brandende Doringbos,* 28(109):7. Aug. (Kwartaalblad van die Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika.)

DE KLERK, W. 1998. Die vreemde God en sy mense. Kaapstad : Human & Rosseau.

DE KOKER, A.. 1996. Silke tax yearbook 1995-1996. Johannesburg : Butterworths.

DE KOKER, J.Y. 2001. Proving the existence of an African customary marriage. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg*, 2:257-275.

DE LIGNE, A. 1960? De tijd aller tijden. Franeker : Wever.

DELLEMAN, Th. 1968. Liefde en lof: over het geslachtelyk leven voor jonge mensen. Aalten : De Graafschap.

DE OLIVEIRA, M.A. Divorce and reconciliation : an ethical-pastoral study. Potchefstroom : PU vir CHO. (Thesis – Ph.D.)

DLAMINI, C.R.M. 1989. The new marriage legislation affecting blacks in South Africa. *Tydskrif vir Suid-Afrikaanse reg*, 3:408-419.

DOUMA, J. 1973. Homofilie. Amsterdam : Ton Bolland.

DOUMA, J. 1990. Verantwoord handelen : inleiding in die christelijke ethiek. Kampen : Van den Berg.

DOUMA, J. 1993. Seksualiteit en huwelijk. Kampen : Van den Berg.

DREYER, Y. 2000. Seks-verleentheid: herwaardeer Bybelse getuienis. *Beeld:*6, Apr. 3.

DREYER, Y. 2004. Homoseksualiteit en die evangelie. *Die Hervormer*, 97(12):3, Sept. 15.

DROGENDIJK, A.C. 1964. Man en vrouw vóór en in het huwelijk: een boek over het sexuele leven voor verloofden en gehuwden. Kampen : Kok.

DU TOIT, B. 2000. God? Geloof in ‘n postmoderne tyd. Bloemfontein : CLF-Uitgewers.

DU TOIT, C.W. 1996. Kerk, kuisheid en postmodernisme: nadenke oor ‘n nuwe seksuele etos met verwysing na Matteus 5:27-30. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 11(2):69-79.

DU TOIT, D. 1983. Verkeerde huweliksmotiewe? (*In* Van der Walt, B.J. *red*. Venster op die huwelik: openhartige vrae oor seksualiteit en die liefde. Potchefstroom : PU vir CHO. Departement Sentrale Publikasies. Reeks F3. nr. 16. p. 41-47.)

DU TOIT, D.A. 1980. Die egskeidingsvraagstuk. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Studiestuk 149. Mei.)

DU TOIT, D.A. & LOUW, D.J. 1980. Saamwoon. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers.

ENGELSMA, D. 1977. Marriage: the mystery of Christ and the church. Grand Rapids : Reformed Tree Publishing Association.

FLOOR, L. 1992. Jakobus : brief van een broeder. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen : Kok.

FORMULIER VIR DIE HUWELIKSBEVESTIGING
kyk
GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA.

FOULKES, F. 1978. The epistle of Paul to the Ephesians. The Tyndale New Testament commentaries. Leicester : Inter-Varsity Press.

FOUREZ, G. 1984. Die sexuelle Revolution: ein Kultuurgeschichlicher Überblick. *Concilium: internationale Zeitschrif für Theologie*, 20(3):182-188.

GARLAND, D.E. 1999. 2 Corinthians. The new American commentary. Nashville (Tenn.) : Broadman & Holman.

GARLINGTON, D.B. 1995. Rigteousness. (*In* Atikonson, D.J.; Field, D.H. New dictionary of Christian ethics and pastoral theology. Leicester : Inter-Varsity Press. p. 743-745.)

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1999. Formulier vir die huweliksbevestiging. (*In* Die berymde Psalms en Skrifberymings. Potchefstroom : GKSA (Adm. Buro.) p. 671-675.)

GISPEN, W.H. 1974. Genesis. Commentaar op het Oude Testament. Kampen : Kok.

GOSLIN, L. 1994. Die seksuele gedrag, kennis en houdings van die student in laat-adolessensie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhanderling – M.A.)

GOUDZWAARD, B. 1998. Hoe om sin te maak van die Postmodernisme. (*In* Goudzwaard, B., Geertsema, H.G., Heyns, M.F. Wat beteken Postmodernisme? Potchefstroom : PU vir CHO. IRS-studiestuk no. 369.)

GRENZ, S. 1990. Sexual ethics: a Biblical perspective. Dallas/London : Word Publishing.

GROBLER, J. 1983. Hoe belangrik is seks in die huwelik? (*In* Van der Walt, B.J. *red*. Venster op die huwelik: openhartige vrae oor seksualiteit en die liefde. Potchefstroom : PU vir CHO. Departement Sentrale Publikasies. Reeks F3. nr. 16. p. 114-116.)

GROSHEIDE, F.W. 1954. Paulus'eerste brief aan die kerk te Korinthe. Korte verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1957. De eerste brief aan de kerk te Korinthe. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen : Kok.

HAMILTON, V.P. 1991. The book of Genesis Chapters 1-17. New international commentary on the Old Testament. Grand Rapids : Eerdmans.

HAT
kyk
ODENDAL, F.F., *red*.

HENDRIKS, H.J. en LUDICK, C.B. 1993. Koinonia in die stad: verhoudinge in die groter stadsgemeentes van die Gereformeerde kerke. *Hervormde Teologiese Studies,* 49 (4) : 810 – 822, Nov.

HENDRICK, S.S. & HENDRICK, C. 1992. Liking, loving, and relating. Pacific Grove : Brooks/Cole Publishing Co.

HENDRIKSEN, W. 1976. Ephesians. New Testament Commentary. Edinburgh : Banner of Truth Trust.

HEYNS, J.A. 1976. Die nuwe mens onderweg: oor die Tien Gebooie. Kaapstad : Tafelberg.

HEYNS, J.A. 1981. Etiek en die liefde. Pretoria : Daan Retief.

HEYNS, J.A. 1986. Teologiese Etiek. 2/1. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

HICKS, P.A. 1995. Individualism. (*In* Atkinson, D.J. & Field, D.H. *reds*. New dictionary of Christian ethics and pastoral theology. Leicester : Inter-Varsity Press. p. 481.)

HOLTZHAUSEN, R. & STANDER, H. 1996. God gee seks om te geniet. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

HUSEMEYER, L. 1991. Living together: your emotions, your finances and the law. Pretoria : Sigma.

JACKSON, N. 2003. Worsteling oor seksuele etiek: riglyne opgestel vir keuses in moderne konteks. *Beeld*:13, Okt. 9.

JANKOWITZ, J. 1970. A virgin's dilemma. *Personality:*62, 63, 65, 67, 69, 70, Aug. 13.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2000. The paradigm shift: an introduction to postmodern thought and its implications for theology. Pretoria : Van Schaik.

JEFFREY, K. 1999. Helping women with post-abortion. *The Journal for Biblical Conselling*, 17(3):27-29.

JENKINS, G.J. 1995. Cohabitation. (*In* Atkinson, D.J. & Field, D.H. *eds*. New dictionary of Christian ethics and pastoral theology. Leicester : Inter-Varsity Press. p. 238-239.)

JOHNSON, R.H. 1999. Cohabitation (good for him, not for her.) [web:]*http://personalwebs.myriad.net/Roland/cohab1.htm.* [Date of access: 25 Apr. 2004].

JORDAAN, W. 1996. Postmodernisme en die huwelik. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 11(2):1-15.

JOUBERT, D. 1998. Onlogiese liefde : op pad met my *gay* kind. Pretoria : Van Schaik.

KAISER, W.C. 1983. Toward Old Testament ethics. Michigan : Zondervan.

KANSAS BISHOPS. 1998. Cohabitation before marriage. [web:]*http://www.catholicculuture.org/docs/doc view.cfm?recnum=397* [Date of access: 25 Apr. 2004].

KOOLE, J.L. 1983. De Tien Geboden. Baarn : Bosch & Keuning.

KOTZÉ, D.N. 1969. Die Christen en geboortereëling. *Die Kerkblad*, 72(2002):10-12, 4 Jun.

LABUSCHAGNE, J.M.T. 1991a. Erkenning van die inheemse huwelik. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse reg*. 54(5):843-846, Nov.

LABUSCHAGNE, J.M.T. 1991b. Regsakkulturasie, lobolo-funksies en die oorsprong van die huwelik. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse reg*, 54(4):541-553, Aug.

LEKALAKALA, M.J. 1999. A theological ethical evaluation of littering. Potchefstroom : PU vir CHO. (Dissertation – M.A.)

LEWIS, J. The end of marriage? Individualism and intimate relations. USA : Edward Elgar.

LINDE, H.J. 1972. Die parthenos-vraagstuk in 1 Korintiërs 7 met besondere verwysing na verse 36-38. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch (Skripsie – M.Th.)

LINDEBOOM, A.M. 1981. Moet dat zo doorgaan? Enkele kritische notities over het kerklijk leven in de Gereformeerde Kerken. Kampen : Kok.

LLOYD-JONES, D.M. 1975 Life in the Spirit in marriage, home and work: an exposition of Ephesians 5:18 to 6:9. Edinburgh : The Banner of Truth Trust.

LOUBSER, H. 1999. Nou's dit operasie red die huwelik. *Huisgenoot*:10, 11, 15., Nov. 4.

LOUGHLIN, G. 2004. Alien sex : the body and desire in cinema and theology. Challenges in contemporary theology. Oxford : Blackwell.

LOUW, C. 1984. Saambly: droom of sindroom, juffrou? Pretoria : Femina.

LOUW, D.J. 1983. Versoening in die huwelik. Durban : Butterworth.

LOUW, D.J. 1983b. Die volwasse huwelik. Durban : Butterworth.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains, Vol. 1. Cape Town : Bible Society of South Africa.

MAARTENS, M. 2000. Die grootste lewensverinneweerder: ongetroud saamwoon. *Vrouekeur:*14-15, Sept.

MACE, D.R. 1970. The Christian response to the sexual revolution. Nashville, NY. : Abingdon Press.

MAITHUFI, I.P. 1992. Do we have a new type of voidable marriage? *Tydskrif vir hedendaagse Romeinse-Hollandse reg*, 55(4):628-633, Nov.

MALAN, C. 1983. Hoe staan ek teenoor die sensasionele sieninge van seks en huwelik? (*In* Van der Walt, B.J. *red*. Venster op die huwelik: openhartige vrae oor seksualiteit en die liefde. Potchefstroom : PU vir CHO. Departement Sentrale Publikasies. Reeks F3. nr. 16. p. 9-13.)

MALINDI, A.Z.E. 1999. Customary marriages recognised by law. (Lobolo, bogadi, bohali, xuma, lumalo, thaka, ikhazi, magadi, emabheka etc.) *Nexus,* 17-18, Oct.

MARAIS, P.W. 1978. Die tien woorde van God. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

MARTIN, R.P. 1986. 2 Corinthians. Word Biblical Commentary. Waco (Texas) : Word Books.

MARTIN, W. 1981. Skei en bly saam .... oor taks. *Die Transvaler:*1, Sept. 1.

MATHEWS, K.A. 1996. Genesis 1-11:2b. The new American commentary Vol. 1 A. Nasshville, Tenn. : Broadman & Holman.

MUDDE, J. 1992. Kostbaar en kwetsbaar: omgang met verkering, seksualiteit en samenwonen in het licht van de Bijbel. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

NAUDé, P. 2001. Ja, vir Jesus, nee vir die kerk: kerklo(o)sheid aan die orde van die dag? (*In* BOTHA, J. *red*. Ja vir Jesus, nee vir die kerk: gesprekke oor kerklo(o)sheid. Pretoria : LAPA Uitgewers. p. 21-28.)

NG KERK. 2003. Gespreksdokument van SKLAS aan die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika in sitting te Goudini op 13 Oktober 2003 e.v.d. oor omvattende seksuele etiek en homoseksualiteitsondersoek. Belville : Sentrum vir Kommunikasie.

NORRIS, D.L. 1980. The influence of premarital relationships on marriage. Ongepubliseerde lesing gelewer by simposium oor *Saambly en seks* op 7 Junie 1980 te Unisa, Pretoria.

ODENDAL, F.F. *red*. 1992. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.

OLIVIER, I.J. & VAN DEVENTER, H.J.M. 2004. Kerklike bediening aan die postmoderne stadsmens. *In die Skriflig,* 38 (1) : 1-28, Mrt.

OLTHUIS, J.H. 1975. I pledge you my troth. San Francisco : Harper & Row.

OLTHUIS, J.H. 1995. Marriage (*In* Atkinson, D.J. & Field, D.H. New dictionary of Christian ethichs and pastoral theology. Leicester : Inter-varsity Press. p. 565-568.)

OOSTENBRINK, J. 1998. Saambly of nie? *Die Gereformeerde Vroueblad,* 52(9):5,13, Febr.

PELSER, W. 2003. Ma wou gesin al voorheen uitwis. *Rapport*:3, Jul. 6.

PRETORIUS, H.L. 1977. Swartman, seksualiteit en sending. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

RIDDERBOS, H.N. 1952. Het evangelie naar Mattheüs – 1; 2de druk. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok.

RIDDERBOS, H. 1959. Aan de Romeinen. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen : Kok.

RIDDERBOS, H. 1966. Paulus: ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.

RIDDERBOS, H.N. 1987. Het evangelie naar Johannes – deel 1. Kampen : Kok.

RINZEMA, J. 1961. Huwelijk en echtscheiding in Bijbel en moderne samenleven. Aalten : De Graafschap.

ROBINSON, R. 2004. Same-sex marriage in South Africa : the road ahead. Ongepubliseerde artikel.

ROBINSON, R. 2004b. 'n Beknopte regshistoriese oorsig oor die vereistes vir die totstandkoming van die huwelik. Ongepubliseerde artikel.

SAMPLEY, J.P. 2000. 2 Corinthians. The new interpreter's Bible, p. 1-180. Nashville : Abingdon Press.

SAMPLEY, J.P. 2002. 1 Corinthians. The new interpreter's Bible, p. 771-1003. Nashville (Tenn.) : Abingdon Press.

SCHNEIDER, G. 1990. Dikaios. (*In* Balz, H. & Schneider, G. *eds.* Exegetical dictionary of the New Testament, Vol. 1 Grand Rapids : Eerdmans. p. 324-325.)

SCHRENK, G. 1964. Dikaios. (*In* Kittel, G. *red.* Theological dictionary of the New Testament – 2. Translated by G.W. Bromily. Grand Rapids : Eerdmans. p. 182 – 191.)

SCHWELLNUS, T. 1994. The legal implications of cohabitation in South Africa – a comparative approach. Leiden : Rijksuniversiteit. (Proefskrif – L.L.D.)

SENTRALE STATISTIEKDIENS VAN SUID-AFRIKA. 1996. Population cencus, 1991 and 1996. Pretoria : Staatsdrukkery. p. 52-59.

SINODALE JEUGKOMMISSIE van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Noord-Transvaal. 1980? Wat sê die Bybel omtrent seks voor die huwelik. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

SMEDES, L.B. 1976. Sex for Christians. Grand Rapids : Eerdmans.

SMIT, J. 1981. As twee wil saamwoon... Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers.

SMUTS, M. 1982. Kampusliefde. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

SOROKIN, P.A. 1956. The American sex revolution. Massachuestts : Porter Sargent.

SOUTH AFRICAN LAW REFORM COMMISSION. 2003. Domestic partnerships (Discussion paper 104, project 118). Pretoria/Kaapstad : Staatsdrukker.

SPRONK, B. 1988. Huwelijk en samenwonen - verschil in norm of verschil in vorm? Baarn : Ten Have.

STAFFORD, T. 1998. Why true loves waits. *Today*:36-38, 40, Aug.

STAUFFER, E. 1964. *Agapoa, agape, agapetos.* (*In* Kittel, G. *ed.* Theological dictionary of the New Testament –1. Translated by G.W. Bromiley. Grand Rapids : Eerdmans. p. 35 – 55.)

STEENSMA, D.J. 1995. Ouders en kinderen: een theologishc-ethische bezinning. Zoetermeer : Boekencentrum.

STEYN, D. 1988. Skewe verhoudings. (*In* Smit, C.J., *red*. Jy word voor die Koning geroep. Silverton : Promedia. p. 86-89.)

SUID-AFRIKA. 2004. Recognition of customary marriages act 120 of 1998. (*In* Dalton, R. & Dhansy, N. *eds*. Juta's statutes of South Africa 2003-2004, vol. 5. Lansdowne : Juta Law. P. 174-177.)

THIELICKE, H. 1964. The ethics of sex. London : James Clarke.

THRALL, M.E. 2000. The second epistle to the Corinthians. Vol. II. Critical and exegetical commentary. Edinburgh : T & T Clark.

TWEE DOMINEES. 1971. Ook wij zijn homofiel. Baarn : Bosch & Keuning.

VAN BRUGGEN, J. 1999. Matteüs: het evangelie voor Israel. Commentaar op het Niewe Testament. Kampen : Kok.

VAN DER BERG, C.F. 1982. Die pastorale verantwoordelikheid van die kerk ten opsigte van die hedendaagse probleem van "saamwoon" op studentekampusse in Suid-Afrika. Stellenbosch : US. (Verhandeling – M.Th.)

VAN DE VELDE, TH. H. 1964. Het volkomen huwelijk. Amsterdam : E.M. Querido's uitgeverij.

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. Beknopte Gereformeerde dogmatiek. Kampen : Kok.

VAN HARTINGSVELD, L. 1977. Het huwelik in het Nieuwe Testament. 's-Gravenhage : Boekencentrum.

VAN RENSBURG, F. 1983. Ongeluk of huwelik? (*In* Van der Walt, B.J. *red*. Venster op die huwelik: openhartige vrae oor seksualiteit en die liefde. Potchefstroom : PU vir CHO. Departement Sentrale Publikasies. Reeks F3. nr. 16. p. 126-127.)

VAN WYK, D.J.C. 2002. Huwelik en seksualiteit in ‘n postmoderne omgewing. *Hervormde Teologiese Studies*, 58(1):264-282.

VAN WYK, J.H. 1998. Etiek in eenvoud: Gesprekke oor morele vraagstukke. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN WYK, J.H. 2002. Venialis culpa? Augustinus oor huwelik en seksualiteit. *In die Skriflig*, 36(3):327-348, Sept.

VORSTER, J.D. 1952. Die huwelik. (*In*: Van der Walt, S.J., *red*. Die heilige huwelik. Kaapstad - Pretoria : H.A.U.M - J.H. de Bussy. p. 15-20.)

VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor gereformeerde kerkvernuwing in ‘n post-moderne konteks. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VORSTER, J.M. 1997. Teologies-etiese perspektiewe op die 1996-grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. *In die Skriflig,* 31 (1 + 2):79-91. Mrt./Jun.

VORSTER, J.M. 2001. ‘n Christelike teorie van menseregte. *In die Skriflig,* 35(1):1-23, Mrt.

VORSTER, L.P. 2001b. Indigenous knowledge and customary law in South Africa. *South African journal of ethnology*, 24(2):51-55.

WALLACE, R.C. & WALLACE, W.D. 1989. Sociology. 2nd ed. Massachusettes : Allyn & Bacon.

WENHAM, G.J. 1987. Genesis 1-15. Word Biblical commentary Vol. 1. Waco (Tex.) : Word Books.

WETTE
kyk
SUID-AFRIKA.

WILKINSON, B.H. 1995. A Biblical portrait of marriage. Atlanta : Walk thru the Bible Ministries, Inc.

WYNN, J.C. 1990. Marriage. (*In* Hunter, R.J. *ed*. : Dictionary of pastoral care and counseling. Nashville : Abingdon Press. p. 676-679.)